


Korzeak, 23

Vrye Weekblad

25 Januarie 1991

Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



Groepsgebiede: die einde...

KLA die polisiemanne aan wat deur kaptein Dirk Coetzee in die moordbende-sage geimpliseer is en stel 'n nuwe kommissie aan om die beweringsweereens te ondersoek. Die Harms-kommissie is totaal gediskrediteer en het "niks anders as gemors voortgebring nie".

Dit was die vernaamste reaksie vanuit koerantelede, regsgelerdes en menseregte-organisasies na verlede week se sensationale uitspraak toe regter Johan Kriegler bevind het dat polisie-moordbendes bestaan en dat genl Lothar Neethling, hoof van wetenskaplike en tegniese dienste van die SAP, gif verskaf het waarmee ANC-lede vermoor moes word.

Die regter is verder geloof vir sy uitspraak dat die media in sekere en spesiale gevalle 'n openbare verpligting het om sekere bewerings te publiseer, self al mag iemand in die proses belaster word. Dit is as 'n triomf vir persvryheid geloof.

Die kommissaris van polisie, genl Johan van der Merwe, sê die polisie het sy eie regsgverteenvoudigers aangestel om die uitspraak te bestudeer en hom te adviseer oor verdere optrede. Van der Merwe het belowe om binne die volgende paar weke op te tree.

Onder die opskrif "Murderous State", sê die Sunday Times, Suid-Afrika se grootste koerant: "So dis waar. Moordbendes bestaan wel. Die polisie gebruik gif. 'n Regter van die Hooggereghof het bevind dat generaal Lothar Neethling die Harms-kommissie, wie se werk nou in skerwe lê, mislei het.

"Die SAP, soos die SAW, het ontaard in 'n toevlugoord vir rampokkers. President De Klerk het geen keuse nie: hy moet weer begin, van voor af, om die waarheid uit te vind.

"Die Harms-kommissie, kunsmaat aan bande geleë weens die beperkinge wat op hom geplaas is, getuienis wat deur vooroordeel bederf is en 'n generaal wat hom mislei het, het nikanders nie as gemors voortgebring. Dit is totaal gediskrediteer," skryf die Sunday Times.

Selfs regeringsgesinde koerante soos Beeld, Citizen en Rapport het hulle bedenkings oor die Harms-kommissie uitgespreek en gevra dat die skuldiges aan die man gebring moet

Wye reaksie ná die uitspraak

Wye reaksie is vandeelsweek ontvang na die hofuitspraak verlede week waartydens regter Johan Kriegler bevind het dat polisie-moordbendes wel bestaan het en dat kapt Dirk Coetzee wel gif by genl Lothar Neethling ontvang het. JACQUES PAUW kyk na die belangrikste reaksie

word.

Rapport sê in 'n sterk-bewoerde hoofartikel dat dit nie sal help om die geraamtes van die PW Botha-bewind onder die tapty te probeer invee nie. Die geraamtes sal uitgehaal en aangespreek moet word.

"En sou genl Neethling dalk uit sy pos onthef word, gaan daar al hoe harder gewonder word hoekom ministers nie kollektief verantwoordelikheid behoort te aanvaar vir wat in hul departemente gebeur nie. Tans kom ministers met 'moord' weg."

Beide Citizen en Die Burger vra dat Coetzee moet terugkeer na Suid-Afrika sodat hy in 'n hof verantwoording vir sy dade kan doen. Citizen sê daar is 'n skadu oor Harms gewerps en die bewerings moet weer eens ondersoek word.

The Star sê dat hy geen twyfel het nie dat Kriegler 'n beter oordeel oor Coetzee geveld het as Harms. Maar dan het hy in elk geval nog nooit veel respekte vir dié kommissie se bevinings gehad nie.

"Die regter het ook die arrogansie van diegene in die mag oopgevlek met generaal Neethling se gretigheid om onder eed te lieg en geld uit 'n koerant te probeer wurg wat die waarheid oor hom geskryf het," sê die koerant.

The Sunday Star sê die uitspraak het die integriteit van die Suid-Afrikaanse pers weer

in ere herstel. Die Sowetan meen dat die polisie se nuwe veldtog om 'n sagter en meer aanvaarbare beeld te skep, op nikks gaan uitloop alvorens die moordbende-probleem opgelos is nie.

Business Day stem saam en sê dat Neethling vir eers geskors moet word en dat klagtes onmiddellik teen die generaale en die ander polisiemanne wat geimpliseer is, ondersoek moet word.

Alle koerante het die regter se uitspraak oor openbare verpligting geloof. Die Sowetan beskryf dit as "'n uitspraak vir die nuwe Suid-Afrika", terwyl Beeld meen dat dit tot gevolg kan hê dat openbare amptenare skerper onder die soeklig van die media kom.

Raymond Louw, voorsitter van die Media Defence Trust en redakteur van Southern Africa Report, sê 'n nuwe, vryer wêreld is deur regter Kriegler vir die media oopgemaak. Laster is nie meer die gevreesde buffer wat nog altyd tussen die media en die oopvlek van korupsie gestaan het nie, sê Louw.

"Regter Kriegler se uitspraak dat in die loop van 'n onthulling oor korupsie, die openbare belang groter is as dié van die individu, beteken datveral staatsamptenare dit moeilik gaan vind om agter die wet op laster te skuil."

Dr Frederik van Zyl Slabbert, mede-direkteur van Idasa en direkteur van Vrye

Weekblad, sê in sy kommentaar die uitspraak het bevestig wat hy en baie ander jare al weet: dat Suid-Afrika 'n "vrot binnekrieng" het en dat Neethling 'n slagoffer daarvan is.

Die leier van die Demokratiese Party, dr Zach de Beer, stem saam met Slabbert dat die uitspraak vertroue in die regsgesprosesse herstel. De Beer sê dit is insiggewend dat die hof in Vrye Weekblad, klein en ongewild in regeringskringe, se guns bevind het teen 'n vooraanstaande polisie-generaal.

Prof John Dugard van die Sentrum vir Toegaste Regstudies aan Wits, sê die geloofwaardigheid van die Harms-kommissie is ondermyn omdat hy nooit bereid was om polisie-korruptie volledig te ondersoek nie. Hy sê daar is 'n neiging onder regters om die woord van senior polisie-offisiere sonder meer te aanvaar.

Regslui vir Menseregte sê indien die Harms-kommissie ook buitelandse optredes ondersoek het, hy bevestiging vir van die polisieaksies sou kry. In stede daarvan, is die Harms-kommissie nou gediskrediteer.

Die menseregte-advokaat en self 'n slagoffer van 'n aanslag deur 'n moordbende, Dullah Omar, sê die uitspraak is 'n duidelike bewys van die verskil tussen die nutteloze en kunsmatige Harms-kommissie en 'n Hooggereghofsaak wat regverdig en volgens die reëls beslis is.

Harms self het gesê dat dit óvanpas en 'n verbreking van regsgesprosesse sal wees indien hy kommentaar op die uitspraak lewer. Hy meen egter dat die Neethling-uitspraak nie die bevindings van sy kommissie affekteer nie. Hy sê dit het al in die verlede gebeur dat regters verskil oor die geloofwaardigheid van getuies.

Neethling self het botweg geweier om enige kommentaar te lewer en gesê omdat hy voornemens is om te appelleer, die saak sub judice is.

FW se brief aan die Lubowski-familie

STAATSPRESIDENT FW DE KLERK sê in 'n brief aan die Lubowski-familie dat daar bykans geen getuienis bestaan dat Anton Lubowski deur lede van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) vermoor is nie. Die regering is dus nie van voorneme om enige ondersoekprosedure te begin nie.

De Klerk se brief, wat aan die einde van verlede jaar deur die familie ontvang is, kom in reaksie op 'n brief van die familie aan die minister van Justisie, Kobie Coetzee, om die moord op hul seun te ondersoek en op te los.

De Klerk se brief kom in 'n tyd wat al hoe meer getuienis oor die moord na vore kom en duidelik wys op die betrokkenheid van die BSB. Die Namibia-polisie hou steeds vol dat Staal Burger, bevelvoerder van die binnelandse streek van die BSB, en Chappie Maree, operateur van die BSB, by die moord betrokke was.

De Klerk sê in sy brief daar is geen uitlewingsooreenkoms tussen Suid-Afrika en Namibia nie. Ingevolge die Wet op Uitlewering moet 'n landdros 'n ondersoek gelas om vase stel of uitlewering geregtig is. Indien wel, moet die verdagte aangehou word totdat die minister van Justisie finaal daaroor besluit het.

"Die vraag is dus of die beskikbare getuienis prima facie bewys lewer dat die betrokke die misdaad gepleeg het of van sodanige aard is dat dit 'n redelike vooruitsig op 'n suksesvolle vervolging bied.

"Die owerheid in Namibia het gedurende Mei 1990 versoek dat twee persone uitgelewer word. Die getuienis wat die aansoek vergesel het, was sodanig gebrekbaar dat dit nie eens 'n doel sou dien om die ondersoekprosedure voor die landdros 'n aanvang te laat neem

nie," skryf De Klerk.

Die selfverklaarde professionele Ierse sluipmoordenaar, Donald Acheson, het vroeg vanjaar in onderhoude met verskeie koerante gesê dat hy deur die BSB na Namibia gestuur is om as "afleier" te dien sodat Lubowski vermoor kan word.

Acheson self was agt maande in aanhouding in Namibia waar hy aangekla is weens die moord op Lubowski. Uiteindelik was die Namibia-polisie verplig om hom vry te laat nadat Suid-Afrika geweier het om Burger en Maree saam met hom teregt te laat staan.

De Klerk se brief volg op sy besluit in Februarie verlede jaar om die verwysingsraamwerk van die Harms-kommissie te verbreed om ook ondersoek in te stel na die bewering dat Lubowski 'n betaalde agent van Militêre Inligting was.

De Klerk is kwaai gekritiseer vir sy besluit om ondersoek na die spionbewerings te laat instel, maar nie die kommissie opdrag te gee om ook vas te stel wie vir Lubowski se dood verantwoordelik was nie.

Toen De Klerk sy aankondiging oor die verbreding van die kommissie se raamwerk gedoen het, was Namibia nog nie onafhanklik nie en die Suid-Afrikaanse Appèlhof dus nog nie hoogste regsliggaam in dié streek.

De Klerk is daarvan beskuldig dat hy probeer het om sy minister van Verdediging, genl Magnus Malan, te beskerm nadat hy in die Parlement gesê het dat Lubowski 'n betaalde agent was en die BSB hom dus nie sou vermoor het nie.

Die Lubowski-familie, wat die afgelope agte maande vergeefs spook om die moordenaars aan die man te bring, het die regering van 'n toesmeer-veldtog beskuldig en gesê dat die Harms-kommissie "karakter-

moord" op Lubowski gepleeg het toe hulle agter geslotte deure en sonder kruisondervraging bevind het dat hy wel 'n agent was.

BSB-lede het voor die Harms-kommissie getuig dat daar 'n "Lubowski-project" was en dat daar elf dae voor sy dood 'n vergadering in 'n Johannesburgse hotel was waar die projek bespreek is.

Daar is ook getuienis dat kort voor sy dood, die BSB 'n veldtog in Namibia van stapel gestuur het om Swapo voor die verkiesing te ontwrig. 'n Swapo-leier moes voor die verkiesing sterf om tweespalt in die organisasie te veroorsaak.

Daar is aanvanklik besluit om Hidipo Hamutenya te vermoor, maar dié projek het skeefgeeloop en 'n nuwe slagoffer moes gesoek word. Twee dae nadat die eerste projek van die baan was, het die BSB begin om Lubowski te monitor.

Acheson self was in die tien dae voor Lubowski se dood drie keer in Windhoek. Hy het die laaste keer twee dae voor die moord in die Namibiaanse hoofstad aangekom. Burger self het kort voor Lubowski se dood onder die naam van "Gagiano" in Windhoek aangekom.

Lubowski is op 12 September doodgeskiet. 'n Rooi motor het van die toneel af weggejaag. 'n Dag voor die moord het Acheson 'n rooi motor gehuur. Toen die polisie op die moordtoneel aankom, was die straatligte afgeskakel.

Daar is verskeie ander, kleiner detail wat daarop dui dat dit heel waarskynlik 'n goed beplande moord was wat deur lede van die BSB gepleeg is.

Beide die Namibiaanse en Suid-Afrikaanse polisie het nog altyd volgehoo dat Burger en Maree vir die moord verantwoordelik is.

- JACQUES PAUW



Anton Lubowski

(Foto: AP)

GENERAL Lothar Neethling is nie die enigste polisieman wat die Harms-kommissie bedrieg en regter Louis Harms belieg het nie. Drie ander polisiemanne, insluitende 'n brigadier, het ook valse getuienis voor die regter afgelê.

Waar regter Johan Kriegler vir Neethling veroordeel en sterk aangespreek het oor sy leuenagtige getuienis, noem Harms in sy verslag dat die polisie hom mislei het, maar ignoreer dit en slaan geen ag daarop in sy bevinding nie.

Dit blyk ook nou dat een van die polisiemanne wat die Harms-kommissie in sy onderzoek na kapt Dirk Coetzee se bewerings moes bystaan, deur Kriegler by 'n moord op 'n ANC-lid betrek is. Die regter het gesê dat Coetzee die waarheid gespreek het toe hy vertel het hoe die betrokke polisieman, kol Doep du Plessis, die ANC-aktivis na Komatiopoort moes neem waar die moordbende hom vermoor en verbrand het.

Kriegler het in sy uitspraak verlede week gesê dat nadat hy uitgevind het dat Neethling, hoof van wetenskaplike en tegniese dienste van die polisie, nie net vir hom nie, maar ook vir Harms, mislei het, was dit "Ikabod" vir die generaal.

Harms het 'n heel ander houding teenoor die polisie se leusins ingeneem. Hy bevind dat die "polisie se algemene ontkenning" oor 'n inval in Botswana vals is, maar bevind nogtans dat dieselfde voorval waarskynlik geen gematigde polisieoperasie was nie.

Ondanks 'n duidelike sameswering deur die polisie om vir Harms te lieg, ignoreer hy dit totaal wanneer hy'n bevinding oor die geloofwaardigheid van die polisie-getuienis of Dirk Coetzee maak. In argumente voor Harms het menseregte-organisasies aangevoer dat dit bewys lever dat die polisie by 'n breër toesmeeraaksie betrokke is.

"Die Harms-verslag skram weg van die werklike strydpuante en toon 'n onwilligheid om 'n oordeel oor senior polisieman uit te spreek wat betrokke was by 'n sameswering om die aktiwiteit van die groep (moordbende) toe te smeer," het die Onafhanlike Raad van Onderzoek na Informele Onderdrukking (OROIO) gesê.

Die polisie se toesmeerdery voor die kommissie draai rondom 'n inval in Botswana in November 1981 waarby Coetzee, Almond Nofemela, Joe Mamasela en verskeie ander polisiemanne betrokke was. Coetzee het die voorval beskryf en gesê dat Mamasela hulle vergesel het tydens die abortiewe aanval waarin Joyce Dipale gewond is.

Coetzee het in sy getuienis vertel dat Mamasela een van die vier askari's was wat sowat 'n week vantevore betrokke was by die gruwelike moord op die Durbanse menseregte-prokureur, Griffiths Mxenge.

Drie polisiemanne het voor die kommissie getuig en ten sterkste ontken dat Mamasela by of die Botswana-inval of die Mxenge-moord betrokke kon wees omdat dit onmoontlik was dat Coetzee hom teen daardie tyd kon geken het.

Brig Willem Schoon, gewese bevelvoerder van die ANC/PAC-lessenaar van die veiligheidspolisie, kol Jan Coetzee, wat Dirk Coetzee as Vlakplaas-bevelvoerder opgevolg het, en Mamasela self, het onder eed getuig dat laasgenoemde eers in 1982 na Vlakplaas verplaas is en nie aan die operasies kon deelnem nie.

Jan Coetzee en Schoon het getuig dat Mamasela in 1981 'n "bron" van die veiligheidspolisie was, sy identiteit streng geheim gehou is en dat Dirk Coetzee nie van hom geweet het nie. Jan Coetzee het getuig dat

Só het die polisie vir Harms gelieg

hy Mamasela persoonlik in dié tyd ontken dat hy nie naby Vlakplaas gekom het nie.

Die drie polisiemanne se getuienis het daarop neergekom dat Coetzee oor beide die Botswana-inval en die Mxenge-moord lieg omdat Mamasela nie daarby betrokke kon wees nie.

Die OROIO het kort hierna amptelike doeane-dokumente uit Botswana by die kommissie ingedien wat bewys dat Dirk Coetzee, Nofemela en die einste Mamasela op 26 November 1981, die dag van die inval in Botswana, die grens na die land oorgesteek het.

'n Beeldige verklaring van Dipale, wat tydens die voorval deur Mamasela in die nek geskiet is, is by die kommissie ingedien. In die verklaring, wat kort na die voorval afgeneem is, herken sy een van haar aanvallers as Mamasela, wat voorheen 'n lid van die ANC in Botswana was.

Harms sê in sy verslag: "Die getuienis van Coetzee, Nofemela en Tshikalanga was dat Mamasela wel gedurende 1981 aan hulle bekend was en dat hy aan onreëlmagtigheid gedurende daardie tydperk deelgeneem het. Die polisiegetuijes het soos een man hierdie bewerings ontken.

"Daar kan dus met voldoende oortuiging gevind word dat Mamasela se ontkenning vals is, dat hy gedurende 1981 meer as een reisdokument gehad het en dat die polisie se algemene ontkenning vals is."

mene ontkenning dat hy aan Coetzee bekend kon wees, vals is.


"Op 26 November 1981 vind 'n aanval op Lilian Keagile se huis in Botswana plaas. Daar is skote geskiet en persone gewond. Dirk Coetzee, Nofemela en Mamasela was by hierdie aanval betrokke," bevind Harms, maar sê verder: "Soos ook pas aangedui, is daar geen getuienis dat die Botswana-inval 'n gematigde operasie was nie."

Die OROIO het in sy kommentaar gesê: "Indien dié inval, wat daarop gemik was om 'n huis aan te val en mense te dood, nie die daad van 'n moordbende was nie, dan verstaan ons nie wat dit was nie."

In sy beoordeling van Coetzee se karakter, sê Harms: "Dit blyk uit sy eie getuienis dat hy in die verlede dikwels meineed gepleeg het, hy bereid is om direk teenstrydig antwoorde te gee sonder om te blik of te blos, hy in die verlede dikwels getuienis gefabriek het en ook getuienis vernietig het, hy persone valslik by misdrywe geimpliseer het..."

Harms bevind, sonder enige sielkundige regstuienis, dat Coetzee psigopatiële neigingshet. Hy sê dat hy beweer dat hy berou oor sy dade het, maar toon geen tekens van berou nie.

Kol Doep du Plessis, wat die sitting van die Harms-kommissie in Londen as lid van die ondersoekspan bygewoon en ook sy opwagting by Neethling se lastersaak gemaak het,



Genl Lothar Neethling

was ook destyds betrek by die dood van Steve Biko.

Kriegler het bevind dat Coetzee se weergawe oor die verdwyning, moord en verbranding van die ANC-lid Gionisizwe Kondile in alle opsigte waar was.

Coetzee het getuig dat Kondile breinskade opgedoen het terwyl hy deur die veiligheidspolisie aangehou is. 'n Plan is geprakteer om hom los te laat, te ontvoer en te vermoor. Coetzee het die aktivis gesien terwyl hy in die enkelkwartiere by die

polisiekantoor te Jeffreysbaai aangehou is.

Kondile is deur twee senior veiligheidspoliemane, brig Nick van Rensburg en Du Plessis, wat die ondersoekbeampte was, na Komatiopoort geneem waar Coetzee hulle ontmoet het. Kondile is van Neethling se slaapdruppels toegedien voordat hy doodgeskiet en sy lyk verbrand is. Die groep het die hele nag om die vuur gesit en vleis gebrui.

- JACQUES PAUW

Dirk Coetzee terug na Suid-Afrika?

DIE ANC het dié week begin om 'n strategie rondom moordbendes uit te werk ten einde die regering te dwing om teen vermeende moordbende-lede in die weermag en polisie op te tree. Een van die moontlikhede wat tans ondersoek word, is om kapt Dirk Coetzee na Suid-Afrika terug te bring.

Coetzee self het vandeesweek gesê dat hy onder die beskerming en beheer van die ANC is, maar dat hy te enige tyd bereid is om terug te keer sou die organisasie hom vra om dit te doen. Hy is bereid om die owerhede in hulle ondersoek na moordbendes by te staan, as staatsgetuie op te tree en selfs vir sy misdade terug te staan.

Die ANC-en menseregte-organisasies glo dat die regering gaan probeer om die bestaan van moordbendes weer eens onder die taptyt te vee en gaan skuil agter die "sub judice"-beginsel wat mag volg op 'n appelaansoek deur genl Lothar Neethling, hoof van wetenskaplike en tegniese dienste van die polisie.

Daar word allerwee verwag dat Neethling toegelaat sal word om minstens appèl aan te teken teen die bevinding van regter Johan Kriegler dat, hoewel die Weekly Mail hom belaster het, hulle 'n openbare plig gehad om sekere bewerings rondom moordbendes te publiseer.

'n Lid van die Onafhanlike Raad van Onderzoek na Informele Onderdrukking (OROIO) en menseregte-prokureur van Johannesburg, Peter Harris, sê hoewel Neethling se voorgenome appèl wel die saak sub-judice mag maak, nikks die owerhede verhoed om met verdere ondersoeke teen die polisiemanne te begin wat deur Coetzee geimpliseer is, in hegenis te neem



Dirk Coetzee

en deur Kriegler bevestig is nie.

Daar bestaan genoeg prima facie-getuienis om met vervolgingsbeleid te begin. Onder hulle is Neethling en brigadiers Schoon, Van Rensburg en Van der Hoven.

Reggeleerdees wys daarop dat 'n senior regter van die Hoogereghof ontstellend dat "kriminele" steeds toegelaat word om in die polisie aan te bly asof nikks gebeur het nie. Die openbare vertroue in die polisie en die weermag is op 'n laagtepunt en die regering moet nou wys dat hy bereid is om teen misdadiers in eie geledere op te tree.

"Die Harms-kommissie lê aan skerwe, en die verslag is nie die papier wêreld waarop dit geskryf is nie. Enige verdere poging om die waarheid te verdoel kan net tot chaos lei," sê die ANC.

Die ANC se hoof van intelligensie, Jacob Zuma, is persoonlik betrokke by die beplanning rondom Coetzee. Die organisasie hoop om genoeg druk op die regering te plaas om sekere moordbende-lede aan te

kla. In daardie geval sal Coetzee as staatsgetuie na Suid-Afrika terugkeer.

Volgens gebruik in die Suid-Afrikaanse reg word staatsgetuie meestal vrywaring van vervolging gegee indien hulle getuienis bevredigend is. Die terdood-veroordeelde Almond Nofemela sal ook as staatsgetuie gebruik kan word.

Indien die regering nie bereid is om vervolgings in te stel nie, sal die ANC dit oorweeg om Coetzee in elk geval na Suid-Afrika terug te bring. Daar is tans 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming weens die moord op die Durbanse prokureur Griffiths Mxenge.

Indien Coetzee skielik na Suid-Afrika terugkeer, kan dit die regering in 'n gewilde dilemma plaas. 'n Persoon wat weens moord aangekla word, kan nie net op sy eie bekentenis skuldig bevind word nie. Die staat moet die misdaad bewys, en tot dusver het die staat aangevoer Coetzee lig.

Die staat kan onmoontlik Coetzee weens moord aankla en nie die ander polisiemane ook nie. Die ANC hoop dat die regering in so geval Coetzee as staatsgetuie sal gebruik en hy sodoende self veroordeling sal vryspring. Hy is in elk geval op die ANC se lys vir politieke vrywaring. Hulle hoop dat hy binnekort so 'n verskering van die regering kan kry.

Coetzee het vandeesweek uit sy woonstel in Londen gesê dat hy baie graag na Suid-Afrika wil terugkeer, maar bygevoeg dat hy darem nie lus is om tien jaar in die tronk te gaan sit nie omdat hy die moed en oortuiging gehad het om na vore te kom nie.

- JACQUES PAUW

DIE groot onderhandelingsknoop - 'n vyf maande lange dooiepunt tussen die ANC en die regering oor die toepassing en implementering van die Pretoria Minuut - is dié week finaal deurgehak.

Dit het plaasgevind tydens die byeenkoms Maandag in Pretoria van die spesiale gesamentlike werkskomitee wat ontmoet het om die diepgaande verskille en teenstrydige interpretations van die twee partye oor die omstrede artikel drie van die Minuut uit die weg te ruim.

Daarom is dit ook bekend as die "artikel drie-werkskomitee". Artikel drie handel oor "die opskorting van gewapende aksie en alle verwante sake" deur die ANC.

Die verstandhouding, begrip en basiese ooreenstemming wat eindelik aan die einde van 'n taai, kaalkop-gesprek bereik is, is beskryf as "n merkwaardige deurbraak vir die onderhandelingsproses", want daarvan is die struikelblokke tot "ware onderhandelinge" vir die opstel van 'n nuwe grondwet finaal uit die weg geruim.

Ook beteken dit dat die regering aan al die eise voldoen in die sogenaamde ultimatum van die ANC se Desember-kongres voor die sperdatum van 30 April.

Die sukses van Maandag se gesprek weer-spieël ook die ontspanne verhouding tussen die ANC en die regering, wat die afgelope weke heel sigbaar geword het.

Dit is die gevolg van verskeie indringende private gesprekke in Desember en Januarie tussen Staatspresident FW de Klerk en Nelson Mandela, bygestaan deur hul top-raad-gewers.

Daar is egter geen formele ooreenkoms onderteken nie. Gedaglig aan die diepe verskille oor die Pretoria Minuut - waarvan die bewoording eers in die vroeë oggendure na 16 uur van intense gesprekke gefinaliseer is - is besluit om die saak na 'n gesamentlike sub-komitee van vier, twee aan elke kant, terug te verwys.

Die komite moet dan die gees en inhoud van die gesprek Maandag in 'n formele ooreenkoms verwoord, wat dan aan die volle gesamentlike werkskomitee vir goedkeuring

Onderhandelingsknoop finaal deurgehak

op 5 Februarie voorgelê sal word.

Die sub-komitee sal bygestaan word deur regseleerde van beide kante.

Joe Modise, die bevelvoerder van Umkhonto we Sizwe, en Adriaan Vlok, die minister van Weten Orde, het die twee kante geleei. Aan die kant van die ANC was onder ander ook teenwoordig Thabo Mbeki, die hoof van buitelandse aangeleenthede, Jakob Zuma en Joe Nhlanla, beide van die veiligheids-inligtingsdiens.

Roelf Meyer, adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, Fanie van der Merwe, direkteur-generaal van die departement, en Spaarwater, die nommer twee van die nasionale intelligensiediens, en polisiegeneraal Beukes was onder diegene teenwoordig aan regeringskant.

In terme van die Pretoria Minuut wat in Augustus verlede jaar onderteken is, het die ANC in 'n geskiedkundige stap aangekondig dat hy die gewapende optrede en "aanverwante" sake opskort. Die regering het ondernem dat die tienduisende uitgewekenes kan terugkeer en dat politieke gevangenes vrygegaat sal word.

Die proses sou finaal teen 30 April vanjaar afgehandel wees, maar tot dusver het niks hiervan tereggekom nie.

Want die ANC hou vol dat artikel drie nie beteken dat daar toegestem is om werwing van MK-lede te staak en om wapens en ammunisie-opslagplekke te identifiseer en aan die owerheid te oorhandig nie. Dit beteken slegs geen verdere gewapende optrede en infiltrasie nie.

Die regering daarenteen verwerp dit kategorie as instryd met wat besluit en bespreek is. Ook word ernstig beswaar gemaak teen 'n

strategie van massa-aksie, want dit kan lei tot geweld. Daarom het die regering tot dusver die vrylating en terugkeer van gevangenes en uitgewekenes geweier.

In Maandag se gesprek is besef en ooreenkomen dat beide kante die ander se vrese moet besweer om vertroue in mekaar te verstrek.

Daarom is besluit dat die dooiepunt in verskillende fases ontlont sal word. Sommige van die sake waaraan ooreenkomen is, mag selfs nie eers in die nuwe ooreenkoms - wat op 5 Februarie onderteken sal word - in so 'n dokument ingesluit word nie.

In die eerste fase sal die regering toestem dat onmiddellik met die proses van vrylating van gevangenes en terugkeer van uitgewekenes begin kan word.

Dan verwag die ANC ook dat De Klerk tydens sy openingstoespraak of in die daaropvolgende debat sal aankondig dat die veiligheidswetgewing, onder bepaalde omstandighede, spoedig opgehef sal word.

Enersyds sal dit beteken dat die regering aan die laaste ANC-voorraarde vir "onderhandeling" voldoen. Andersyds ten nouste saam met die proses en die fase van die ooreenkoms waar die regeringskeptiese ANC-volgelinge van hul bedoeling moet oortuig.

ANC-leiers waarsku dat die regering delik sal glo dat die verwagte De Klerk-diginge oor die afskaffing van die groepsgebiedewette, dramatiese impak swart massas sal hê.

"Niks kan verder van die waarheid nie. Vanweë die geweldige armoede van swartmense, sal slegs 'n klein gedeelte van hulle in staat wees om ten duurste huise en plase in blanke gebiede te koop."

"Swartmense in die townshipservaar egter elke dag dat die polisie hulle links en regs summier in hegenis neem, die onderwys van hul kinders totaal minderwaardig is en hulle ernstige probleme met behuising en die verskaffing van water en elektrisiteit ondervind."

Daar is egter hoop by die ANC dat De Klerk in sy openingstoespraak sal aankondig dat verreikende en spesiale stappe gedoen sal word om onmiddellik aandag te gee aan swart onderwys; die stelsel van plaaslike owerhede wat alle fasete van die daaglikse lewe van swartmense ten nouste raak. Die krisisse moet saam met die ANC en ander groepe aangepak word.

Daar word geglo dat sodanige stappe 'n groot invloed op die gewone swartmense en ANC-ondersteuners - wat tans om vele redes die regering se onderhandelingstrategie wantrou - sal hê, en hulle van die De Klerk-regering se oregtheid oortuig.

Saam met dié politieke stappe is die derde fase waarop ooreenkomen sal word die vrylating en terugkeringsproses van politieke gevangenes en uitgewekenes. Sodra dié fase begin, val die disput oor werwing en ander sake hoofsaaklik weg. Die ANC sal in die nuwe ooreenkoms uitdruklik verklaar dat dié organisasie ondernem dat sodanige werwing nie nuwe infiltrasies of aanvalle behels nie.

Trouens, ANC-bronne beklemtoon dat die disput oor ANC-werwing, -opleiding en wapenopslagplekke in praktyk totaal sal wegval as die regering die politieke stappe in die tweede fase hierbo onmiddellik uitvoer.

"Daar word dan 'n totaal nuwe atmosfeer van wedersydse vertroue geskep. Sou dit gebeur, het die stadium aangebreek dat 'n formele skietstilstand onderteken kan word, voor die begin van die veelpartykongres teen April of Mei vanjaar, word gesê."

Ook is die ANC bereid om oor die sensitiwe saak van "massa-optredes" sekere ondernemings te gee dat dit slegs gedoen sal word na oorlegpleging met die owerhede en op 'n wyse wat geweld uitskakel - soos wat gebeur het met die ANC-optogte in Desember 1990.

- HENNIE SERFONTEIN

Nuwe ANC-strategie om sy beleid te bemark

DIE ANC-leierskap is tans besig met 'n doelgerigte interne aksie om aan sy lede en ondersteuners sekere van die sogenaamde "onpopulêre" aspekte van sy beleid en strategie te verduidelik en van die wenslikheid daarvan te oortuig.

Dit gaan veral om die kwessie van onderhandeling, die opskorting van die gewapende stryd en 'n heroorweging van die wyse van gebruik van "massa aksies" in die lig van nuwe politieke omstandighede.

Die nuwe initiatief volg op die driedaagse raadplegende kongres van die ANC in Desember verlede jaar. Daartydens het die leierskap, en veral die nasionale uitvoerende komitee (NEC), sterk deurgekoer. Hulle is veral daarvan beskuldig dat hulle te veel belangrike besluite neem sonder om die gewone lede te raadpleeg of in te lig.

Dié probleem is ook vererger deurdat die NEC feitlik uitsluitlik uitteruggekeerde of vrygelate leiers bestaan.

Dit het geneig om 'n wig tussen die leiers en die sogenaamde binnewlandse lede en ondersteuners te te dryf.

Maar die kongres was 'n suiweringsproses, wat ook meegehelp het om die verskillende groeperinge - waarvan die meeste mekaar vir die eerste keer van aangesig tot aangesig ontmoet het - in 'n hechter eenheid saam te voeg.

Die ANC-leiers het egter die lesse van die kongres ter harte geneem. Onder aansporing van Oliver Tambo en Nelson Mandela is daar besluit om op kragdaglike wyse die onderhandelingsproses te bemark, en om nie weg te skram van kritiese vrae

en die emosionele retoriiese slagspreuke van ondersteuners nie.

Reg aan die einde van die konferensie, in sy afsluitingsboodskap, het Mandela onomwonde die boodskap uitgespel: ons het geluister. Baie van die kritiek was geregtig. Andere was onregverdig en te wye aan onkunde.

Ook is die leierskap hoegenaamd nie van voornemens om te swig voor retoriiese opsweeping van sommige wat probeer om meer revolusionêr as die ander te wees nie. Mandela het ook beklemtoon dat die konferensie eenparig die voortsetting van die onderhandelingsproses ondersteun het.


Dit is duidelik dat Mandela en die ouer garde, bygestaan deur jonger bloed soos Thabo Mbeki, Jakob Zuma en Terror Lekota, vasbeslote is dat die ANC die pragmatis realistiese koers van die afgelope jaar sal bly handhaaf.

In die volgende weke en maande gaan talle byeenkomste van bestuur en gewone lede in al 14 die streke plaasvind om hulle in te lig, en om openlik hul vrese en wantroue jeans die onderhandelingsproses te bespreek.

Massa-byeenkomste waar militante uitsprake massa-psigologie maklik aanhists, word in die proses hoofsaaklik vermy, is ek meegedeel.

Aan die lede word verduidelik dat die onderhandelinge 'n absolute deurbraak is tot 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika, wat nou deur die regering aanvaar word.

Dit filuleit van wilde aansprake dat die gewapende stryd voortgesit moet word, word ontlont, en daar word aangetoon hoe dit in der waar-



Chris Hani... 'n Slagoffer van die nuwe onderhandelingspolitiek?

heid misluk het om die regering se mag te verbreek.

Daar word in ANC-kringe daarop gewys dat sedert die kongres, die wilde aansprake en retoriek heelwat verminder het.

Dit word ook as insigwend beskou dat Chris Hani, Hoof van MK, op die agtergrond was en dat

hy belangrike ANC-vergaderings, soos die onlangse NEC-vergadering, nie bygewoon het nie. Ook was hy afwesig van die belangrike ontmoetings met die regering.

Daar word geglo dat Hani en andere tot die besef gekom het dat hulle, ondanks hul bravade en militante uitlatings, nie in staat is om te

presteer nie.

Hulle is slagoffers van die nuwe onderhandelingspolitiek - soos soveel ander oor die hele politieke spektrum heen - en vind dit moeilik om by die veranderde situasie aan te pas.

'n Ander aspek waaraan die leierskap dringende aandag skenk, is die samestelling van die belangrike besluitnemende kongres wat in Julie vanjaar gehou sal word.

Daar is groot kommer op beide die Desember-konferensie en op takkenstreeksbasis uitgespreek dat die jeug 'n belangrike rol speel, tot uitsluiting van middeljarige en ouer mense.

Die gemiddelde ouderdom van die Desember-konferensie-gangers was nie ouer as 30 jaar nie. Dan is die besture van talle takke in Soweto en aan die Witwatersrand en elders in die hande van jeugdig nie ouer as 18 of 19 nie.

Die vrees is dat dit ouer mense afskrik om aktief betrokke te raak. Daarby is daar probleme met ongedisciplineerde optredes op sekere plekke deur jonger ANC-ondersteuners wat dikwels ouer ondersteuners teen hulle wil probeer dwing om aan protes- en wegblly-aksies deel te neem.

Die leierskap is blybaar vasbeslote om lede onder 30 aan te sê om by die ANC-Jeugliga aan te sluit. Daaroor word die bydrae van die jeug tot die nasionale kongres tot 'n relatiewe klein getal beperk.

Dit voorkom ook dat die kongres deur hulle retoriek en opsweepery, en die gebruik van slagspreuke, in die hande van eksemptiere wat die onderhandelinge wil verongeluk, val.

- HENNIE SERFONTEIN

SA wil 'n Hongkong van Walvisbaai maak

DIE lot van Walvisbaai, die Suid-Afrikaans-beheerde enklawe en hawe aan die Namibiese kus, gaan volgens betroubare inligting moontlik beklink word na hoëvlak-samesprekings vroeg aanstaande maand tussen die twee lande se regerings.

Volgens die bronne het onlangse verkenende samesprekings tussen amptenare oor die aangeleentheid 'n Suid-Afrikaans gekonstrueerde plan vir gesamentlike bestuur van Namibia se enigste poort na die see op die agenda geplaas, wat deur die Namibiese regering as 'n "te groot kompromis" beskou word.

Die aanduidings is dat Namibia moontlik teen sy sin in 'n ooreenkoms gemanuvreer kan word en die opsie oophou om die aangeleentheid na die Internasionale Geregtshof in Den Haag te neem.

Die enklawe, met meer as 20 000 inwoners, is kragtens Resolusie 432 van 1978 eenparig deur die VVO-Veiligheidsraad as integrale deel van Namibia verklaar, hoewel sy administrasie die vorige jaar van Suidwes-Afrika na die Kaapprovinsie oorgedra is. Suid-Afrika grond sy historiese aanspraak op die anneksasie van Walvisbaai deur Brittanje in 1878.

Namibia se grondwet stipuleer soewereiniteit oor Walvisbaai, maar Suid-Afrika hou steeds vol dat die enklawe aan hom behoort en het 'n



'n Suid-Afrikaans doeanebos buite Walvisbaai in Namibia

besonder omvangryke weermag-basis daar wat onlangs teen miljoene rand opgeknap is. Namibia maak egter toenemend van Walvisbaai gebruik vir die invoer van onder meer olie. Die land se multi-miljoen visbedryf is ook daar gebaseer.

'n Nuwe olie-eksplorasiemaatskappy, OPIC, het die afgelope maande verskeie buitelandse maatskappye na die kus gelok. Geoloë meen daar is heelwat ontginbare reserwes binne die 200 seemyl wat 'n jaar gelede deur Namibia geproklameer is. Dit bring ook die eiland aan die kus in die gedrang, waarop Namibia aanspraak maak, maar steeds deur Suid-Afrika beheer word.

Pik Botha, minister van Buitelandse Sake het by navraag aan Vrye Weekblad bevestig dat samesprekings oor onder meer Walvisbaai en die eiland binnekort plaasvind. Hy wou egter geen kommentaar lewer oor die bespiegelinge dat Suid-Afrika bereid sou wees om 'n ooreenkoms vir die gesamentlike bestuur te sluit nie. Volgens hom het hy en sy Namibiese amptgenoot, Theo Ben Gurirab, ooreenkoms nie oor die aangeleentheid te praat nie.

Botha het weereens bevestig dat daar in die stadium geen moontlikheid bestaan dat Suid-Afrika Walvisbaai aan Namibia gaan teruggee nie. Informele opnames onder die blanke

inwoners van die enklawe (minder as die helfte) wys glo dat hulle nie geneë is om onder Namibiese beheer te staan nie.

Die ANC het onlangs nog herhaal dat dit sy standpunt is dat Walvisbaai deel van Namibia is en aan die land terugbepaal moet word. Nelson Mandela, vice-president van die ANC, bring self binne die volgende twee-weke besoek aan Namibia, hoewel dit nie bekend is wat die aard en omvang daarvan is nie.

Uit bronnes in Namibia word verneem dat die plan vir 'n "Gesamentlike Administrasie" nog in embrio-stadium is en dat Namibia nog nie ingelig is of dit van tussentydse of permanente aard sal wees nie. Namibia bevragekien egter glo die nut daarvan in die lig van 'n onvermydelike nuwe regering in Suid-Afrika.

Die aanduidings is dat die administrasie op 'n soort Hongkong-ooreenkoms gegronde sal wees. Voor en na Namibia se onafhanklikwording verlede jaar is bespiegel dat Suid-Afrika beoog om dit in 'n internasionale, ofte wel vrye hawe te omskep.

Namibiese amptenare meen egter 'n ooreenkoms oor gesamentlike bestuur sal talle struikelblokke inhoud. Kwessies soos watter burgerskap die inwoners kry, aan wie hulle belasting betaal, wie geregtig is op doeaneopbrengste en veral wat van die swaar Suid-

Afrikaanse militêre teenwoordigheid gaan word, is van die neteligste praktiese implikasies wat voorsien word.

Bewerings van destabilisasie vanuit Walvisbaai en wapenoslag-vondse in die omgewing kwel die owerhede ook. Nietemin word die Walvisbaai-kwessie as 'n dringend en uiters belangrike prioriteit deur die Namibiese regering beskou, veral in die lig van sy verzwakte ekonomiese situasie.

Politieke waarnemers in die land glo dat 'n ooreenkoms wat op minder as volle soewereiniteit neerkom, 'n groot vernedering vir die jong regering sal beteken.

'n Amptenaar van die Namibiese departement van finansies het verlede jaar aan Vrye Weekblad gesê indien Walvisbaai aan Namibia oorgedra word, verskeie Afrika-lande gretig sal wees om van dié seeroete eerder as Mosambiekse en Angolese hawens gebruik te maak, weens die kleiner veiligheidsrisiko. So 'n soort handelsroete kan Namibia biljoene rand aan buitelandse kapitaal in die sak bring.

Toenemende gebruik van die seeroete om die Kaap weens die Midde-Oosterse krisis sou verder tot die Namibiese staatskas kan bydra - indien die land beheer oor die hawe kan verkry.

- CHRISTELLE TERREBLANCHE

Regering pak nou swart armoede

DIE maatskaplik-ekonomiese ontwikkelinge en opheffing van die verarmde swart bevolking is tans die regering se hoogste politieke prioriteit.

Daarom gaan die regering in die volgende maande hom met alle mag toespits op die implementering van sy strategie om die krisisse in swart onderwys, swart behuisings en die haglike lewensomstandighede van veral die groeiende verstedelikte swart bevolking op te los.

Barend Du Plessis, die minister van Finansies het dié week in 'n onderhoud aan Vrye Weekblad gesê: "Die waarborg wat die mense in die townships het dat die regering dit erns met hierdie planne is, is sy absolute toegewydhed tot besteding aan maatskaplike sake oor 'n wye front."

Die dan ook uiters betekenisvol dat Jan Steyn van die ontwikkelingstrust gister aangekondig het dat R600 miljoen van die R2 biljoen-fonds wat verlede jaar deur die regering voorsien is, nou onmiddellik aangewend gaan word.

Hierdie geld sal in die eerste plek aangewend word om die ernstige probleme rondom die swart plakkergemeenskappe op talle plekke in die land uit die weg te ruim.

Du Plessis sê: "Hiermee sal dit vir die eerste maal moontlik wees dat die armste onder die armes in ons samelewings ook sal kan deel in grond eienaarskap."

Die minister beklemtoon dat met die 1990-begroting nagenoeg reeds 40 persent aan maatskaplike sake bestee is, en dat die regering dieselfde koers sal volg met die volgende begroting in Maart vanjaar.

"Ons reik 'n baie drastiese hand uit na

die onderontwikkelde toe, na dié wat swaarkry, veral diegene wat deel is van die massa-verstedelikingsproses.

"Daar is geen twyfel dat ons 'n onderneming gegee het rondom die hele kwessie van opheffing, en ons sal daarvan voortgaan," sê Du Plessis.

Dit is polities van groot belang dat die regering al sy aandag en bronre op die tydstip op die maatskaplik-ekonomiese probleme van die swart bevolking gaan toespits.

In 'n berig op die bladsy hiernaas word vermeld dat die ANC dit as noodsaklik beskou dat die regering, as hy 'n nuwe gees van vertroue onder swartmense wil skep, hy so gou doenlik na die opening van die Parlement aandag aan hierdie sake sal moet gee.

In 'n analise van die doelwitte van die regering se ekonomiese beleid, sê Du Plessis dat die eerste eis is om te voldoen aan die basiese behoeftes vir fundamentele dienste van veral die verstedelikte bevolking.

Dit behels sake soos behuisings - hy sê die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds praat meer beskeie van "skuling" - skoon water, riolering en krag sodat televisie vir kommunikasie en lig vir studie gebruik kan word.

Tweedens sê hy, moet daar groei wees. Maar hy waarsku: "Die verspreiding daarvan moet nie skeef verdeel wees en slegs 'n klein groepie begunstig nie. Dit moet maksimaal versprei word onder soveel mense as moontlik."

Daarom beklemtoon hy die belangrikheid van beleggingsvertroue in die ekonomie.

Du Plessis sê: "Grondiggend tot die hele

proses van groei en ontwikkeling moet daar 'n massiewe maatskaplike belegging in die infrastruktuur en in die menslike hulpbronnes wees. Die doel moet wees dat 'n mens die geleenthede skep vir mense om hulself as 't ware op te hef."

"Maar dan moet daar afstand gedoen word van die tipiese Afrika werks-etiiek. Ook moet 'n mens meld dat die tipiese vakbondoptredes van die afgelope jare ook as 'n negatiewe faktor beskou moet word."

Op 'n vraag hoe die regering die begroting aanwend om strukturele ongelykhede uit die weg te ruim, sê die minister dat die regering reeds verlede jaar besondere stappe in dié verband gedoen het. Die filosofie van die huidige fiskale beleid van die regering staan op twee bene:

Eerstens moet beleggers en entrepreneurs wat werk en ander geleenthede verskaf, die versekerings kry dat hulle winste op hul beleggings sal kan kry. Daarom moet die belastingslas op 'n sinvolle manier versprei word. Dit is dus belangrik dat staatsuitgawes behoorlik in toom gehou moet word.

"Maar die tweede been van die benadering is dat nieteenstaande bogenaamde beperkings ons 'n groot verskuiwing moet bewerkstellig in die begroting na maatskaplike besteding toe. Ons het dit verlede jaar reeds opgestoot nagenoeg 40 persent van die staatsuitgawes."

Du Plessis sê dit is benewens die R2 biljoen van die onafhanklike ontwikkelingstrust wat verlede jaar gestig is en die R1 biljoen gevorder uit privatiserings, wat ook gaan vir grondaankope en swart onderwys.

Maar die minister waarsku dat daar nie

veel van die planne gaan kom om riol-, water- en elektrisiteitsdienste te verskaf en om swart onderwys te verbeter as 'n groot deel van die begroting gebruik moet word om binnelandse vrede te bewerkstellig nie.

"Dit is tragies dat 'n deel van die groot bedrag wat uit die verdedigingsbegroting kom, nou aangewend moet word vir die uitbreiding van polisiedienste."

Du Plessis sê hy is optimisties oor Suid-Afrika se ekonomiese groei in die jare wat volg. "In die vyf jaar wat ons onder die kwaaieste finansiële sanksies moes funksioneer, het ons belangrike strukturele aanpassings in ons ekonomie gemaak, aanpassings wat ander lande tien, vyftien jaar neem."

"Ons geldvoorraad is onder beheer. Ons inflasiekous is op die pad af. Ons wisselkoers stabiliseer. Ons het vir die wêreld gewys dat toe ons die afgelope vyf jaar eensklaps gedwing is om 'n surplus op ons kwartaallikse rekening te produseer, ons dit kon doen. Ons het dit waaragtig gedoen."

"En in dié proses het ons al ons skuld betaal. Ons het nie een rand rente of een rand diwidende teruggehou nie."

Maar, sê Du Plessis, ten einde 'n minimum groeikoers te kan handhaaf - wat nodig is om swart armoede en werkloosheid te bekamp - is daar 'n paar gevare wat die proses kan ontspoor.

"Gaan ons daarvan slaag om 'n suksesvolle politieke demokrasie te skep? Gaan die geweld in die townships eindig sodat mense ongehinderd kan werk en koop? Gaan nyweraars en ander glo dat hulle beleggings in Suid-Afrika veilig is?"

- HENNIE SERFONTEIN

Optog na Tuynhuys om moorbendes oop te vlek

N STILLE protesoptog na Tuynhuys in Kaapstad en die oorhandiging van 'n memorandum van eise aan Staatspresident FW de Klerk op die voorraad van die parlementsopening word deur die Veldtog vir 'n Geregtelike Ondersoek na Moordbendes beplan.

"Die doel is om weereens ons verset te wys teen die manier waarop die regering politieke moorde binnelands en veral buitelands toesmeer en om 'n algehele oopvlekkking te eis," sê 'n woordvoerder, Barney Jordaan, 'n regsdosent aan die Universiteit van Stellenbosch.

Die Veldtog wat sy ontstaan onder Afrikaners in die stad se noordelike voorstede en op Stellenbosch gehad het, hou sedert die openbaarmaking van die bestaan van moordbendes deur Vrye Weekblad vol dat die volle waarheid in die naam van geregtigheid en politieke aanspreeklikheid moet uit. Lede en ondersteuners het die afgelope jaar oor 'n wye

spektrum van gemeenskappe aan die Kaap aangegroei, namate twee protesoptogte gehou is.

Die Veldtog beplan ook 'n openbare middagvergadering twee dae voor die parlementsopening in die St George's-katedraal in die stad (Woensdag, 30 Januarie) waar verskeie hooggeplaaste sprekers hulle stemme sal voeg by 'n oproep vir 'n behoorlike kommissie van ondersoek wat ook politieke moorde in die buitenland in ag sal neem. Verlede jaar het die groep talle brieven aan die Staatspresident geskryf, waarin veral beswaar gemaak is teen die beperkte opdrag van regter Louis Harms se eenmankommissie en later ook oor die manier waarop die ondersoek verloop en die verslag aanvaar is. 'n Televisie-debat met die Staatspresident en die bedanking van genl Magnus Malan, minister van Verdediging is ook onder meer geëis. "Net een antwoord is


van De Klerk ontvang, waarinhy die versoek as sensasie-soekery afmaak," sê Jordaan.

Oorspronlike lede van die Veldtog wou verlede jaar op die aand voor die parlementsopening op 2 Februarie, 'n Kerslig-optog na Tuynhuys hou, maar die Harms-kommissie is dieselfde dag aangestel en die optog is verbied. Dit is afgelas, maar 'n jaar later voel hulle sterker as ooit dat die waarheid steeds verdoosel word.

Die protes Donderdagaand, 31 Januarie, neem die vorm van 'n vingerwysing-seremonie, soos die moeders in Argentinië, aan. Dit begin om 7 uur die aand op die Parade, waar mense voor die aanvang togespreek sal word. Die organiseerders sê ander mense wat besorg is oor die regering se toerekeningsvatbaarheid is welkom om saam te stap.

- CHRISTELLE TERREBLANCHE

Ster van Dawid teen die oorlog



Lede van die Joodse gemeenskap hou 'n nagwaak by die Oxford-sinagoge in Johannesburg uit protes teen die oorlog in die Persiese Golf

(Foto: Suzy Bernstein - Afrapix)

Groot drama om Pik en die Moslems

DIE minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, was vanweé die oorlog in die Midde-Ooste dié week die sentrale figuur in 'n drama met diplomatieke, politieke en teologiese afmetings.

Sy pogings om langs diplomatieke kanale te reël dat die meer as 300 Suid-Afrikaanse Moslems wat in Mekka, Saoedi-Arabië gestrand is, met 'n spesiale vliegtuig na Suid-Afrika kon terugkeer, het ter elfde ure skipbreuk gelei.

Dié plan het deur die mat gevall as gevolg van die aankondiging van die Mujlisul Ulama, 'n Moslemraad van teoloë in Port Elizabeth, dat hulle 10 000 Suid-Afrikaanse Moslems wil werf aan die kant van Irak teen Amerika te gaan veg.

Die saak het wêreldwyse publisiteit geniet, ook in Saoedi-Arabië. Toe laasgenoemde se regering daarvan hoor, het hulle op die laaste minuut die groep gesstrand Suid-Afrikaanse Moslems verbied om met 'n spesiale vliegtuig na Suid-Afrika te vertrek.

Die vliegtuig is inderhaas deur die Departement van Buitelandse Sake gereël.

Gister was Botha betrokke by dringende diplomatieke gesprekke van oor 'n wye front.

Deur middel van die Britse regering het hy aan die regering van Saoedi-Arabië laat weet dat die Suid-Afrikaanse regering totaal verbind is tot die internasionale poging dat Irak uit Koeweit moet ontrek.

Hy beklemtoon ook dat die besluite van die groep Moslems in Port Elizabeth die standpunt van slegs één groep in die land vereenwoordig.

Botha was voortdurend in kontak met Desai, die woordvoerder van die Port Elizabeth-groep.

Weens teologiese redes wier hulle egter om die oproep om vir Irak te gaan veg terug te trek, maar Botha het gister aangekondig om nikks verder te sê of te doen wat pogings om die gesstrandte groep te laat terugkom, te benadeel nie.

Die SA regering het reeds weer 'n nuwe vliegtuig gehuur.

- HENNIE SERFONTEIN

Rooikruis moet ingryp, sê politieke gevangenes

POLITIEKE gevangenes op Robben-eiland het die Internasionale Rooikruis versoek om in te gryp nadat herhaalde versoek om voorvrylatings berading en toegang tot sielkundiges deur die gevangenisowerhede en die regering in die wind geslaan is.

Die versoek val saam met die publikasie van 'n dokument deur die Skakelkomitee vir die Vrylating van Politieke Gevangenes in die Wes-Kaap, getiteld "Politieke gevangenisskap, vrylating en geestesgesondheid: Die Saak vir voor-vrylatings voorligting".

Die komitee is saamgestel uit 'n aantal progressiewe gesondheidsorgorganisasies en die oproep is onderskryf deur 'n paar internasionale menseregte- en gesondheidsorganisasies.

In die publikasie word dit duidelik gestel dat politieke gevangenes in Suid-Afrika uiters noodsaaklike sielkundige voorbereiding op vrylating ontbeer, hoewel dit standaard praktyk in die geval van gewone kriminele gevangenes is. Die trauma waaraan hulle met vrylating blootgestel word, word ernstig verhoog deur die feit dat gevangenes sedert Augustus toenemend kort kenniggewing kry van hul vrylating. Sommige moes die afgelope maand binne 15 minute hul goed pak, van hul tronkkamerade afskeid neem en hulself op vrylating instel.

Volgens die verslag is die gevolg dat hulle vir 48 uur in 'n toestand van skok deurbring, terwyl psigosomiese simptome soos disoriëntasie, vrees vir her-arrestasie, besluite-loosheid, terugslitse, buitengewone afhanklikheid, lae frustrasie-toleransie en angst in 'n verhoogde mate na vrylating manifesteer.

Die trauma onder minstens twee-dertes van die mense wat steeds aangehou word, het glo ook veral die afgelope maand aansienlik toegenem, deels omdat hulle verwag het om ten minste voor Kersfees vrygelaat te word, omdat die leierslemente verwyder is en omdat hulle alle organisasies, klubs en studies binne die tronk met die oog daarop laat daar het.

Een van die gevangenes op Robben-eiland sê dat die tydperk van verwarring, onsekerheid en verhoogde verwagtinge, tesame met 'n gebrek aan inligting vir hom meer traumas is as sy inhegtenisneming, aanhouding, marteling, hofsaak en gevangenisskap saam. Diegene wat nie 'n vrywaringsvorm van die regering wou onderteken nie, verkeer in buitengewone onsekerheid.

Ander sê die onlangse vrylatings en die manier waarop dit gedoen word, versterk hul mening dat die regering hul as gyselaars aanhou. Die komitee sê dit is eienaardig dat elke groep vrylatings plaasvind voor EEG-vergaderings waar sanksies bespreek word. Die verslag is gepubliseer omdat herhaalde versoek deur die komitee aan die regering - om 'n omvattende vrylatingsprogram, met die klem op geestesgesondheid tot die politieke gevangenes se beskikking te stel - nog niks opgelewer het nie.

Hulle vra onder meer dat private voorligting in groepes en individueel aan gevangenes aangebied word, selfhelp-voorligtingslektuur vrylik versprei word, gesinne voorberei word, voormalige gevangenes as beraders opgeleei word en sensitiviteitsopleiding aan gesondheidswerkers gegee word.

Onder die versoek tot die regering was 'n petisie van meer as 180 gevangenes op Robben-eiland in Oktober verlede jaar om 'n afvordering van voorligters te sien. Die gevangenisoverhede ontken dat so 'n versoek ooit ontvang is. Dieselfde probleme geld ook vir ander Wes-Kaapse tronke soos Polsmoor, Victor Verster en Brandvlei.

Die komitee het ook 'n dringende oproep gedoen dat die regering teen die einde van April 'n duidelik tydrooster publiseer vir die vrylating van alle politieke gevangenes en die opheffing van alle onnodige beperkings ten opsigte van kontak met familie wat steeds op politieke gevangenes van krag is.

- CHRISTELLE TERREBLANCHE

DIE afgelope vier jaar is ongeveer 1 000 springbokke uit die Oos-Kaap en Wes-Transvaal na wildplase in die Warmbad- en Vaalwatergebied ingevoer in 'n poging om dié wildsoort daartoe te vestig - en amper al dié bokke het reeds weens hartwater gevrek.

Springbokke is hoogs vatbaar vir hartwater, 'n siekte wat algemeen voorkom onder beeste en skape, maar waarteen hulle suksesvol ingeënt kan word.

Die betrokke entstof beskerm die bokke egter nie teen 'n buitengewoon virulente stam van hartwater wat in die Noord-Transvaal voorkom nie, en selfs bokke wat uit hartwatergebiede in die Oos-Kaap en Wes-Transvaal ingebring is, en wat dus reeds weerstand teen dié siekte het, het gevrek. Lammers van bokke wat reeds teen hartwater geïmmuniseer is, verloor ook weerstand teen die siekte na drie tot vier weke na geboorte.

Dr Hymie Ebedes, 'n voorligtingsbeambte van die Departement van Landbou Ontwikkeling, het reeds verskeie keer by wildplaasbestuurders gepleit om onmiddellik die hervestiging van springbokke te staak tot meer navorsing hieroor gedoen is.

"Dit gaan nie net oor geld nie. Daar is ook die menslike kant. Ons moenie met ons wild speel nie."

"Dit is wreed teenoor die bokke om hulle na 'n gebied te bring terwyl dit amper seker is dat hulle uiteindelik gaan vrek - en dit is tog ons nasionale simbool."

Ebedes sê die probleem begin met die ongesikte terrein waarna die bokke gebring word.

Die springbok hou van oop grasvlaktes en semi-woestynagtige plantegroei, nie van beboste en rotsagtige gebiede of lang gras nie.

Die natuurlike verspreiding van springbokke sowat 100 jaar gelede was beperk tot Namibia, die sentrale en suidelike Kalahari, en Noord- en Wes-Kaapland. Die huidige verspreiding is veel wyer en is grootliks kunsmatig.

Sprinbokke is deur boere gevestig in die Vrystaat en Oos-Kaap, hoofsaaklik vir jag- of bewaringsdoeleindes, en omdat dit 'n aardigheid is om sprinbokke op jou plaas te hê.

Ebedes sê daar is 'n gebied van 500 000 hektaar in die Transvaal, bekend as die Springbokvlakte, waar daar 100 jaar gelede ook sprinbokke voorgekom het.

Die Springbokvlakte strek vanaf die noorde van Hammanskraal, verby Warmbad en Namboomspruit, tot suid van Potgietersrus en verby Roedan.


"Hoeveel sprinbokke daar was, weet ons nie. Of daar baie was, is twyfelagtig. Ons weet ook dat daar wel sprinbokke in die Wes-Transvaal was, en miskien het dié heen en weer getrek," sê Ebedes.

Hy sê die verandering in plantegroei in die gebied weens boerdery en oorbeweiding, asook jag, het uiteindelik geleid tot die verdwyning van die sprinbokke van die Springbokvlakte."

Springbokke en hartwater: kan die boere nie hoor nie?

Die sprinbok, Suid-Afrika se nasionale dier, kom nie orals in die land natuurlik voor nie. Die afgelope vier jaar het wildboere in Noord-Transvaal probeer om dié wildsoort van die Vrystaat en Oos-Kaapland op hulle plase te vestig... met rampspoedige gevolge.

CHRISTELLE DE JAGER doen verslag



Die vorige tipiese rooibos-veld van die Springbokvlakte het meer bosagtig geword, digter struiken en bosse is gevestig, en bosluise het ook saam met die meer bosagtige plantegroei begin voorkom.

Ebedes sê daar is reeds bewys dat die bontbosluis, die draer van die hartwater-virus, slegs kan oorleef waar daar skaduwee is. Dit sal dus sterf in woestynagtige terrein of op oop grasvlaktes.

Die hartwaterstam wat in die Noord-Transvaal voorkom, is so virulent dat selfs bokke wat uit ander hartwater-gebiede in die Oos-Kaap en Wes-Transvaal ingevoer word, veral die Warmbad/Springbokvlakte-gebied, geen weerstand teen dié stamme het nie.

Ebedes sê daar is nie meer 'n probleem met

boere wat reeds sprinbokke ingevoer het nie. Dié het tot geweldige finansiële verliese geleid as gevolg van die hartwater-probleem, en die boere gaan nie meer invoer nie.

Hy beraam dat die finansiële verliese met betrekking tot vervoer, inenting en sorg van die sprinbokke, reeds meer as R800 000 beloop.

"Maar ek kry nog af en toe navrae oor die vervoer van sprinbokke van wildplase in die Springbokvlakte, ondanks herhaalde waarskuwings en pleidoorie van my kant aan boere om die invoer van sprinbokke te staak.

"Veral nuwe boere dink baie keer miskien hulle sal beter kan vaar en die probleem kan oorkom. Of miskien is hulle nie bewus van die omvang van die probleem nie."

"Boere wil om verskillende redes probeer: bewaring, die droom van hervestiging van sprinbokke op die Springbokvlakte en om 'n groter verskeidenheid wild te hê. Die sprinbok is ook natuurlik 'n gesogte dier by buitenlandse toeriste en jagters, en geldmaak is 'n groot faktor."

Ebedes sê die vervanger van sprinbokke is ontsettend moeilik en baie duur. Dit is moontlik om tot 60 persent van die bokke gedurende die vervoer-proses te verloor, hoewel die gebruik van moderne kalmeermiddels die syfer nou baie kan afbring.

Boere neem die sprinbokke na hulle plase met die doel om te teel sodat daar op 'n goedkoper manier 'n sprinboktrop opgebou kan word.

Maar dit is net nie op die oomblik die moeite verdien nie want die lammers vrek in elk geval so gou, sê hy.

Ebedes sê daar gaan binnekort by Onderste poort navorsing gedoen word oor hartwater in die Noord-Transvaal.

Daar sal geprobeer word om die spesifieke virus te isoler en 'n teenmiddel daarvoor te vind.

'n Ander moontlike oplossing waarna gekyk word, is of sprinbokke nie in oop vlaktes in Noord-Transvaal aangehou kan word nie.

Hennie Lubbe, bestuurder van die Mabalingwe-natuurreservaat naby Warmbad, sê hy het nog nooit sprinbokke op sy plaas aangehou nie, huis as gevolg van die hartwaterprobleem.

"Sprinbokke hoort nie hier nie. Vir baie van ons op natuurreserve wat daarom nie lol met sprinbok-hervestig nie, is dit 'n teer punt dat ander daarnee voortgaan. Dit is kortsigtig en word net gedoen sodat daar op die wildplase se advertensies gesê kan word dat hulle ook sprinbok het."

"Die sprinbok is 'n simbool van Afrika en veral buitenlandse toeriste sal baie geld betaal om sprinbokke te sien of te jag. Natuurlik wil dié wildplase hê dit moet op hulle plase in Noord-Transvaal gebeur."

'n Woordvoerder vir Mabula Lodge sê daar is "baie" sprinbokke by Mabula - omstreng 41 volwasse diere - maar niemand was beskikbaar om oor die hartwater-probleem te praat nie.

By Thabamanzi, nog 'n wildplaas naby Warmbad, is daar 25 sprinbokke. Wildbestuurder, Hans Thabamanzi, sê daar was verlede jaar probleme met hartwater, en al die lammers wat gebore is, het gevrek.

Dié jaar teel hulle egter redelik goed aan, en daar is 'n paar lammers wat reeds vier maande oud is, sê hy.

Thabamanzi sê daar gaan nie probeer word om meer sprinbokke te hervestig nie, maar daar sal gewerk word met die oorlewende bokke van dié wat hulle in die verlede uit die Vrystaat ingevoer het. "Dit is iets nuuts om te probeer, om te sien of dit gedoen kan word," sê hy.

Ons wil graag hê jy moet die pad van vreeslose joernalistiek saam met ons loop. En die beste manier om dit te doen, is om in te teken op Vrye Weekblad sodat dit by jou huis aangelever of per pos aangestuur kan word.

Die tyd daarvoor is nou, want binnekort gaan ons die verkoopprys moet verhoog. Tot dan het ons 'n baie spesiale aanbod: R57 vir 'n jaar (gewone prys: R75); en R30 vir ses maande (gewone prys: R40). Dit sluit AVB en afleweringskoste in. Vul dus dadelik die vorm in en stuur aan: Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113.

idi) het sy voorsprong oor iat-groep en Frankryk se troën-groep (PSA) behou. Orspellings vir 1991 lyk Renault en PSA voorspelrs 'n afname van drie tot tienasiepunte. Fiat-baas, gnelli, is meer pessimisties en 'n daling van tot agt

dywering tussen die EU en die Amerikaanse ver-


1990 met 11,8 van die mark weggeloop het nie, een persent hoer as 1989.

Die afname in motorverkope het 'n groot negatiewe uitwerking op werkverskaffing en verwante industrieë. So het die bandvervaardiger Michelin reeds 2 260 werkers in die pad gesteek.

Vasbeslote om hul posisies te behou, het motorvervaardigers

Maar die hulle hei
Die D kontrakt
Duitsland
Trabants
met Volk
word. Vc
Tsjeggo-
vervaard
om die S

R1.50
52/0
150
30/0
76/0



Vrye Weekblad
Jou sleutel tot die Nuwe Suid-Afrika

Wêreld:

Joernaliste saam

Sowat 300 joernaliste van tachtig lande vergader in Harare vir die 11e kongres van die Internasionale Organisasie van Joernaliste. Dit is die eerste keer dat dié organisasie, van Oos-Europese oorsprong, in die Derde Wêreld vergader.

De Beers en Zim

Zimbabwe se departement van mynbou begin met ampelike stappe om De Beers se kleim op 'n diamantryke gebied van hom te ontnem. Die regering en De Beers, wat totale beheer oor die verkoop van die diamante wou hê, kon nie ooreenkoms oor die bemarking van die diamante nie.

Spanning in Mali

Spanning loop hoog in Bamako, hoofstad van Mali, wanneer die polisie traanrook op studente gooi wat in die strate betoog teen die inhegneseming van 'n studenteleier wat openlik kritisies teenoor die eenpartyregering in die land was.

Moniba gewaarsku

Liberië se voormalige onderpresident, Harry Moniba, wat homself verlede week by 'n nuuskonferensie tot president verklaar het, word deur die Sierra Leoniese hoof van die vredesmag in die land ingeroep en in "geen onsekere taal" gewaarsku oor die "ernstige gevolge" indien hy sulke bedrywighede herhaal.

Rebelle veg voort

'n Versoekingskomitee van hoofmanne, regeringsamptenare en die rebellebeweging in Somalië doen 'n oproep om 'n skietstaking in Nairobi, Kenia. In die Somaliese hoofstad

Mogadisjoe sê rebelle hulle veg voort totdat pres Siad Barre onttroon is.

Suid-Afrika:

SAP en intimidasie

Die uitskakeling van intimidasie word as een van die SA Polisie se hoogste voorkeure beskou, sê die adjunk-minister van Wet en Orde, Johan Scheepers. Die SAP beskou massa-aksie, soos die veldtogene teen plaaslike besture, as niks minder as massa-intimidasie nie en gaan die publiek vra om hom te help om dit te bekamp.

Donker Vosloorus

Vosloorus se krag gaan op 29 Januarie afgesny word, met besoeplings van ander dienste wat kan volg, maak die stadsraad van Vosloorus bekend. Dit gebeur omdat die township se inwoners nie "positief" gereageer het op oproep om hul kragrekening te betaal nie. Kragvoorsiening sal net hervat word indien meer as die helfte van die inwoners hul rekening betaal.

Hulle óók skuldig

Bevrydingsbewegings is mede-verantwoordelik vir die kultivering van 'n kultuur van geweld in Suid-Afrika, sê die president van die SA Katolieke Biskoppekonferensie, biskop Wilfrid Napier. Dié bewegings het hul bepaalde ideologie of strategie sodanig gekanoniseer dat enigiemand wat dit teenstaan of dit eenvoudig nie verdranie, verwyder moet word, sê Napier.

Na hospitaal

Vyf aangehoudenes ingevolge Swaziland se veiligheidswette, wat sesdig dae aanhouding sonder verhoor toelaat, word in die hospitaal op Mbabane opgeneem na 12 dae van 'n eetstaking. Hulle is verlede jaar in heftiges geneem nadat die Kwalusemi-kampus van die Universiteit van Swaziland weens oproerigheid moes sluit.

situeit van Swaziland weens oproerigheid moes sluit.

Nie-rassige skole

Uit 720 skole in Kaapland open 107 dié week vir alle rasse. Die Demokratiese Party raam dat tussen 1 500 en 2 000 swart en bruin leerlinge toegelaat is in eertydse blanke skole.

Tembisa teen geweld

Inwoners van Tembisa beplan 'n opmars om teen geweld in die township en die hoe huisloosheidssyfer te betoog. Dit sal met of sonder die stadsraad se toestemming gedoen word, sê die inwoners.

People's courts

Die Alexandra Civic (ACO) maak bekend dat hy met die regering gaan probeer saamwerk om "people's courts" op 'n meer aanvaarbare manier te bedryf.

ACO hoop om die hulp van Wits-studente en akademici te kry om ampsdraers van die howe in regssposures op te lei.

Woonpersele

Die drie stadsrade van Soweto, Diepmeadow en Dobsonville, gesamentlik bekend as Groot Soweto, gaan 'n seleksie van hordes huislose inwoners maak vir die toesegging van woonpersele by Doornkop naby Soweto. Die stadsrade gaan belangstellendes organisasies vra om die name van behoeftiges te verskaf vir 'n poel waaruit toesele gemaak sal word.

DP sê nee

Die Demokratiese Party sê hy is nie langer lokaal gekant teen oproep aan wit stad om te bedank.

Nie-rassige regering op plaaslike moet geskied as deel van 'n rationele harrangsketting

van regering in die algemeen, sê Denis Worrall, DP-woordvoerder.

Regse vrou geweier

Die gevangenisdien weier toegang aan die vrou van een van die ver-regse eetstakers, hoewel sy reken dat hy ernstig siek is, sê Tracy Veenendaal. Leonard Veenendaal het die week met sy 21e dag sonder kos begin.

Deense geld

'n Ooreenkoms word in Windhoek onderteken vir R18 miljoen se bystand uit Denemarke aan Namibia. 'n Totaal van R66 miljoen is al uit die buiteland belowe vir projekte van sowat R100 miljoen.

Tolk dagvaar

'n Vryskut-tolk by 'n landdroshof in Pretoria dagvaar 'n Pretoriase prokureur weens skadevergoeding van R20 000 nadat dié hom na bewering 'n "kaffer" genoem het. Die prokureur sê hy gaan die eis beveg.

PAC, ANC praat

Die streeksverteenvoerders en takverteenvoerders van die Munsievile-tak van die PAC en dié van die ANC vergader in Kagiso in 'n poging om maniere te vind om die geweld in die gebied uit te skakel. Beide luister na mekaar se weergawes van die geweld en onderneem om die oorsake aan te spreek.

Een stad, een raad

Actstop herhaal sy oproep aan die Johannesburgse stadsraad om te bedank en met 'n nie-rassige demokratiese liggaam vervang te word. Actstop wil nie-rassige verteenwoordiging op plaaslike vlak hê en eis een stad, een raad en een belastingbasis. Honderde mense daag by die vergadering op om die oproep te steun.

SA regering word veroordeel vir sy steun aan Amerika. Die meeste sprekers sê hoewel hulle nie Irak se inval in Koeweit goedkeur nie, meen hulle dis 'n geskil wat vredesaam op streeksvlak opgelos kon word.

Iran skud

Die geallieerde bombardement van die Suid-Irakse stad Basra is so hewie dat geboue 40 km verder in 'n Iranese stad geruk word. Irakiese lugafweer kan ook duidelik gehoor word.

Outydse manier

'n Reuse-grondoffensief moes teen Irak gevoer word om die element van verrassing ten volle uit te buit. "Nou gaan die Amerikaners uiteindelik die oorlog wen, soos hulle met voriges gedoen het, deur stadig voort te gaan, op 'n massiewe wyse, fase vir fase..." sê 'n Israeliese generaal. Die oorlog is nog ver van sy einde af.

Geen trané

Saddam Hoesein kan dalk deur sy eie mense verwyder word, sê John Major, eerste minister van Brittanje. Hy het dit egter nie 'n doelwit van die geallieerde verklaar nie. Sy opmerkings oor die wredeheid en genadeloosheid van Saddam en dat daar geen trané oor sy val sal wees nie, is egter tot dusver die sterkste beneland in Oktober verlede jaar om 'n kussingsdiging van voorligters te sien. Die gevange

overheid ontken dat so 'n versoek ooit on is. Dieselfde probleme geld ook vir Wes-Kaapse troonke soos Pollsmoor, Vlaktejoer-Vester en Brandvlei.

Die komitee het ook 'n dringende oproep gedaan dat die regering teen die eind van April 'n duidelik tydrooster publiseer word. En vrylating van alle politieke gevangenes en ophoffing van alle onnodige beperking van kontak met familie wat steeds opsigte van kontak met familie wat steeds

Golf oorlog

Geen probleem

Elke dag ry honderde Jordaniërs tenkvrugmotoors onder geallieerde bombardement deur om Jordanië se daagliks benodigdhede aan olie in Irak te gaan haal. "Ek het geen verhoging of bonus tot dusver ontvang nie," sê een bestuurder. "Maar dis normaal. Ons help ons land en ons is besig om Irak te help in sy stryd teen Amerika. Wanneer ons Amerikaanse vliegtuie sien aanval, halt ek die vragmotor en hardloop so honder treë weg. Nie meer nie. Dan wag ek tot hulle weg is. Geen probleem nie."

Protes

Sowat 30 jeugdiges neem deel aan 'n protestoptog in die eerste anti-Amerikaanse betoging in Indonesië.

Mislukte bom

Twee Irakiese broers en 'n Filippynse vrou word as verdagtes in die Filippynse hoofstad Manila aangehou na 'n mislukte poging om 'n bom by die Amerikaanse kultursentrum te laat ontplof.

Turke bly uit

Die Turkse president, Turgut Ozal, sê sy land se gewapende magte sal nie deelneem aan die oorlog nie tensy Irak militêre operasies teen Turkye loods.

Studente protesteer

Sowat 500 radikale Suid-Koreaanse studente verbrand Amerikaanse vlae en bots met onlustpolisie in Seoel en ander stede.

Oorlog veroordeel

Kort na die Salman Rushdie-geval, is Moslems in Brittanje weer in rep en roer oor die dilemma dat hulle in 'n land bly wat een van die hoof-aggressors in die oorlog is. Honderde godsdienstige leiers het Sondag in die Moslemvesting van Bradford vergader om 'n gesamentlike standpunt vir die 2 miljoen Moslems uit te werk. Uiteindelik veroordeel hulle oorlog teen die Moslems van Irak totaal, en vra



Die hartseer gesig van oorlog

(Foto: AP)

om die onttrekking van nie-Moslemmagte sodat Moslems die geskil op hul "eie manier" kan oplos. Kritici van die standpunt sê Saoedi-Arabie, een van die geallieerde, mag dalk uit weerwaar sy finansiële hulp aan Britse Moslems besnoei.

Iran neutraal

Iran se nuwe ambassadeur in Manila, Filippine sê sy land bly neutraal in die Golfoorlog en dat Iraanse burgers nie by terreuraanvalle betrokke sal raak nie. Hy het sy pos ingeneem 'n dag nadat Manila 'n Irakiese diplomaat die land uit gesit het en burgers van Midde-Oosterse lande begin dophou het.

Aandele styg

Met die nuus dat olie-installasies in Koeweit deur Irak gebombardeer is, styg die prys van aandele in 'n oliemaatskappy in die Noordsee met 55 sent in Londen.

Amerika op hol

Amerika se senuwees is besig om op hol te raak oor die bedreiging van terreuraanvalle. Veiligheidswagte word op maksimum-

reedheid geplaas oral in Amerika by regeringsgeboue, pypplyne, fabriekse, hawens, lughawens, damme, kernaanlegte. In New York het 'n skoendoos tot die ontruiming van 'n hele gebou geleid. Dele van die Pentagon is reeds drie keer afgesluit weens bomdreigemente. Die Wit Huis en Houston se ruimtesentrum is vir toeriste gesluit. Sambrele, blikkies, radio's en kameras gaan by die eindstryd in die Superbowl verbied word. Op Wall Street word makelaars se hamburgers nie meer afgeliever vir middagete nie.

SA ry minder

SA motorryers het in Desember verlede jaar 6 persent voortdurend in kontak met vorige woordvoerder van die Port Elizabeth vir

Energiekologie redes weier hulle egter bespaar om vir Irak te gaan veg terug. Botha het gister aangekondig dat die regering te se of te doen wat pogings om die groep te laat terugkom, te 'n ANC-geleie.

Regte vir die regering het reeds weer 'n nuwe enigste huur vir die ontdekking van Afrikaans

Die Baltiese republieke: paradokse van onafhanklikheid

Die aanval deur Russiese soldate op radiostasies in Litaue en Letland waarin daar 13 en 4 mense onderskeidelik dood is, is wêreldwyd veroordeel. IGOR SEDYKH van Novosti werp 'n ander lig op die Baltiese vraagstuk

TYDENS die Europese vredespitsberaad in November verlede jaar in Parys was die buitelandse ministers van Estland, Letland en Litaue teenwoordig as gaste van die Franse regering. Die Sowjet-afvaardiging het egter daarop aangedring dat die drie lande se deelname slegs moontlik is as lede van die Sowjet-afvaardiging.

Toe die Baltiese ministers dié uitlating van die hand wys, het hul Franse gaste hul om verskoning gevra en versoek om die beraad te verlaat.

Dit is net 'n verdere bewys dat die weg tot de facto erkenning van die Baltiese republieke se onafhanklikheid (die Weste het nog nooit hul de jure lidmaatskap van die Sowjet-Unie erken nie) deur Moskou is. Maar daar moet nog ernstig onderhandel word. President Mikhail Gorbatsjof glo vas dat die aansprake van die Baltiese leiers nie die wil van die mense weerspieël nie, daarom dring hy op 'n referendum aan.

Maar het die mense nie hul wil uitgedruk in die meerderheidstem vir kandidate van die populêre fronte

- wat die verkiesing gestry het onder die vaandel van die herstel van onafhanklikheid - nie?

Die Baltiese leiers sê hulle republieke het nie by die Sowjet-Unie aangesluit nie, maar is geanneksier. Daarom gee hulle nie toe aan die Sowjet-Unie nie.

Hulle herstel net weer hulle state wat in 1940 met mag deur 'n ooreenkoms tussen Stalin en Hitler van hulle af weggenem is. Hulle sê die Tweede Wêreldoorlog het nog nie geëindig tensy die Baltiese-kwessie opgelos is nie.

Daar is 'n soortgelyke dooiepunt op ekonomiese gebied. Die Baltiese gebied is verstrengel in die Sowjetmark (wat vir 97 persent van die republieke se ekonomiese verhoudinge verantwoordelik is) en ten volle afhanklik vir die verkryging van onverwerkte grondstowe. Daarom is die drie republieke gretig om regstreekse kontak met die Sowjet-Unie te behou.

Maar ook daar konfronteer die Sowjet-Unie die republieke: of julle onderwerp julle aan die Sowjet-wette,



'n Wag by die Litause Parlement knip 'n uitjie. Dié versperrings is tien dae gelede opgerig

(Foto: AP)

of dat sy Litause en Leilandse kollegas verkieks om as "waarnemers" aan te bly nie.

Die drie Baltiese republieke het groot vertroue geplaas in die samewerkingsooreenkoms wat verlede Mei in Tallinn onderteken is. Die nuwe Baltiese eenheid het egter dieselfde paadjie geloop as 'n soortgelyke ooreenkoms in 1934.

Daar het niets gekom van die idee om 'n gemeenskaplike mark op die been te bring nie. Estland het unilateraal besluit om elektrisiteitstariewe op te stoot wat 'n groot las op die begroting van Letland geplaas het. Op sy beurt het Letlandse ondernemings aktief aan die Sowjet-blokkade van Litaue in die lente van 1990 deelgeneem. En, laastens, het Riga en Tallinn, nadat hulle die instelling van ekonomiese grense en die daarstelling van 'n frontwag aangekondig het, begin om padversperrings tussen die twee republieke op te rig.

Daarom is dit nie vreemd as die Litause premier, Kazimiera Prunskiene, weier om hom aan die Sowjet-premier Nikolai Ryzhkov's se diktatuur te onderwerp en 'n sitting van die Sowjet-regering te verlaat nie,

het, het hul leiers probeer om ooutokratische regimes daar te stel.

Die nuwe wette wat onlangs in Litaue en Letland aanvaar is, is in der waarheid daarteen gemik om afvalliges en selfs kritiek teen die heersers te onderdruk.

In binnelandse beleid het die leiers van die Baltiese republieke - in 'n poging om die erosie van eenheid van die inheemse bevolking ten alle koste te verhoed - probeer om die nasionale gedagte en nasionalisme aan te blaas.

Hoewel die populêre fronte van Estland, Letland en die Litause Sajudis tydens die verkiesing onder die banier van demokrasie gestry

het, het hul leiers probeer om ooutokratische regimes daar te stel.

Die nuwe wette wat onlangs in Litaue en Letland aanvaar is, is in der waarheid daarteen gemik om afvalliges en selfs kritiek teen die heersers te onderdruk.

Aan die ander kant het die "regte van die volk voor dié van die individu"-beginsel, wat tot wet in al drie republieke verhef is, tot 'n gevarelike tweespalt tussen die inheemse mense en die verskillende nasionale minderhede geleid.

Bendes moor onder Rio se straatkinders

RIO DE JANEIRO - Sedert November verlede jaar slaap Volmer Nascimento, die 39-jarige streeksdirekteur van die Nasionale Kinderbeweging, nie twee nagte op dieselfde plek nie.

Hy word deur bendes gesoek wat nie daarvan hou dat hy dié stad se straatkinders onder sy vleuel geneem het nie.

"Ek het hulle nie werklik gesien nie," vertel hy na die eerste aanval op hom. "Daar was 'n rewolwer teen my rug en hulle net gesê ek moet aanhou loop, en gesê: 'Dit is die laaste keer dat ons jou gaan waarsku. Jy gee belangrike mense weg om kinders te beskerm wat niks werd is nie.'

"Jy gaan te ver. Hou op as jy nie wil hê jou kinders moet wees gelaat word nie."

Nascimento het sy huis in Duque de Caxias saam met sy twee kinders, twee en drie jaar oud, verlaat en by die Rio-polisie om beskerming gaan aanklop.

Die dreigemente teen hom het begin nadat hy 'n leer na die departement van justisie gestuur het waarin hy beweer dat die regter van Duque de Caxias, Rubens Medeiros, betrokke was by 'n groep kontrakmoordenaars.

Hy het ook die federale polisie gevra om die moord op huislose kinders in die Baixada Fluminense-woonbuurt van Rio - een van die wêreld se gewelddadigste distrikte - te ondersoek.

Die moordbendes, waaronder polisiemanne en dwelmsmokkelaars, word deur die handelaars betaal om van die duisende kinders in die strate ontslae te raak.

Die moordenaars is meestal arm mense, die gemiddelde polisieman verdien 100 dollar per maand, en hulle kan hul salaris aanvul deur die strate "skoon te maak".

Volgens Nascimento is daar 25 bendes met oor die 50 lede op polisierekord. Talle van die bendeledes is self polisiemanne, "maar daar is nog nie teen hulle opgetree nie".

'n Staatsaanklaer van Rio, Tania Maria Salles Moreira, het hom gehelp om die leer voor te berei. Sy het ook doodsdreigemente ontvang.

Volgens hulle getuenis was 25 persent van die 919 moorde in Duque de Caxias kinders. Die polisie het die moordenaars van 231 van dié moorde geïdentifiseer, maar die res word voor die deur van moordbendes gelê. Slegs 25 sake het voor die hof verskyn en slegs agt mense is vervolg.

Op 20 November 1990 het die Raad vir die Beskerming van Menseregte in Brasilië vergader. Die kontrakmoordenaars is bespreek en 'n werkskomitee is onder Nascimento aangestel om die moorde te ondersoek.

Met sy terugkeer moes hy vind dat die Duque-regter 'n lastersaak teen hom aanhangig gemaak het.

"Ek is bang," het hy gesê, en hy kon nie sy wantroue in die Brasiliaanse regstelsel wegsteek nie. "Ek wonder wie gaan tronk toe. Dis hy of ek."

- CLAIRE DE OLIVEIRA, AFP

Klipperige pad lê vir motorvervaardigers voor


PARYS - Europa se motorvervaardigers staar 'n nuwe uitdaging in die gesig - 'n daling in motorverkope, onsekerheid oor die vereenigde mark van 1992, en die potensiaal wat die nuwe Oos-Europese lande bied.

Na vyf jaar van ononderbroke uitbreiding, het hul hoofmark in Europa gekrimp. Verkope in die 17 betrokke lande (die 12 EEG-lande plus Oostenryk, Switserland en Skandinawië) het met 3,4 persent in 1990 gedaal teenoor die rekord van 1989, toe 12,5 miljoen motors geregistreer is.

Duitsland se VAG-groep (Volkswagen, Audi) het sy voorsprong oor Italië se Fiat-groep en Frankryk se Peugeot-Citroën-groep (PSA) behou.

Die voorspellings vir 1991 lyk donker. By Renault en PSA voorspel bestuurders 'n afname van drie tot vyf persentasiepunte. Fiat-baas, Umberto Agnelli, is meer pessimisties en voorspel 'n daling van tot agt persent.

Die wedywering tussen die Europeërs en die Amerikaanse vervaardigers Ford en General Motors duur voort - maar dit het nie verhoed dat die Japanners teen die einde van



1990 met 11,8 van die mark wegeloop het nie, een persent hoër as 1989.

Die afname in motorverkope het 'n groot negatiewe uitwerking op werkverskaffing en verwante industrie. So het die bandvervaardiger Michelin reeds 2 260 werkers in die pad gesteek.

Vasbeslote om hul posisies te behou, het motorvervaardigers probeer om die krisis die hoof te bied deur alliansies te vorm - soos in die geval van Volvo en Renault.

Maar die motorvervaardigers sien hulle heil in Oos-Europa.

Die Duitse vervaardigers het reeds kontrakte in die voormalige Oos-Duitsland onderteken. Voortkruende Trabants en Wartburgs gaan nou met Volkswagens en Opels vervang word. Volkswagen het ook 'n slag in Tsjeego-Slowakye geslaan toe dié vervaardiger uit 23 ander gekies is om die Skoda-aanleg in dié land op te gradeer. Dié aanleg vervaardiger tans 190 000 voertuie per jaar. - AFP

DIE wakker ds Alwyn du Plessis van Stellenbosch het die verloop van die wit Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) laasweek op Potchefstroom, tydens 'n heftige debat oor ekumene, raak saamgevat.

"Die sinode kom in hierdie dringende tye met sy nuwe vrae, met geen nuwe gedagtes en geen nuwe getuenis nie. Hoe relevant is ons? Gaan ons eendag lees van 'n kerklike vergadering waaroor geskryf is: 'Hulle het antwoord gegee op talle vroeë wat nooit gestel is nie'?"

Die debat was oor die vraag of die deputate (kommissie) vir Ekumeniese Sake (gesprekke met ander kerke) opdrag van die sinode behoort te ontvang om volgens eie diskresie deel te neem aan gesprekke met ander kerke in Suid-Afrika.

Kort tevore het die sinode met 'n klein meerderheid besluit dat die deputate vir Gesprek met die Owerheid, nie 'n mandaat gehad het om 'n amptelike afgevaardigde na Rustenburg te stuur nie.

Hoewel 'n besluit wel nou geneem is dat deputate self kan besluit of hulle ekumeniese byeenkomste of gesprekke wil bywoon, wil dit voorkom of Potchefstroom hom met dié besluit en andere, verder isoleer.

Ander besluite wat dit bevestig, is dié om hulle aan die Psalmberymingskommissie te onttrek, en 'n besluit om waarnemerstatus van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) te behou, maar om nie 'n waarnemer te stuur nie. Bygesê, al dié besluite is met 'n skrale meerderheid van enkele stemme geneem.

Debatte oor ekumene het hewige reaksie by 'n sterk groep met 'n duidelike politieke ondertoon, ontketen. Dr Wynand du Plessis van Bothaville het byvoorbeeld die Rustenburg-beraad bestempel as "'n beraad met kerke en gelowe wat nie dieselfde belydenis deel nie en waarvan almal nie Jesus Christus as enigste saligmaker en verlosser bely nie... 'n beraad gereël deur Desmond Tutu en onder die gedeelde voorstellerskap van 'n bekende bevrydingsteoloog, Frank Chikane, wat ook deur die ANC se Radio Freedom as 'n leier geroem is..."

Dis diesselfde Du Plessis wat Antjie Krog en die ANC by die Psalmberymingskommissie ingesleep het.

Van Nooitgedacht tot Rustenburg...

DIE begrippe "opdrag" en "mandaat" is vir die Gereformeerde Sinode baie belangrike begrippe. By vorige sinodes, soos ook by dié een, is die kwessie van die "oorskryding van mandaat" gebruik om die deelname van deputate aan gesprekke met ander kerke en selfs met hul eie swart en bruin sinodes, van die sinodetafel te vee.

By die vorige sinode was dit voorstelle uit die Nooitgedacht-konferensie wat in die stof gebyt het. By Nooitgedacht is grieve van die swart sinodes van die GKSA deeglik deurtrap en wit deputate wat dit bygewoon het, wou 'n verslag hieroor ter tafel lê.

Die keer was dit Rustenburg. Die sinode het met 'n klein meerderheid van agt stemme besluit dat prof Jaap Helberg geen mandaat gehad het om die Rustenburg-kerkeberaad as deputaat by te woon nie. Daarom kon ook sy verslag oor die beraad nie dien nie - 'n verslag wat dringende aktuele sake oor apartheid en geregtigheid aanspreek.

Die rede wat aangevoer word vir die mandaat-dwinglandy, is die klem wat die gereformeerde kerkregering lê op die plaaslike kerk (gemeente). 'n Sinode bestaan net terwyl dit vergader. Tussen-in handel die deputate groepie die sake af wat die sinode nie kon afhandel nie.

Die sinode moet dus baie duidelike opdragte gee. Maar dan berus dit steeds by die deputate om te besluit hoe hulle die mandaat interpreer. En dis wanneer dit by interpretasie kom dat andersdenkendes die werk van die deputate ongedaan kan maak met die wekroep: "die mandaat is oorskry".

Die voordeel van die stelsel is om te verhoed dat 'n individu opstaan en namens die hele kerk praat, sê prof Koos Vorster van die Hammanskraal Teologiese Skool.

Die nadeel is egter dat geen sinode drie jaar vooruit kan sien om te weet vir watter moontlik ekumeniese vergaderings in 'n opdrag voorsiening gemaak moet word nie.

Potchefstroom se Doppers - geïsoleerd en benepe?

Oor dié soort argumente sê dr Benno Duvenhage: "Nou kan ons onself bang verf, en agterelke ding 'n gevaa si. Ons word negatief en dan word ons bedompig."

"Ons moet in die Woord van die Here die wydheid van die Koninkryk en die ruimte van die liefde van Christus sien. Anders raak ons benepe in ons aanvalle en sien agter elke ding 'n gevaa sit."

Die beskuldiging oor benepenhed en 'n isolasie-mentaliteit by Potchefstroom, kom nie net uit sinode-debatte nie. In gesprekke verwys bekommende lidmate dikwels na die inhoud van Die Kerkblad, onder redakteurskap van prof Victor d'Assonville.


Afgesien van die skerp afwysende en eensydige kritiek van die redakteur teen die Rustenburg-beraad, wemel die blad die afgeloop twee jaar met artikels oor allerlei "gevare" wat dreig.

Soos 'n reeks van by die vyftien artikels oor die Metodes van die Satan, waarin onder andere merkwaardige kennis oor "die stad waar die troon van Satan is!"

(Pergamum), geopenbaar word. Afgetrede regse professore kry geel kans om artikels te skryf, soos een oor die laaste dae wat aambreek en dat Satan as "die vuurrooi draak (wat) hom al weer vergrim en hom in helse woede op die gelowiges werp".

Daar was 'n reeks artikels oor die Halaal-merk (weersens Wynand du Plessis); die New Age, Boeddhistisme wat na die Weste versprei; die oorsprong van 1 Mei as Werkersdag waarin Satanisme, sosialisme en Marxisme 'n prominente rol gespeel het (Wynand du Plessis); die Moslem-gevaar en 'n lang reeks oor Kommunisme.

Oké 'n reeks oor popmusiek deur 'n bejaarde teologie professor wat lang stukke klakkeloos oorgeneem het uit 'n boekie, "Rock Musiek. Die



Prof Victor d'Assonville

reg om te weet", deur Rodney Seale. Die boek wemel van groewe veral gemenings en onwetenskaplikestellings.

Dan was daar ook 'n omstrede standpunt gestel oor menseregte, wat agterna deur 'n redaksiekommissie gerepublieer is; 'n groot bakteery met 'n teologie professor wat durf aanhaal uit die Apokriewe boeke om 'n punt te maak, en les bes, bykans 26 artikels oor die Jehova-getuies!

Die feit dat teologie professore hulle in 'n gewone kerklike nuusblad met omstrede standpunte soos dié besig hou, reflektereer nooddwendig ook op die teologieeskool en die teologieeskafel op Potchefstroom, wat oorwegend dieselfde dosente het.

Terselfdertyd noop die bydraes van die teologie professore van Potchefstroom, met enkele uitsonderings na, buitestaanders om te wonder oor hulle lae profiel as dit kom by teologieeskabate en forums buite enge Gereformeerde kring.

In wye gesprekke met Gereformeerdes blyk dit dat daar 'n groot groep in die Kerk is wat baie bekommerd is oor dié ontwikkelinge. Daar is pogings binne die skool en fakulteit, en daarbuite om deur die isolasie-gees te breek.

Die teologieeskool Hammanskraal vir swart studente, slaag in 'n groot mate hierin. Hier word relevante teologie bedryf om dié rede word professore aan die skool meer dikwels deur die nuusmedia om kommentaar genader.

Uit gesprekke met dominees, kom die volgende prentjie na vore:

Daar is 'n sterk groep professore wat bestempel word as "negatief, alarmisties, wat 'n hele horizon sien gepak met duuels en gevare". Dit werk intimiderend in op die (meestal jonger) teoloë, want dié beneppenes werk met die metode van skuldigbevinding deur assosiasie.

Sê een dominee: "Die beeld wat uit Die Kerkblad kom, is simptomaties van mense wat sake op die periferie lê, simplisties na die middelpunt toe bring. Dit word dan die groot vyand.

"Maar dis 'n gefabriceerde en afwesige vyand, en daarom 'n veilige vyand. Hoewel ek oortuig is dat dit nie minderheidstandpunt is nie, is die beneppenes in posisies waar hulle stemme gehoor word deur die gewone lidmate. En die gewone lidmate is tog die werksgebied waarbinne predikante 'n staanplek moet hê."

Hoewel teoloë deelneem aan teologieeskabate, is hulle geneig om hulself te ontrek die oomblik wat teologieeskabate

nie volgens die ortodox-gereformeerde riglyne geskied nie.

Nog 'n dominee stel dit skerper: "Daar is 'n stroming onder ons wat ek die 'mos-houding' wil noem. Soos in ons is mos die Gereformeerde Kerk, die bastion van behoudendheid wat werk met beginsels. Almal het eintlik baie respek vir ons al stem hulle nie met ons saam nie."

Nog 'n faktor wat bydrae tot die isolering is uitgewys. Die klein wit lidmaattal, asook die feit dat daar net een teologieeskool is wat predikante oplei, het tot gevolg dat daar net 'n beperkte aantal predikante is waaruit teoloë vir die teologieeskool beroep kan word. Predikante wat lank met gemeentewerk besig was, is afwesig in die teologieeskool. Op akademiese vlak kan hulle nie meeding met teoloë van ander kerke wat hulle jar op die verskillende en ontwikkelende teologieeskool gegrave het nie.

Die reaksie wels dat sulke professore, en akademies te die maklike uitweg ki onder die blin akademiese v waag om saam nie, uitvrees dat hulle geka self sal maak. Op die tuisfront wou hulle egter op die hande gedra. Hulle kom gou agter as hulle 'n juigkommando rondom hulle kan-skaar, so 'n man se posisie in die kerk is veilig en seker, sê die dominee.

Met emosionele argumente word die gevare beklemtoon en afwykendes geassosieer met Hollandse teo-

loë soos Kuyter en Wiersinga, wat in Gereformeerde taal net sulke verdremende skeldname geword het as kommuniste en humaniste.

Dié aspek het weer 'n negatiewe invloed op die akademiese standaard van die teologieeskool.

Nog 'n aspek van die Gereformeerde siel is om hulself te beskou as wagters op Sionsmure, wat moet veg teen die magte wat die gesag van die Woord kan aantast.

Weens die probleem dat van die teoloë uit voeling geraak het, is hulle in plaas van wagters eerder soos dwerges op die skouers van reuse, sê 'n teoloog. Wanneer hulle gekonfronteer word met nuwe denke en hulle eie moet verdedig, raak hulle panickerig en keer na binne.

Die meeste dominees waarmee gesels is, meen dat die fout nie gesoek moet word in die aard van die gereformeerde teologie nie. Dit is moontlik om die gereformeerde teologie met aktualiteit en wetenskaplikeheid te verbind. Dié teologie staan vir 'n dinamiese samelewingsbeskouing, wat spruit uit die feit dat die gereformeerde teologie huis sterk aanspraak daarop maak dat die Bybelse lig op die volle spektrum van die lewe moet val.

Maar die probleem is dat dié groep Potchefstroomse teoloë gaan stilstaan het by die konteks van die reformasie en nie besef dat elke omstandigheid 'n nuwe konteks meebring nie. Terwyl sekere universale waarhede uit die geskiedenis steeds van krag is, moet die konteks ook in ag geneem word in die siening van die werklikheid.

Hierdie gebrek aan kontekstuele werklikhede bring mee dat buitestaanders soms met 'n gevoel van onwerklikheid luister na debatte. Daar word teruggegryp na 'n verlede van Calvyn en Totius, wat sekuriteit bied en waarin hulle veilig voel. Dit word 'n kringloop waaruit die GKSA dringend sal moet breek.

- INA VAN DER LINDE

'Die besluit wat nie 'n besluit was nie'

DIE Gereformeerde sinode het met die besluit om apartheid te afsplislet ver

"Die besluit was nie, sê g dat dit blybaar heel onop verbygegaan het, maak de 'n minderheidsverslag van die deputate van die wit GKSA. Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) voor gelê het.

Hierin word onder meer gesê dat die ideologie van apartheid 'n politieke stelsel is waardeur menswaardigheid aangetas word en waardeur een spesifieke groep tot sy nadeel deur 'n ander groep verdruk word.

En dit is nie op Christelik-etiese gronde aanvaarbaar nie, omdat die wese van versoening, naasteliefde en regverdigheid, onafwendbaar die eenheid van die kerk en die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantast.

Ondie rede is apartheid 'n sonde en die Bybelse regverdiging daarvan kettery, sê die verslag. Die inhoud van die verslag is deur die sinode goedgekeur.

Terwyl iemand soos prof Koos Vorster van die teologieeskool Hammanskraal dit sien as 'n besliste uitpraak teen apartheid, het prof Jordie Jordaan van die Potchefstroomse teologieeskool van hom verskil.

Gevra oor sy siening van die besluit sê Jordaan: "Nee, ek sien dit nie as 'n veroordeling van die stelsel van apartheid soos ons dit hier ken nie, want die verslag verwys na 'n ideologie en ek beskou nie apartheid as 'n ideologie nie."

Om die rede is die woord "apartheid" vroeër in die verslag tussen

aanhalingstekens, sê hy.

'n Paar dae later het die tweede besluit geval, dié keer tydens 'n besprekking van 'n verslag van die Christian Reformed Church (CRC) van Amerika. Die CRC beskuldig die GKSA daarvan dat hulle nog nooit apartheid as 'n sonde verwerp het nie. Hierop antwoord die sinode: Dis duidelik uit vorige besluite dat die GKSA die praktiese beoefening van die ideologie van apartheid en van enige beleid wat onreg impliseer, verwerp.

Die swart en bruin sinodes van die GKSA sê egter dat apartheid in praktyk steeds in die Kerk geld. Die blote feit dat daar vier sinodes met 'n rasse-grondslag bestaan, is 'n bewys hiervan.

Behalwe die wit sinode (Potchefstroom), is daar die bruin sinode, Soutpansberg, wat uit 11 klein gemeentes versprei oor die hele land worstel om kop bo water te hou, die swart sinode Soutpansberg, in die Noorde, en die sinode Middelland in Suid-Transvaal en die Vrystaat. Die sinodes kom eenmaal in vier jaar byeen in 'n Algemene Sinode.

Die Soutpansberg sinode het besluit dat die swart sinodes voortaan volle inspraak in die teologieeskool Hammanskraal kry.

Nog 'n belangrik stap om die gespanne verhouding tussen die sinodes op te los, is 'n besluit van die Potchefstroom-sinode om toe te stem tot 'n buitengewone Algemene Sinode waarop die samestelling van die Algemene Sinode bespreek sal word. Die hoop is dat die buitengewone Algemene Sinode nog vanjaar sal plaasvind.

- INA VAN DER LINDE

WEL, wat het gebeur?

Kortom, die Groepsgebiedewet en die segregasie-beleid van die regering was 'n kolossale mislukking. Dié mislukking word toegeskryf aan 'n kombinasie van faktore, waaronder die gebrek aan behuising in swart, bruin en Indiërgebiede die sterkste is.

Volgens 'n ondersoek deur die Sentrum vir Beleid-studies getiteld: Black, White and Shades of Grey wat in Julie 1990 gepubliseer is, kan die "vergrysing" van wit voorstede toegeskryf word aan 'n "kombinasie van eerstens, faktore wat swart beweging na die stad gekataliseer het, en tweedens, die onwilligheid, of onvermoë van die staat om die Groepsgebiedewet toe te pas".

Die dokument, opgestel deur Lawrence Schlemmer en Louise Stack sê voorts: "Met die skrapping van die paswette, en gegewe die bestaande behuisings-agterstand en lang waglyse in townships, was beweging na leë akkommodasie in wit gebiede onafwendbaar."

Met ander woorde, die hoofsoosak vir die mislukking van die Groepsgebiedewet was die Groepsgebiedewet self.

Gepaard hiermee was die veranderende beleid van die private sektor, wat nie regstreeks deur die uitwerking van die Groepsgebiedewet geraak is nie, maar tog aktief betrokke geraak het by die verskaffing van behuising in wit gebiede vir swart werknekmers.

Die ontwrigting weens die township-geweld in 1984 het byvoorbeeld daartoe geleid dat werkgewers werkers gehelp het om alternatiewe verblyf buite die townships te vind.

Schlemmer en Stack noem ook inisiatiewe deur veral Amerikaanse maatskappye, ingevolge die Sullivan-beginsels wat daarop gemik was om segregasie in Suid-Afrika te ondermy, en voeg daarby die besef van wit besigheidsmense dat hul oorlewning van 'n sterk swart middelklas afhang. Dié besigheidmanne het pogings om grys "vrye handelsgebiede" te vestig, aangemoedig.

Gepaard hiermee was die groeiende onvermoë van die staat om oortreders van die Groepsgebiedewet te vervolg. Die staat se hand is erg verswak deur 'n hofuitspraak in 1982 wat dit onwettig gemaak het om mense te verskuif sonder om alternatiewe verblyf te verskaf. Dié saak staan bekend as die Gouverner-uitspraak.

Maar die hoofrede waarom dit moeilik geword het vir die staat om mense te vervolg was die toenemende, amper onstuitbare toevloei van mense uit die verarmende platteland en ekonomies bedrukte stede soos Port Elizabeth en Durban, na die Goudstad.

Syfers uit Stack en Schlemmer se navorsing wys dat net 3 uit 1 243 klagtes van oortreding in 1987 voor die hof beland het en geen ander klagtes 2 Junie 1987 af ondersoek nie. Met dié gebrek aan ampelike reaksie, het die aantal permitte vir wettige verblyf toegeneem teen 'n koers van 400 persent.

In 1987 is daar byvoorbeeld 1025 aansoekte om verblyf in 'n wit gebied gedoen, vergeleke met die 280 in die tydperk tussen September 1985 en Augustus 1986. Toestemming is aan ongeveer 40 tot 55 persent % die 1985/86 tydperk gegee. En in 1987 is 93 persent van die aansoekte goedgekeur.

Daar was dus 'n baie duidelike verslapping van die ampelike posisie sover dit die Groepsgebiedewet betref. Ander tekens van ampelike goedkeuring was reeds te bespeur in die skrapping van die Wet op Aparte Geriewe, wat in Oktober 1990 finaal van die wetboek gehaal is.

Dit is voorafgegaan deur die geleidelike desegregasie van geriewe van die middel-sewentigerjare al. Die Wet op Aparte Geriewe is belangrik in die toepassing van die Groepsgebiedewet, omdat die twee hand aan hand gebruik is om ruimtelike apartheid af te dwing.

Daar is duidelik dat daar geen terugkeer is nie. Om segregasie weer toe te pas sal 'n "massiewe gedwonge verskuiwings-programme wat vergelyk kan word met dié in die sestigerjare," verg, volgens 'n dokument wat verlede jaar deur die Stedelike Stigting uitgereik is.

Wat gaan verder gebeur? Gaan daar hordes swartmense in Johannesburgse parke uitspan? Gaan hulle witmense uit hul weelderige, en soms nie-so-weelderige huise uitstoot? Gaan rassehaat opvlam as gevolg van die verskille in "standaarde"? Gaan eiendomspryse daal of styg?

Verskeie agente met 'n belang in die eiendoms- en behuisingsmark, sowel as mense

SA staan al lank om die graf van die Groepsgebiedewet

Almal weet dat die Groepsgebiedewet van 1950 lankal dood is. Al wat pres F.W. de Klerk nog in die Parlementsitting kan doen wat volgende week begin, is om dié wet amptelik van die wetboek van Suid-Afrika te skrap. Die gelaatskleur van Suid-Afrika se grootste stede, en vernaamlik Johannesburg, het só gou verander dat mense nou nog wonder: wat het gebeur? Die vraag moet natuurlik gevolg word met nog een: wat gaan verder gebeur? AUDREY BROWN stel ondersoek in.



Polisie 'besoek' vroegoggend 'n huis in Sophiatown.

Foto: Jurgen Schadeberg

wat belang stel in die huisvestingsregte van mense, staan op die wegsprielyn om die gebeure ná die skrapping dop te hou, maar hulle het intussen 'n goeie idee oor wat moet volg kan gebeur.

Hulle antwoord almal nie op al die bovenoemde vrae - met sekere kwalifikasies.

Daar gaan nie hordes swartmense op Johannesburgse se skamele groen gebiede neerdaal nie en witmense gaan nie uit hul huise gestoot word nie - maar dan moet die skrapping van die Groepsgebiedewet gepaard gaan met 'n strategie om die algemene gebrek aan behuising in alle gemeenskappe aan te spreek.

Volgens Michael Koukis van die Ontwikkelingsbank moet die wet vervang word met 'n behuisingskema wat informele behuising as 'n fait accompli aanvaar.

"Die afskaffing van die Groepsgebiedewet moet in die konteks van 'n ontwikkelende, veranderende land gesien word. Verstedeliking is 'n onafwendbare feit. Maar omdat die staat nie genoeg geld het om aan behuising te bestee nie, moet informele behuising as 'n sentrale komponent van behuisingsstrategie aanvaar word."

"Die staat moet ingryp deur informele bouers te ondersteun, deur deregulering van die nywerheid, en deur 'n buigbare beleid in te stel wat nie toekomstige beplanning sal belemmer nie."

Cas Coovadia, 'n woordvoerder vir Actstop, die organisasie wat al jare lank die Groepsgebiedewet

dewet beveg, sê hy verwag nie dat daar rasswrywing sal kom nie.

"Maar met al die gepraat oor standaarde moet mense nie vergeet dat ons hier praat van onrealistiese standaarde wat gestel is deur bevoordele witmense nie. As standaarde gebruik word om teen mense te diskrimineer, sal ons dit beveg."

Koukis sê mense met dieselfde belang sal bymekaar woon; ongeag die kleur van hul vel.

"Soort soek soort. Maar aangesien daar so 'n klein swartmiddelklas is, sal daar beslis nie 'n geweldige instromming wees nie."

En instroming sal ook geskied in gebiede waar mense gemaklik voel - die sogenoemde "sagte" plekke. Mense sal byvoorbeeld nie na 'n ver-regse gebied trek nie."

Navorsing deur Erwin en Antoinette Rode, versprei in Rode's Report, verskaf voorbeeld van verskeie stede in Suider-Afrika sowel as Amerika waar desegregasie plaasgevind het en bevind dat prysel negatief geaffekteer word, maar dat dit in die meeste gevalle nie van lange duur is nie.

Hulle het ook gevind dat "finansiële instellings en eindomspraktisys 'n besliste rol in die manipulasie van residensiële woongebiede speel."

Hier word verwys na die verskaffing van huislenings en verbande, waar finansiële instellings mag besluit om nie verbande te verskaf in sekere gebiede omdat dié gebied vervalle kan word as gevolg van desegregasie.

Die praktyk word "redlining" genoem omdat 'n rooilijn om 'n gebied op 'n landkaart getrek word om dit uit te sonder vir dié behandeling. Die praktyk lei juis dikwels tot die verval van 'n gebied.

Daar word alom saamgestem dat 'n groot mate van integrasie nie op die kort termyn sal geskied nie, behalwe in dié gebiede waar dit alreeds gebeur.

Daar bestaan wel 'n paar prikkelende scenarios vir die toekoms, en daar word alreeds bespiegel oor wat sal gebeur in swart, bruin en Indiërgebiede, waar grondpryse laer kan wees as in wit gebiede. En wat van gebiede soos Alexandra, wat 'n gesogte ligging in die noordelike voorstede het?

Miskien sal Suid-Afrika weer lyk soos hy gelyk het voor 1950. Volgens 'n studie deur die Stedelike Stigting is Suid-Afrikaanse stede gekenmerk deur 'n "hoë segregasie-indeks", wat beteken dat mense tot 'n groot mate wel in aparte buurte gewoon het.

Die redes hiervoor was informele sosiale druk, persoonlike keuse en die beperkinge van 'n wye reeks diskriminatorese munisipale ordonnansies, verkoopakte en die Naturelle Grondgebiedewet van 1913.

'n "Los, sonal georganiseerde patroon van segregasie het dus bestaan, maar ná toepassing van die Groepsgebiedewet is Suid-Afrika se stede meer gesstruktureer en gekwartier as in enige tyd wat dit voorgegaan het".

Sophiatown,
n simbool
van
bitterheid



Die begin van die einde: 'n chronologie van desegregasie

Die vyftiger- en sestigerjare is gekenmerk deur pogings van die staat om sover moontlik aparte groepsgebiede en geriewe vir die verskillende bevolkingsgroepe te bewerkstellig. Maar teen die agtergrond van gedwonge verskuiwings en die skepping van aparte huislande en politieke strukture vir swart-, bruin- en Indiërs-mense, blyk daar in die sewentigerjare duidelike tekens dat totale segregasie onmoontlik is, en die eerste pogings om segregasie van veral openbare geriewe en sake- en handelsgebiede oop te stel, word suksesvol aangewend. Klein apartheid is aan 't verkrummel...

1974: Die Johannesburgse stadsraad verwyder "slegs blankes"-tekens van rusbanke in openbare parke.

1975: Die Carlton-sentrum word toegelaat om die eerste nie-rassige restaurant te open en gemengde gehore word die eerste keer in teaters toegelaat.

1976: 20 hotelle kry "internasjonale" status wat swartmense van ander lande toelaat en op sommige plekke word swart Suid-Afrikaners ook toegelaat, terwyl 21 ander hotelle se aansoek geweier is. Die Theron-Kommissie van onderzoek beveel aan dat die sentrale sakekern desegregeer word.

1977: Bruin en Indiërs-kleinhandelaars word ingevolge artikel 16 van die Groepsgebiedewet toegelaat om buite hul eie groepsgebiede handel te dryf. Geriewe in howe en Kaapse busse word vir alle rasse oopgestel.

1978: Daar bestaan 58 "internasjonale" hotelle, en permanente permitte vir gemengde gehore word toegestaan.

Die Riekert-Kommissie vir onderzoek beveel aan dat sekere gebiede van die sentrale sakekern desegregeer moet word en die Oos-Londonse stadsraad kry toestemming om sy busse oop te stel.

1980: Kaapstad se stadsraad besluit om nie strand segregasie toe te pas nie en die staat verleen die mag aan munisipaliteite om sportgeriewe te desegregeer.

1981: Die Presidentsraad ondersoek die moontlikhede vir oop handelsgebiede en streeksowerhede word toegelaat om swart kinders by gesubsidieerde private skole te aanvaar.

1982: Ingevolge 'n wysiging op die Groepsgebiedewet (art 62 van 1982) mag daar nou drank by gemengde klubs met dranksensies en sportbyeenkomste verkoop word. In die saak tussen die Staat vs Govender word daar beslis dat 'n persoon of gesin nie verskuif mag word as hulle nie van alternatiewe verblyfplek voorsien kan word nie. As gevolg van dié beslissing word gedwonge verskuiwings, veral uit wit groepsgebiede, bemoeilik. Die Presidentsraad staaf dié beslissing en beveel verder aan dat handelsvrystellings makliker verkrybaar gemaak word.

1983: 74 hotelle, 34 restaurante en ses renbane het "internasjonale" status terwyl 15 aansoek vir nie-rassige bioskope ontvang word, waarvan 11 geslaag is. Die Strydom-Kommissie van Onderzoek beveel aan dat sakekerns desegregeer word en die Transvaal Provinciale Administrasie belemmer planne van die Pretoriase Stadsraad om 17 parke vir swartmense te sluit. Die wysiging op die Groepsgebiedewet maak dit moontlik vir plaaslike owerhede om "vrye handelsgebiede" aan te vra.

1985: 78 bioskope word vir almal oopgestel. 1986: 63 plaaslike owerhede doen aansoek om vrye handelsgebiede en twee word in Johannesburg en Durban toegestaan. Met die verloop van die jaar word 29 gebiede tot vrye handelsgebiede verklaar. Die Durbanse busdiens word oop verklaar, en drie roetes in Johannesburg word gedesegregeer. Die Port Elizabeth-stadsraad doen aansoek om sy strandte te desegregeer en

alle munisipale tekens wat segregasie aandui, word verwys. 'n Wysiging op die Drankwet verklaar dat alle hotelle oopgestel mag word, maar dit is nog onderhavig aan die Groepsgebiedewet.

1987: Hospitale word onder "algemene sake" van provinsiale sake geplaas en Durban se stadsraad stel alle strandte (uitsluitende twee daarvan) oop vir alle rasse. Die Presidentsraad beveel aan dat die beginsel van aparte woonbuurte behou word, maar dat 'n mekanisme gevind word om sekere gebiede te desegregeer.

1988: As gevolg van die Presidentsraad se verslag oor die Groepsgebiedewet, word drie wetsontwerpe aan die Parlement voorgestel - die Vryvestigingswetsontwerp, die Wysigingswet op die Groepsgebiedewet-wetsontwerp en die Plaaslike Bestuursake in Vryvestigingsgebiede-wetsontwerp. 'n Grondwetlike krisis volg. Die Presidentsraad beveel ook aan dat die Wet op Aparte Geriewe afgeskaf word.

Twee van die bogenoemde wetsontwerpe word as wet aanvaar, en selektiewe integrasie van woonbuurte word toegelaat.

1989: Groepsgebiede-taakkragte word aangestel om die Groepsgebiedewet te handhaaf. Die Pretoriase Hoogereghof verworp 'n poging deur die Carltonville-stadsraad om klein apartheid uit te oefen, terwyl die Johannesburgse stadsraad busse, swembaddens en ontspanningsentrum vir alle rasse oopstel. Die eerste verhore deur die Vryvestigingsraad begin; vier gebiede word voorgestel vir vryvestiging. Pres FW De Klerk kondig aan dat die Wet op Aparte Geriewe geskraap gaan word en versoek plaaslike owerhede om strandte oop te stel. 1990: Die Johannesburgse stadsraad stem om dié munisipale gebied 'n vrye handelsgebied te maak. Queenstown en Durban se rade beveel dit aan. Pretoria, Klerksdorp en Vryheid se stadsrade doen aansoek vir opesakekerns. 'n Voorgestelde Johannesburgse vryvestigingsgebied word geadverteer vir kommentaar, maar die voorstel word deur die Johannesburgse Stadsraad verworp.

Die Wet op Aparte Geriewe word geskraap en die staat gee kennis dat die Groepsgebiedewet moontlik in die volgende parlementêre sitting geskraap kan word.

(Dié inligting is verkry uit die dokument "Policies for a New Urban Future: Tackling Group Areas Policy" wat deur die Stedelike Stigting gepubliseer is)

Pretorianers positief oor 'n oop stad

HOE voel Pretorianers oor die oopstelling van alle woongebiede?

Heel positief, as die Groot Pretoria in ag geneem word. Minder so as net die wit inwoners gevra word.

Terselfdertyd is die meeste van die inwoners van Groot Pretoria ten gunste van die samesmelting van die munisipaliteite van Pretoria, Atteridgeville, Mamelodi, Eersterust en Laudium.

Vrae oor oop woongebiede is per telefoon aan sowat 728 inwoners van Groot Pretoria gestel in 'n ondersoek wat onder leiding van André Horn van die Departement Geografie van Tukkies gedoen is.

Dié steekproef, wat deur die RGN saamgestel is, het 370 blankes, 255 swartmense, 51 bruinmense en 52 Indiërs van die woongebiede Pretoria, Verwoerdburg, Akasia, Atteridgeville, Mamelodi, Eersterust en Laudium ingesluit.

Die algemene gevolgtrekking is dat 62 persent van die inwoners van Groot Pretoria ten gunste van die oopstelling van alle woongebiede is, terwyl 38 persent onseker, of daarteen gekant is.

Hier volg 'n opsomming van die gevolgtrekkings wat gemaak is.

* Die oorgrote meerderheid swartmense (84 persent), Indiërs (71 persent) en bruinmense (75 persent) is ten gunste van die oopstelling van alle woongebiede. Hierdie is 55 persent van die witmense daarteen gekant of onseker.

* Sowat 57 persent van die wit inwoners is ten gunste daarvan dat enkele bestaande en toekomstige woongebiede vir alle bevolkingsgroepe oopgestel word, terwyl 43 persent onseker of daarteen gekant is.

* Sowat 50 persent van die wit inwoners is ten gunste van die oopstelling van woonstelkomplekse vir alle bevolkingsgroepe op versoek van die eienaars of die inwoners daarvan, die ander 50 persent is daarteen gekant of onseker.

* Die vernaamste redes wat witmense vir hul teenkanting teen oopstelling aanvoer, is 'n vrees vir 'n algemene verlaging in sosiale- en woningstandaarde (wat plakkery insluit) en die oorbesetting van persele en woonstrukture.

* In die hooginkomstegroepe is sowat 68 persent van die witmense ten gunste van die oopstelling van woongebiede, terwyl 65 persent in die middel- en laer inkomstegroepe onseker, of daarteen gekant is.

* Die meerderheid Afrikaanssprekende witmense (63 persent) is onseker of gekant teen die oopstelling van woongebiede, terwyl die meerderheid Engelssprekendes (75 persent) ten gunste van oopstelling is.

* Witmense in die ouderdomsgroep 18-29 jaar is meer gekant teen oopstelling (61 persent) as diegene in die ouderdomsgroep 30-49 jaar (58 persent), en die groep van 50 jaar en ouer (48 persent).

* Die algemene verwagting is dat die Groepsgebiedewet nog vanjaar afgeskaf of gewysig gaan word (44 persent van alle bevolkingsgroepe), terwyl 37 persent glo die wet gaan gewysig word. Net 5 persent is van mening dat die wet vir nog 'n jaar behoue gaan bly.


* Die meerderheid van die inwoners van Groot Pretoria (63 persent) keur die samesmelting van die munisipaliteite van Pretoria, Atteridgeville, Mamelodi, Eersterust en Laudium goed. Dit sluit 51 persent van die witmense in, 67 persent bruinmense, 69 persent Indiërs en 78 persent van die swartmense.

* Die meerderheid van die inwoners van Groot Pretoria (83 persent) is ten gunste van die oopstelling van alle handelsgebiede in die stad.

Dit sluit 76 persent van die witmense in, 82 persent van die bruinmense, 90 persent van die swartmense en bykans 100 persent van die Indiërs.

- INA VAN DER LINDE

Een van die ingewikkeldste maatreëls ooit



Distrik Ses of Zonnebloem soos dit nou heet.

Foto: Rashid Lombard

WAT was die Groepsgebiedewet?

Die Groepsgebiedewet is in 1950 gepromulgeer en hoewel daar verskeie wysiginge aan dié wet aangebring is, het die essensie daarvan nooit verander nie - dat Suid-Afrikaners in aparte woonbuurte vir verskillende groepe soos gedefinieer deur die Wet op Bevolkingsregistrasie ingedeel word.

Volgens regskenners is dié wet een van die ingewikkeldste maatreëls wat nog op die wetboek gekom het, en kan dit nie verstaan word sonder om bestaande rasgewetgewing agter die groepsgebiedemaatreëls in ag te neem nie.

Trouens, die Groepsgebiedewet is ontwerp om 'n territoriale dimensie aan ras- of groepsidentiteit te gee, en dus moet ook die filosofie daaragter begryp word.

In 'n konsep-dokument oor groepsgebiede wat die regering in 1950 uitgereik het, word dié wet beskryf as die "belangrikste maatreël op die gebied van rasverhoudings wat nog ooit in Suid-Afrika aangeneem is. Net die wette wat van tyd tot tyd stemreg aan nie-blankes toegeken het, en hier en daar weer weggenoem het, kan enigsins daarmee vergelyk word."

Die wet is ontwerp om aparte woonbuurte en handelsgebiede in munisipaliteite te skep. 'n Baie belangrike faset van die wet is dat die regering in staat stel om die hele land of stukkie vir stukkie in aparte woon- en handelsgebiede in te deel, of by wyse van 'n groot, oorsigtelike plan tussen blank, bruin en swart te verdeel. "Alles hang af van die benadering wat gevolg word."

Die dokument lees verder: "Die Wet op Groepsgebiede pas die beginsel van verpligte apartheid op groot skaal toe, maar op so 'n rekbare en geleidelike wyse dat dit in die oorgrote meerderheid van gevalle pynloos en sonder groot ontbering kan geskied."

Veertig jaar later is dit al dogma dat hierdie "rekbaarheid" en "geleidelikheid" - of die regering se vertolkning van die woorde - nie die groot pyn en ontbering wat die wet veroorsaak het, kon verlig nie. Ondersoeke deur die Stedelike Stigting in 1989, en die Surplus People's Project in 1987, spel dit uit dat die doelstellings soos uiteengesit in die konsep-dokument nie bereik is nie.

Die Stedelike Stigting sê in 'n dokument getitel: Tackling Group Areas Policy dat die Groepsgebiedewet 'n "oorweldigende invloed op die strukturele transformasie van Suid-Afrikaanse stede gehad het," omdat die wet as 'n instrument vir stedelike beplanning gebruik is as deel van 'n "spesifieke ruimtelike-politiese visie".

Ingevolge hierdie visie, dié van apartheid, het die toepassing van die wet rondom ses mikpunte geskied, mikpunte wat elkeen met mekaar verweef was.

* Eerstens sou daar gekonsolideerde woonbuurte vir elke rassegroep bestaan;

* tweedens sou elke gebied 'n agterland vir toekomstige groei hê,

* derdens sou gebiede deur sterk hindernisse soos 'n river, of hoofweg van mekaar geskei word. Ingeval dit nie moontlik was nie, sou oop veld gebruik word om die skeiding te bewerkstellig.

* vierdens sou elke rassegroep toegang tot 'n werksone hê, waar hulle met ander ras in aanraking kon kom, maar geen rassegroep sou die woonbuurt van 'n ander moes oorkruis om by die werk uit te kom nie;

* vyfden sou die reël geld dat swart gebiede nader aan werksentrum moet wees, omdat hulle die hoog koste van vervoer moet dra op lae lone en

* sesdens sou elke gebied so ver moontlik onafhanklik van die ander wees en na gelijkheid gestrewet het.

Maar die meeste van dié doelwitte is nie bereik nie. Al wat dit reggekry het, was om groot getalle mense te verskuif, van wie verreweg die meeste bruinmense en Indiërs was. Die SPP se studie stel die syfer op 860 000 mense wat tussen 1960 en 1983 verskuif is. Van dié mense was 65 persent bruin, 34 persent Indiërs en net 1 persent wit. In Durban is 60% van die totale bruin en Indiërbewolking verskuif, vergeleke met 10 persent van die witmense.

Die posisie van die swartmense, sover dit groepsgebiede betref, word só verduidelik deur die konsep-dokument van 1950:

"Die wet geld nie, en kan nie toegespas word nie op die volgende gebiede nie; swart gebiede afgesonder deur die Naturelletrust en grondwet, 1936; Lokasies, naturelle dorpe en naturelle-tehuise wat val onder die wet op Naturelle in Stadsgebiede, 1945; en Kleurlingen-nederings-, reserwes en sendingstasies, wat val onder die desbetreffende wette van 1909 (Kaap), 1946 en 1949 en nasionale parke."

Die redes hiervoor was dat die betrokke gebiede reeds onder die bestaande wette bevredigend beheer was, en nie die beheer van 'n nuwe wet nodig gehad het nie. Lokasies het dus nie onder die wet gevall nie, maar hulle kon wel onder die bestaande wette verskuif of verwyder word."

Dus is gedwonge verskuiwings van swartmense nie gedoen ingevolge die groepsgebiedewet nie, maar wel onder 'n swetterjol ander wette.

Om die Groepsgebiedewet toe te pas is 'n Groepsgebiederaad daargestel om verskeie woonbuurte in dorpe en stede te identifiseer vir die eksklusiewe gebruik van 'n gegeve rassegroep. Tot dusver toe is daar 1 700 groepsgebiede verklaar, en feitlik alle woonbuurte in Suid-Afrikaanse dorpe en stede

is vir die uitsluitlike gebruik van die een of ander rassegroep afgebaken.

Hoe sou 'n groepsgebied tot stand kom? Dit sou geskied by wyse van proklamasie deur die regering nadat daar aan bepaalde voorvereistes voldoen is.

'n Raad vir Grondbesit moes eers aan die Minister rapporteer oor die wenslikheid van só 'n proklamasie. Voordat die raad rapporteer, moes hy eers die voorgestelde gebied aan die publiek bekend stel en belanghebbendes uitnooi om vertoeës te rig.

Die raad moes in aanmerking neem of daar ander huisvesting beskikbaar was vir die persone wat verskuif sou word. Die raad was egter nie verplig om alternatiewe huisvesting te vind nie. Die minister was ook nie gebonde aan die bevindinge van die raad nie.

Dié beginsel is in 1982 ondermy in die Hooggeregshofsaak Staat vs Govender, waarin bevinde is dat alternatiewe verblyf gevind moet word voordat mense ingevolge die Groepsgebiedewet mag verskuif word.

'n Groepsgebied kon een van drie vorme aanneem: net vir eiendom, net vir okkupasie, of vir eiendom en okkupasie deur 'n groep soos bepaal word deur die Wet op Bevolkingsregistrasie.

Die Groepsgebiedewet is baie streng toegespas in die vroeë vyftiger-, sestiger- en sewentigerjare en het geleid tot die vernietiging van gebiede soos Distrik Ses in Kaapstad, Sophiatown en Vrededorp in Johannesburg en Central in Port Elizabeth.

In die tagtigerjare is die situasie heeltemal omgekeer toe duisende mense weens 'n tekort aan behuising in hul eie groepsgebiede na wit woonbuurte gestroom het. Dié fyn uitgewerkte plan het op die ou end misluk, en net bitterheid en smart agtergelaat.

- AUDREY BROWN

Hulle speel skaak, hulle beoefen nie nie-rassigheid nie

WAAROM sal iemand 'n boek oor nie-rassigheid wil skryf? Nie-rassigheid (non-racialism) is 'n goeie onderwerp vir 'n slagspreuk, selfs vir 'n pamphlet, of 'n brosürre, maar 'n boek?

En dan is die skrywer nog Julie Frederikse, wat met haar vorige boeke, oor die mediaoorlog tydens die Zimbabweense bevrydingstryd en die ander soort oorlog van die Suid-Afrikaanse township-opstand 'n soort kultusfiguur onder "lefties" geword het.

Soos Julie self sê, voor sy haarselv soos 'n politikus korrigeer: "Non-racialism is a kind of funny word." Want as 'n konsep gaan "nie-rassigheid" oor konstante negering, van iets wat natuurlik, deel van die menslike kondisie is, dat ons almal die kenmerke van verskillende rasse dra, dag in, nag uit.

Van Amerikaanse afkoms, sal Julie 'n mens vergewe as jy dit met Amerikaanse rugby vergelyk: die hele spel draai daarom om ander spelers te keer om die man wat die bal dra, te keer. En wie hou nou van Amerikaanse rugby?

Hoe maak 'n mens byvoorbeeld 'n buiteblad vir 'n boek oor non-racialism? Ons het skaars aangesit vir middagete of die gesprek gaan oor die minder gelukkige omslag van Ravan se weergawe: 'n tekening van drie mense van oënskynlik verskillende rasse wat mekaar se hande met uitdrukings van verrukking omhoog hou.

Julie is duidelik nie gesteld met dié idealistiese klem op haar onderwerp nie. Sy blaai na 'n foto, wat sy meen liever op die voorblad gebruik kon gewees het. Dis van 'n ouerige witman wat skaak speel teen 'n jong snuitertjie, 'n swart seun wat skaars bo-oor die rand van die tafel kan kyk.

Die ousbaas is op die verdediging, hy lyk of hy wil oorgee. Die snuiter kyk na hom met die volle uitdagendheid van die jeug, met 'n tikkie minagting daarby.

Hulle dink nie aan mekaar as lede van verskillende rasse nie, sê Julie. Hulle volle aandag is by die spel, waar hulle op gelyke voet besig is om, nie sentimentel saam te verkeer nie, maar kragte te meet.

Presies, wil 'n mens sê.

Hulle speel skaak, hulle beoefen nie nie-rassigheid nie.

Aanvanklik ervaar 'n mens Julie Frederikse as 'n intense mens. Sy klink soos 'n kneejerk-aktivis, 'n "leftover leftie" uit die pre-1989 wanneer sy woorde soos "empowerment" en "class analysis" gebruik.

Is sy nie maar net nog 'n ex-revolutionary wat kom offer op die altaar van die nuwe godsdienst, anti-apartheid en die einste nie-rassigheid nie?

In haar motto haal sy Woody Guthrie aan: "I am no more, no less, than your clerk that writes it down, like a debt always owed and partly paid. This book of debt and part payment."

Op die oog af is dié woorde darem "do-goodie liberal" by uitstek. 'n Mens kyk onwillekeurig na die getooide en behangde sakeman-sekretaresse-kliënte rondom jou, by die pre-(en post-) revolutionêre Sunnyside Park Hotel waar die onderhoud plaasvind. Koop die boek en jou skuld is betaal, jy kan weer glimlag vir die kelner.

'n Mens kom gou agter dat jy nie op persoonlike viak 'n antwoord by Julie gaan kry nie. Dis besigheid, die hele pad.

Enige vrae oor haar private lewe word beslis en met 'n effense ergernis van die hand gewys.

Die dag van die onderhoud is ek glad nie op my stukke nie. Ek worstel met die bandopnermer, dink tot my afgryste dat die batterye pap is, maar sy vat dit by my en wys my waar ek die knoppies verkeerd gedruk het.

Sy is duidelik 'n hoogs doeltreffende mens, iemand wat "the buck stops here" sou uitgedink het as Harry S Truman dit nie eerste gebruik nie.

Die koerantknipsels wat die uitgewer aan my gee, bevestig die bogenoemde. Sy het haar matriek in Amerika 'n jaar vroeër klaar ge-

Julie Frederikse se jongste boek handel oor die skynbaar vervelige onderwerp van nie-rassigheid. Sy het onlangs vir die eerste keer in jare weer voet in Suid-Afrika gesit. HANS PIENAAR het met haar gesels



Julie Frederikse

Nie-rassigheid so Suid-Afrikaans soos bobotie en Boeremusiek

maak. Haar studie aan die Cornell-universiteit in Ithaca, New York het sy betaal deur deeltys by 'n plaaslike radiostasie te werk, waar sy die nuusredakteur geword het.

Dié studie het sy ook 'n jaar vroeër klaarmak, deur 'n spesiale kursus vir haarselv uit te werk. Erens langs die pad het sy haar kinderdom laat daar om 'n danser te word.

Na universiteit het sy gou by AP Radio in Washington beland, en kon sy die hele Amerika vol reis.

In dié tyd wen sy 'n prys vir 'n dokumentêr oor die vooruitgang wat swartmense in Amerika in die Mississippi-delta gemaak het in die vyftien jaar nadat die Stemreg-wet deur die Kongres geloods is.

National Public Radio, een van die grootste radiostasies in Amerika, het haar nadergewink. Sy sal by hulle aansluit, het sy gesê, mits Afrika toe kan gaan.

"Ek wou altyd 'n 'foreign correspondent' wees," het sy gesê. "Dit het al die glamour". En as reis in Amerika opwindend was, het ek gedink, sal reis oorsee nog opwindender wees."

Afrika was sedert haar universiteitsdae interessant vir haar, omdat die vraagstukke baie werklik en dinamies gelyk het, maar tog nie van soveel globale belang was soos in Sê maar die Midde-Ooste dat 'n mens nie meer die menslike aspekte raaksien nie.

Omdat haar pa 'n Hollandse fisikus was - haar ma is 'n Italiaanse skilder - het Suid-Afrika, waar sy gemeen het sy sou Afrikaans kon verstaan, haar aangetrek.

Haar gebied het tot by Kairo gestrek, maar sy het gou besef dat die Rhodesiese oorlog toe die groot storie was. Sy het haar redakteurs oorgehaal om haar net daarop te laat koncentreer.

Maar die feit dat haar materiaal net vir die volgende dag se nuus gebruik is, was ook nie bevredigend nie. Sy wou iets meer doen.

Sy het elke geleentheid begin gebruik om onderhoude te voer, met enigiemand wat sy teekom op haar reise na die eertydse Salisbury.

Kort na die verkiesing in 1980 het dit haar opgeval dat die blankes geskok en bitter gevoel het dat hulle nie Robert Mugabe se oorweldige oorwinning kon voorspel nie.

Wanneer sy gesê het sy reken dis die media se skuld, het hulle geantwoord: "Dis die ding, dis wat gebeur het."

Inderdaad is "None but Ourselves" waarskynlik dié boek wat die breukspul van die Rhodesiese Oorlog die beste verduidelik, van hoe die Rhodesiërs met hul eie propaganda sirkels om hulself gehardloop het, sodat hulle op die ou end glad nie meer verstaan het wat aangaan nie.

Uit haar onderhoude met swart Zimbabweërs is dit oorweldigend duidelik dat dié propa-



and blacks and no Jewish boy will marry me. I just looked at him - to me this was completely nonsense that he was speaking... I wasn't going to alter my lifestyle," vertel die vakbondorganiseerde Ray Alexander.

En 'n kostelike stuk Boerekoppigheid in die storie wat Tom Phillips, 'n bruinman, vertel van hoe hy in die dertigerjare 'n "shop steward" geword het vir Afrikanermeisies wat onderklere gemaak het.

Soekbond, aan die voorpunt van die bevrydingstryd, het geglo dat dit om taktiese redes nodig was om apartheid te handhaaf, om Afrikaanse organisateurs aan te stel vir Afrikaners.

Maar die werkers self, die Afrikaanse meisies, wou nie saamspeel nie. 'n Vergadering ten spyt waarop die saak vir 'n Afrikanerkandidaat uitvoerig gestel is, het hulle vasgeskop - hulle wou vir Phillips hê. Hy was dan die beste.

Wat 'n mens hier het, is die harde getuienis van lewenstyle wat natuurlik is, nie iets kunsmatigs nie, soos almal gemaak glo is na eeue van apartheid. Soos 'n mens die een boeiende vertelling na die ander lees, word dit duidelik dat "non-racialism", al is dit nie dikwels op die voorgrond nie, so Suid-Afrikaans soos bobotie en Boeremusiek is.

Trouens, later stem Julie saam dat die politieke geskiedenis dalk een lang sameswinging was om die bestaan van "nie-rassigheid" te ontken.

Dwarsdeur die boek is een van die newetemas die rol wat die apartheidstaat self gespeel het om "non-racialism" te bevorder.

Soos MB Yengwa, lid van die radikale Jeugliga van die ANC wat in die vyftigerjare meer militante aksie wou hê, antwoord op Julie se vraag (Op watter manier het jy weg beweeg van Afrikanasionalisme?):

"Well, (through) the actual struggle. The National Party made laws against the Communist Party, it made laws against the coloureds, the Group Areas Act, and so forth. We felt that, no, we are lumped up together and we must all fight together. This was a natural process of learning about our common struggle against apartheid, and we were able to discover in actual practice that our fight was against the common enemy."

'n Groot mistasting was die Hoogverraadverhoor van 1956. Die staat het onsuksesvol probeer bewys dat die organisering van die Volkskongres in 1955 - of die Bont Kongres soos Die Transvaler dit gedoop het - 'n Komunistiese komplot was.

Hulle het die teenoorgestelde bereik, skryf Julie. Daar was 156 beschuldigdes, en hulle is alfabeties gerangskik, sodat die "Communists" langs die "Christians" beland het.

In die vier jaar wat die verhoor geduur het, het hulle mekaar polities en persoonlik leer ken.

Julie het lankal besluit om in Suider-Afrika te bly. Sy is getroud met 'n prokureur in Harare en maak 'n tweeling groot. Onlangs het sy teruggekeer van 'n toer om die oorsese uitgawe van die boek te promoveer.

Sy het ontdek dat haar verblyf in Zimbabwe haar 'n groot teensin in die verbruikerssetos van haar eertydse vaderland laat ontwikkel het.

En die rassisme is veel erger in lande soos Amerika en Brittanje as hier, glo sy. FW de Klerk se 2 Februarie het haar ook geweldige optimisties gemaak oor die toekoms, juis omdat die tradisie van "non-racialism" so sterk is. Dis iets unieks meen sy, in Afrika en ook in die res van die wêreld...

Die feit dat daar omstrengt geen protes was toe oop skole vanjaar begin nie, laat haar verder moed skep.

Wanneer ons wegstaap van die hotel af, staan 'n paar groen omies van 'n veiligheidsmaatskappy wag terwyl geld afgelaai word. Hulle het gehawende gesigte en lyk maar bra onseker van hulself.

"Is sulke werk nie eers deur swart wagte gedoen nie," vra die immer opletende Julie.

Ek lees tekens van die steeds groeiende mag in hul agterdogtige blikke, sy sinspeel op iets anders: Was dit nie vir die nuwe gees van non-racialism in die land nie, had hulle dalk nie werk nie.

'Die uitroep om 'n nasionale tuiste vir die Jode maak nie veel indruk op my nie. Die motivering daarvoor word in die Bybel gesoek en in die Jode se hardnekkige hunkering na 'n terugkeer na Palestina.'

Hoekom sal hulle nie soos ander volke van die aarde daardie land waar hulle gebore is en hul bestaan voer, hulle tuiste maak nie.

Palestina behoort aan die Arabiere op dieselfde manier as wat Engeland aan die Engelse behoort, of Frankryk aan die Franse.

Dit is verkeerd en onmenslik om die Jode op die Arabiere af te dwing. Wat vandag in Palestina gebeur, kan nie moreel geregtig word nie.' - Mahatma Gandhi oor die vestiging van die staat Israel

VAN die minaret van die Al Aqsa-moskee in die Moslem-gebied van die ou stad Jerusalem, dryf die klanke van die Sjeik se uitvoering van skrifgedeeltes van die Koran hartseer oor die binnehof van die Haram As Sharif, dié gebied wat die Jode "Temple Mount" noem.

Binne die mure van die Haram, en regoor die antieke stene van die binnehof, staan potplante waar jong Palestyne gevallen doodgeblou het, of op slag dood is na "die Jode" op hulle geskiet het tydens skermutselinge, het Hamid, die jong man van Hamas, vir my vertel.

Hamid is een van duisende jeugdiges in die "Bantustans" van die Joodse staat wat vir die afgelope drie jaar betrokke was in 'n intifadah (opstand) teen wat hy en die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO), Sionistiese aggressie noem.

Toe die aatsbiskop van Kaapstad, Desmond Tutu, gepraat het van die ooreenkoms tussen Israel en Suid-Afrika, het die Israeli's gesuggereer dat hy 'n anti-Semiet is.

As ek kyk na die potplante in die binnehof, onthou ek die slagtings by Sharpeville en Sebokeng, Langa in die Oos-Kaap en Mamelodi, waar Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte in verskillende voorvalle losgebrand het op inwoners en baie mense na die tyd dood aangetref is.

"Hoekom roep die Imam daardie skrifgedeeltes uit?", het ek gevra.

"Dit is vir die drie leiers wat gister dood is," antwoord Hamid met verwysing na die moord op drie senior lede van die PLO. Abu Iyad, Abu al-Hulen 'n helper is na bewering vermoord deur 'n lyfwag wat vantevore behoort het aan die linkse Abu Nidal-beweging.

Ek het die sluipmoord op Dulcie September onthou en die regering se bewering dat sy vermoord is deur 'n voormalige medewerker binne die ANC. Ek het die moord op Ruth First onthou en die amper waansinnige bewering wat aanvanklik rondgeslinger is dat die ANC haar laat vermoord het, en later dat dit haar man, SAKP-hoof Joe Slovo was.

Ek was nie vreeslik geïnteresseerd daarin om parallelle te trek tussen Israel en Suid-Afrika nie, die ooreenkoms spring as 't ware na jou toe uit en die toer na die bedevaartplek was onnodig. Ek het nie belang gestel in die Belgiese matte in Al Aqsa, of die Marokkaanse matte by die Rotskoepel nie.

Ek was egter aangegryp deur die feit dat, hoewel Jode regoor die wêreld gereeld geld stuur vir die herbouing van die "heilige land", en die Israelse regering reeds die grootste deel van Palestina herbou en gerestoureer het, die Jordaanse mense steeds betaal vir die instandhouding van die Rotskoepel en die Aqsa-moskee.

Die was ook interessant dat die skrifgedeeltes van die Koran uitgeroep is ter nagedagtenis van PLO-leiers in 'n oorwiegend Joodse stad in die Joodse staat wat die PLO en die Palestynse vlag onwettig verklaar het.

Weer het 'n tipies Suid-Afrikaanse toneel by my opgekom. Jong mense in die townships van Suid-Afrika het gedans en bevrydingsliedere gesing onder die neuse van die polisie gedurende die tyd van township-beleërtinge. En, soos in Israel, is hulle vlae vir baie jare verban.

'n Jaar gelede, en vir amper dertig jaar voor dit, kon jy nie met die ANC of PAC praat sonder om as 'n verraai gebrandmerk te word en selfs moontlik in hegrens geneem te word nie. In Suid-Afrika, voor 2 Februarie 1990, was dit 'n misdaad om met die ANC of PAC te praat. In Israel is dit steeds onwettig om met die PLO, satelliet-organisasies of volgelinge daarvan te praat.

Ek was net daar om uit te vind wat die

'Julle sal 'n groot ding binnekort sien gebeur'

Die Suid-Afrikaanse joernalis BERANGERE ISMAEL het daarin geslaag om verby Israelse soldate in die Palestynse gebiede van Jerusalem te kom en met Palestyne oor die oorlog in Irak te gaan praat. Hy gee sy indrukke weer



Palestynse jeugdiges glook kliippe na die Israelse grenspolisie tydens die Palestynse opstand in Junie 1990 nadat 'n Palestyn deur die Israeli's doodgeskiet is

(Foto: AFP)

opinies van die Palestyne is oor die oorlog in die Golf.

Hamid glo dat die oorlog tussen Irak en die Geallieerde magte, wat geleei word deur die Amerikaners, die begin is "van iets groots". Hy sê die Weste ondersteun al jare lank die Koeweitse regime slegs vir hulle olie.

"Hulle was nog nooit huis baie gelukkig met die feit dat die wêreld se olie-reserves nie in die hande van wit Christene is nie."

"As dit nodig is, endie aard van die koalisie lewer bewys daarvan, wil die Weste die Arabiese wêreld verdeel."

"Dit is die enigste manier waarop hulle aan die oliereserves kan vasklou sohard om die olieryke lande werklik te koloniseer," verduidelik Hamid.

Maar, sê ek, daar was baie sprake van die Palestynse kwessie in die aanloop tot die oorlog. Wat is werklik die gevoel onder die Palestyne?

Saddam Hoesein is die enigste hoop wat die Palestyne het, en dit kom voor asof, terwyl hy die wêreld se aandag het, hy voel dat dit tyd is om die vraagstuk rondom die Joodse staat te opper, asook die oorsake en gevolge daarvan in die Midde-Ooste, sê Hamid.

Terwyl die res van die Arabiese wêreld die verantwoordelikheid vir stryd teen Israel rondom "ontneming van Palestynse grond" of om

'n tuiste te vind vir die uitgesette inwoners van die Heilige Land laat daar voor, neem Irak se Saddam Hoesein die saak op.

"Julle sal 'n groot ding' binnekort sien gebeur. Saddam het gesê hy sal Israel aanval. Ons glo hy sal." (Die opinie is gelug twee dae vóór Irak se bomaanval op Tel Aviv.)

"En dan sal die Arabiere in die imperialistiese gelede (geallieerde magte) moet besluit om hulle aan die kant van Israel wil veg, of in die naam van die Palestynse saak," sê Hamid.

Twee dae later sê Libië se Muammar Gadaffi dat hy sy posisie in die koalisie sal heroorweeg as daar 'n aanval op Bagdad is. En Sirië se Hafez Assad is steeds dubbelzinnig oor die koalisie, veral met betrekking tot die moontlike persepsie dat hy aan dieselfde kant as Israel is. Iran het vroeëer van die week gesê dat hulle dit sal oorweeg om aan die kant van Irak te veg.

Die Jode, verduidelik Hamid, is soos 'n ryk eiendomsontwikkelaar wat gesteun word deur selfs ryker finansiers in New York en Washington, en besluit om 'n gedeelte van die ou woonbuurt plat te vee - omdat dit sy demokratiese reg is om dit te doen - en woonstelblokke op te rig vir yuppies en hul vriende en familie.

As die groot ou in die ou woonbuurt besluit dat die ryk eiendomsontwikkelaar se gat geskop moet word, sê die ryk ou dat hy lastig geval en

van sy demokratiese regte beroof word.

Dit is die analogie wat in my kop vasgesteek het na omslagtegeverduidelikings van hoe die Arabiere en Palestyne die Israelse staat sien.

"Die Joodse beweging (Sioniste-beweging wat deur Theodore Herzl aan die begin van die eeu begin is) het dekades lank Jode na Palestina gestuur. Toe breek die Tweede Wêreldoorlog uit en baie van hulle is vermoor.

"Ons was nie deel van die groot slagting (holocaust) nie. Hoekom moes hulle ons land kry," vra Hamid.

"Die Verenigde Volke veroordeel die moord op ons mense en die uitsettings, maar het nog nooit die Geallieerde Magte ingestuur om Joodse agressie die nek in te slaan nie. Nou dat Saddam die korrupte lakeie van Amerika uitgeskophet, en dié van die Israeli's, stuur die VVO 'n geallieerde mag.

"Ek vra jou, Berangere, is dit nie dubbele standarde nie?"

Ek onthou die operasies van die Suid-Afrikaanse Weermag oor die grens in Lesotho, Botswana en selfs Mosambiek en Zimbabwe - maar ek onthou sowat as vet nie dat die VVO 'n vredesmag ingestuur het om die Afrika-state teen Pretoria te beskerm nie.

Ek vertel vir Hamid van sootgelyke voorvalle in die Suid-Afrikaanse konteks. In 'n publikasie, "Washington Notes on Africa", is 'n verslag getiteld "Hoeveel Mosambiekers is gelyk aan een Koeweiti?" waarin die hoofartikel verduidelik:

"Sanksies teen Irak is binne 'n week na die inval in Koeweit ingestel.

"Suid-Afrika het openlike militêre aanvalle teen buurstate begin in 1975, toe die eerste groot inval in Angola plaasgevind het. Dit was egter eers in die laat 1980's dat die meeste Westerse regerings begin het om huiverige stappe te doen in die rigting van ekonomiese sanksies teen Pretoria.

"Maar as 'n olieryke Arabiese staat deur 'n magtige buurstaat aangeval word, neem dit 'n week vir die internasionale gemeenskap om die aggressor te straf, en 'n bykans totale blokkade in te stel.

"Maar as arm Afrika-state aangeval word deur 'n sootgelyke magtige buurstaat, neem dit meer as 'n dekade om nie eens naastenby omvattende sanksies huiverend en onder totale druk in te stel.

"Is Koeweitse lewens dan kosbaarder as Mosambiekse lewens? Is daar iets ekstra spesiale aan die soewereiniteit van Koeweit wat dit meer waardevol maak as die soewereiniteit van Angola?"

"Washington Notes on Africa" verduidelik in fyn besonderhede dat die Verenigde Volke beraam dat daar amper 'n miljoen oorlog-verwante sterftes in Mosambiek voorgekom het in die tydperk 1980 tot 1988. In Angola staan die syfer op 500 000. Die meeste hiervan was kinders.

"As die Westerse wêreld met dieselfde mate van bewonderenswaardige spoed opgetree het teen Suid-Afrikaanse agressie as wat dit nou optree teen Irak, sou die meeste van daardie 1,4 miljoen mense nog steeds geleef het," sê die joernalist.

Waarheen beweeg ons van hier af?

Hamid is onverskrokke in sy posisie oor die Heilige Land.

"Die Jode moet weg. Dié wat nie hier gebore is nie moet uit. Ons wil ons land terug hê. Dit is van ons af weggevem. Die Midde-Ooste sal net tot ruste kom as die Jode terug gaan na waar hulle vandaan kom," sê Hamid.

Die hele gesprek, waarvan meer as die helfte weens tekort aan ruimte nie ingesluit kon word nie, was gevoer op 'n betonverhoog, 'n Gedenksteen vir die Palestyn wat in 1982 in Sabra en Shatilla gesterf het.

"Israel het die aanval oor die Libanees grens geleë. Die Amerikaners het Tel Aviv nie toe gebombard nie, het hulle?", het Hamid tergeweys.

Nee Hamid, hulle het nie.

"Weet jy hoekom?"

"Vertel my," het ek gesê.

"Omdat die Joodse drukgroep die Amerikaanse regering beheer," sê hy.

Ek het hom nie heeltemal geglo nie, maar besef dat wat hy eintlik sê, is dat Amerika hulle vriende kies vir wat hulle uit die vryheidskap kan kry.

En ja, die PLO ondersteunende Hamas-lid het gesê die vraagstuk in dié geval is olie. As Hoesein kan uithou, mag daar dalk net iets groot uit dié oorlog kom, veral vir die Palestynse diaspora.

Rugby, flik, kitskos, neonlig, TV, talks shows, oorlog - what's the difs?

WOENSDAG die 16e was 'n mistige nag in New York.

Burgemeester David Dinkins het pas 'n ingrypende reeks besnoeiings in die stad se begotting aangekondig, en bygevoeg dat die stad op 'n laagtepunt in sy geskiedenis staan. Buite was die tou vir gratis kos en die aantal huiseense mense besig om te groei. Die moltreine het gevul geraak met New York se uitgeworpene wat al om en om die stad ry, en net af en toe opduik om 'n ietsie te gaan bedel.

Maar die stad se aandag was elders. Menses het binne gebly, met koppe geknik in die rigting van die radio's en TV-stelle. By die plek waar ek op besoek was, het die telefoon gelui. 'n Vrou het dit opgetel en gegif terwyl sy na die TV storm: "Dit het begin! Ons is besig om Irak te bombardeer!"

Die biljoen dollar-saanval op Irak het begin.

Twee uur later het pres George Bush die Amerikaanse volk in die gesig gestaar. Meer mense as ooit tevore het gekyk hoe Bush deur sy geskikduglike toespraak gesigtrek en strompel. Die vorige dag het die pers berig dat die president "vrees had met homself". Toe reeds hetek geweet die aanval gaan sommer gou kom.

Buite het die strate, ondanks die reën, vol mense begin raak. 'n Prosesie, meestal van studente van die Universiteit van Columbia, het hul weg in Broadway gebeaan, met krette van "We want peace now!" en "Troops out of the Gulf now!"

Voor hulle het 'n klein groepje mans uitge-

THANDEKA GQUBULE was in New York toe die oorlog in die Golf uitbreek. Sy vertel wat alles dié dag in die Amerikaanse stad gebeur het

hardloop terwyl hulle Amerikaanse vliegtuie rondswaai. "We support the war! We support the war!" het hulle geskree. Die anti-oorlogsgroep het by omstanders gepleit om hulle aan te sluit. Ek het een gevra waarheen hulle marsjeer. "Uh, ek weet nie - ek dink na Times Square."

'n Vinnige berekening het my vertel dat Times Square vyftig blokke ver was en ek het maar liever by'n kroeg ingeklip. Daar is 'n jazz-orkesteur twee lede van die gehoor aangespoor. Die een wou die volkslied gespel hê en die ander die volgende liedjie: "Oorlog, waarvoor dien oorlog, absolutus niks."

Die dag het min Amerikaners geslaap. Radio's en TV-stelle het aangeskakel gebly, en die misdaadsyfer het dramaties gedaal. Net vyf moorde is die volgendeoggend in New York geraporteer.

Donderdag en Vrydag het ek ure lank na nuusflits elke tien minute oor die radio geluister, afgewissel deur 'n talk show tussenin. Alles verloop volgens plan, het die Pentagon gesê.

Op die talk show het die omroeper oproep van die publiek beantwoord. Die een na die ander het sy of haar steun uitgespreek vir die

president en "ons manne en vroue op diens wat sulke goeie werk in die Golf doen".

Ronnie, van New Jersey, het gesê: "Die optrede van die anti-oorlogsgroepers is vir my 'n verleentheid. Ons moet almal 'n goeie voorbeeld stel." Nadat John van Connecticut 'n diepe onkunde oor die oorlog tentoongestel het, het hy afgesê: "Ons gaan 'n paar gatte daar skop!"

Maar die mees verontrustende was die huisler wat gevra het, met die oorlog skaars 48 uur oud: "Wanneer gaan ons 'n paar kernbomme goo?" Nadat die omroeper verduidelik het dat 'n kernbom burgerlike soos doodmaak en dat Israel te nabig aan Irak is, het hy gevra: "Wel, kan ons nie 'n kleintjie goo nie?"

Die Donderdagavond het anti-oorlogsgroepers by Times Square byeengekom. Dit was 'n bizarre versameling mense, elkeen om sy eie rede daar. Bejaarde hippies het nostalgies gelyk en jong militaries... wel, militair. Die oë van die vredes-aktiviste het gegloei van ywer, so ook die van die studente.

Die hoofhoofskap was: "Geen bloed vir olie nie," maar een man het 'n plakkat gedra met die woorde: "Unite now for a eco-solar town future". Nog een het gevra: "Wat sou gebeur hetas Koeweit so vermaakte uitvoer broccoli was?" (Met verwysing na Bush se verklaring dat hy nie van broccoli hou nie.)

Die omroepers was daar 'n veel groter vertoon van mag. Nee, nie die polisie nie, al was daar honderde van hulle. Times Square is 'n neon-nagmerrie met reuseagtige TV-skermse, rolpant-titels en die name van kitskoplekkie op die omringende geboue ingebrand.

Die hoofhoofskap was: "Geen bloed vir olie nie," maar een man het 'n plakkat gedra met die woorde: "Unite now for a eco-solar town future". Nog een het gevra: "Wat sou gebeur hetas Koeweit so vermaakte uitvoer broccoli was?" (Met verwysing na Bush se verklaring dat hy nie van broccoli hou nie.)

Die omroepers was daar 'n veel groter vertoon van mag. Nee, nie die polisie nie, al was daar honderde van hulle. Times Square is 'n neon-nagmerrie met reuseagtige TV-skermse, rolpant-titels en die name van kitskoplekkie op die omringende geboue ingebrand.

Die hoofhoofskap was: "Geen bloed vir olie nie," maar een man het 'n plakkat gedra met die woorde: "Unite now for a eco-solar town future". Nog een het gevra: "Wat sou gebeur hetas Koeweit so vermaakte uitvoer broccoli was?" (Met verwysing na Bush se verklaring dat hy nie van broccoli hou nie.)

Die hoofhoofskap was: "Geen bloed vir olie nie," maar een man het 'n plakkat gedra met die woorde: "Unite now for a eco-solar town future". Nog een het gevra: "Wat sou gebeur hetas Koeweit so vermaakte uitvoer broccoli was?" (Met verwysing na Bush se verklaring dat hy nie van broccoli hou nie.)

Die hoofhoofskap was: "Geen bloed vir olie nie," maar een man het 'n plakkat gedra met die woorde: "Unite now for a eco-solar town future". Nog een het gevra: "Wat sou gebeur hetas Koeweit so vermaakte uitvoer broccoli was?" (Met verwysing na Bush se verklaring dat hy nie van broccoli hou nie.)

Die hoofhoofskap was: "Geen bloed vir olie nie," maar een man het 'n plakkat gedra met die woorde: "Unite now for a eco-solar town future". Nog een het gevra: "Wat sou gebeur hetas Koeweit so vermaakte uitvoer broccoli was?" (Met verwysing na Bush se verklaring dat hy nie van broccoli hou nie.)

Die hoofhoofskap was: "Geen bloed vir olie nie," maar een man het 'n plakkat gedra met die woorde: "Unite now for a eco-solar town future". Nog een het gevra: "Wat sou gebeur hetas Koeweit so vermaakte uitvoer broccoli was?" (Met verwysing na Bush se verklaring dat hy nie van broccoli hou nie.)

Niemand het belang gestel in Fautrier se "Nu gris bleuté" wat te koop aangebied is by die Cornette de Saint Cyr-verkoping nie. Verlede jaar het dié kunstenaar se werk verstommende aanbiedinge gekry. 'n Poliakoff-doek wat tussen R520 000 en R624 000 gewaardeer word, het geen aanbiedinge gekry nie. Vroeër vanjaar sou

versamelaars hul voortande gee om een van Poliakoff se kleurryke, legkaartagtige skilderye te besit.

"Binne twee jaar het die waarde van 'n Poliakoff van R286 000 tot tussen R1,3-miljoen of R2 080 000 gestyg" sê Brest. "Die mark het tyd nodig om hierdie toename te verteer."

Brest kon ook nie die wit en swart gestreepte doeke van Daniel Buren, die skepper van die kontroversiële kolomme in die binnehof van die Palais Royal verkoop kry nie. Die skilderye word tussen R 78 000 en R 104 000 gewaardeer.

By 'n vroeër verkoping het die afslaer, Guy Loudmer 'n Buren-doeck ontdek omdat hy kon aanvoel dat dit nie verkoop sal word nie. Die teenwoordiges by die veiling het die besluit met handegeklap begroet.

'n Skildery van die jong Franse skilder Combass, wat stip deur spekulante van die kunsmark dopgehuis is, kon slegs ongeveer R65 000 haal. Die doek is tussen R104 000 en R130 000 werd. Loudmer sê dat prys tussen 50 en 100 persent gedaal het sedert 1987. "Voorrade was nog altyd volop," sê hy. "Ons sien nou egter 'n afplatting in die mark."

Afslaars volg nou 'n strategie deur "meer

selektief" te wees met verkope in die hoop dat dinge weer na normaal sal terugkeer. Kunstenaars en hul galeryborge beskuldig handelaars daarvan dat hulle die mark oorstrom met skilderye waarvan baie van swak gehalte is.

Hierdie verskynsel het spekulasië aangemoedig wat reeds deur die instelling van gul belastingkonsessies vir kunsaankope aangehits is.

Die toetreding van banke, versekeringsmaatskappye en groot besighede het ook die spekulasië aangewakker.

Die koop en verkoop van kunswerke het 'n geleenthed geskep vir vinnige en maklike profyt, sodat een skildery verskeie keer in dieselfde jaar verkoop kan word.

Dit is 'n maklike proses: jy koop 'n skildery van 'n galerij en laat dit opveil by 'n publieke veiling in London, Parys of New York. Soos een handelaar sê, "Baie van die sogenaamd "nuwe" skilderye is al twee, selfs drie keer opgeveil nadat dit ongeveer ses maande lank in 'n galerij gehang het.

Die huidige daling in die kunsmark noop spekulante om hul oortollige doeke teen enige prys te verkoop. Baie keer sal 'n skildery glad nie verkoop nie, al is dit

goedkoop. Geharde handelaars is desperaat. Die gelukkiges wat hulle nie oor geld hoeft te bekommernie, wag maar geduldig totdat die mark weer gunstig goed is."

Amptenare by Parys se Salle Drouot-verkoping probeer om nie hul kommer oor hul kliënte se traagheid om hul aankope te betaal, te wys nie.

'n Woordvoerder sê dat op enige moment kan 'n afslaer vir tot 30 persent van sy betalings wag.

Organiseerders van laasjaar se International Contemporary Art Fair (FIAC) in Parys sê hulle wil by versamelaars eerder as spekulante 'n aanklank vind. Die Fair het veral aan gehalte-kunswerke aandag gegee, selfs al beteken dit dat gevestigde name bo onbekende talent verkieks.

Volgens die FIAC-organiseerders was dit suksesvol, skilderye ter waarde van ongeveer R156 miljoen is verkoop.

Die syfer is egter steeds laer as dié van 1989 toe FIAC ongeveer R163 miljoen met verkope gemaak het.

Talle van die skilderye was voor die Fair geopen het, reeds verkoopt. Hierdie skilderye kon later op ander staanders gesien word, waar hulle met ander prystikette pryk.

- EMMANUEL FESSY, AFP

Suiwer snert en die tone krul

LOVE'S LABOUR LOST
Deur William Shakespeare
Met Gavin van den Berg, David Clatworthy, Ralph Lawson, Pauline O'Kelly, Fiona Coyne e.a.
Regie: Leslie French
Maynardville

PLAYBOYS
Deur Deon Opperman en Garth Holmes
Met Errol Hart o.a. ses Chippendales namaaksels
Regie: Deon Opperman
Theatre on the Bay

ARNOLD BLUMER

'N KONING (Gavin van den Berg) en drie van sy vriende (David Clatworthy, Nic Ashby, David Butler) sweer hulle wil niets meer met vroumense te doen hê nie en hulle hul voortaan net aan hul studies gaan wy. Dan daag die prinses van Frankryk (Pauline O'Kelly) en drie van haar hofdames (Fiona Coyne, Anthea Thompson, Gretha Brazelle) op en die mans vergeet van hul eed. Toe hulle zweer hulle is lief vir die vrouens, raak laasgenoemdes agterdogtig: as mense (mans) so vinnig 'n eed kan breek, hoe betroubaar is die volgende eed? Dus word die mans se hartstogte op die lange baan geskuif; as hulle na 'n jaar nog by hulle tweede eed hou, mag daar wel sprake wees van hefter verbintenis.

'n Mens kan nou wel dieper betekenis agter hierdie storieën van een van Shakespeare se vroeëste stukke vermoed soos die stryd tussen verstand (studies) en gevoel (liefde) wat hier onbeslis eindig; selfs 'n feministiese lesing van hierdie stuk sou interessante resultate kon oplewer. En die feit dat Shakespeare die toeskouers binne die spel op die verhoog met hulle medeakteurs laat argumenteer, is 'n vervreemdungstruk wat gerus deur hedendaagse regisseurs uitgebuit kan word. Maar Leslie French se opvoering is deeglik tradisioneel en soms amper vervelig. Want ons ken mos die tema, en sy behandeling in Maynardville bied nie juis nuwe insigte nie.

Daar is egter opflikkeringe wat die spel betref soos die vier mans wat as Moskowiete verkleed met lappoppe dans om die vrouens te flous en te vermaak; en veral David

Clatworthy se fyn gebalanceerde vertoning tussen 'n skeptiese sinikus en 'n vurige liefhebber is iets om te waardeer. Maar soos by 'n vorige Shakespeare-opvoering vra ek hoekom party mans se stewels ritssluiters het terwyl die hele inkleding 'n sfeer van historiese getrouwheid probeer voorgoei?

Amper 400 jaar later skryf Deon Opperman ook oor mans wat vrouens wil betover. 'n Nagklubbestuurder (Errol Hart) het dringend 'n opvoering nodig en het blybaar érens van die Chippendales gehoor. Om sy gestoeltes vol te maak reken hy op swetende vroumense wat daarvan hou om vyf (en later ses) welbedeelde mans se olierge lywe te takel.

Daar is ook 'n verhoog op die verhoog waar aanvanklik onbeholpe gerepeteer word vir die uiteindelike "Playboys"-opvoering. Twee vrouens probeer die mans hulle passies

leer en verder wemel dit van MCP-grappies soos "life is a bitch when you get rejected by one."

Wat veronderstel was om 'n draakstekery met die Chippendales se Liggaamsbouafwysery te wees, val plat op sy maag, omdat die oueur sy fassinasie met die moonlike loketinkomste van dié soort opvoering nie vereenselwig het met sy intellekturele distansiëring van die onderwerp nie.

Maar die mans kan dans, party selfs op akrobatische manier en die dialoog bestaan plek-plek net uit kwinksiale wat soos tennissballe oor die verhoog geslaan word. Dis egter al wat verlang word, want die gehoorkom tog om "gocie, suiwer snert" te sien soos een karakter dit stel.

En die speelvak gaan suksesvol wees te ordeel aan hoe die tone van die vrou langs my gekruel het van die lekkerte.



Ulrich Tukur

Die weë van die liefde

FELIX
Met Ulrich Tukur
Regisseurs: Helma Sanders-Brahms, Helke Sander, Margaretha von Trotta en Christelle Buschmann

LAETITIA POPLÉ

DAT pyn onlosmaaklik deel is van 'n liefdesverhouding het die gepynige lovers Tristan en Isolde deeglik besef. Felix nie, daarom word hy deur die pyn van 'n gebroke verhouding rigtingloos voortgedryf.

Felix is 'n verwonde chauvinis wat deur sy geliefde Traude verlaat word. Hy beland in vier situasies wat die vier segmente van die film uitmaak.

Elk word deur 'n ander vrou geregisseer en bied op aanvullende wyse 'n blik op verhoudings en seksualiteit.

"The last straw" deur Helma Sanders-Brahms is 'n telefoongesprek wat Felix tussen diep teue whiskey deur met 'n vriendin het. Die gesprek en sy woonstel is net so holderstebolder soos Felix se gemoed - veral as hy op oorblyfsels van Traude se teenwoordigheid afkom.

In Helke Sander se "Do I have to be Careful?" ontmoet Felix twee vroue op 'n strand. Hulle is into Chinese sex - sonder kontak. Dis 'n komiese, maar ernstige blik op seks sonder emosionele kontak wat later maar so vervelig soos 'n sondagtermiddag kan word. Soos een van die vrouens sê "It's always the same."

"Eva" (deur Margaretha von Trotta), ook in haar liefde verlaat, ontmoet Felix deur middel van 'n roomys. Saam probeer hulle hul emosies en verhoudings uitpluis terwyl Eva aanhouwend in haar roomys ween. Dis die eerste ware insig by Felix in hul verhouding, waar hy voorheen net die skuld op Traude wil pak.

"Are you Lonesome Tonight?" van Christel Buschmann toon dat die kil naglewe van Hamburg maar 'n skrale troos bied. Veral as die sexy vrou eintlik 'n boyfriend het wat graag wil kyk. (Die Elvis in die nagklub sal die regte Elvis op sy whiskers laat kyk.)

Ulrich Tukur is 'n snaakse oortuigende Felix, 'n man wat besef dat die pad van die liefde ongekaart is.

Hy wou nie erken dat deel van die skuld van die mislukte verhouding moontlik by hom kon lê nie. Nou dink hy anders.

Evita is vir ons dierbaar

AN AUDIENCE WITH EVITA BEZUIDENHOUT
Met Pieter-Dirk Uys en Lizz Meiring
In die Warehouse, Mark-Teater

ANDREA VINASSA

DAAR is diegene wat glo Evita Bezuidenhout moet begrawe word. Ek moet bieb dat ek na "A Kiss on Your Koeksister" en dies meer, lus was om die teraardebestelling self te reël.

Dit sou 'n groot fout gewees het, want vandag se Evita is vir ons dierbaar. Sy het die groen saak ontdek, al kan sy 'n moffie nie voor haar oë verduur nie (dis 'n Engelse verskynsel) en wat die ontleiding van politieke verwikkelinge (plaaslik en in die Midde-Ooste) betref, is sy in die kol.

Van my kollegas sou nie met my saamstem nie, maar daar het 'n menslikheid ingetree. Waar daar in die verlede grotesk die draak gesteek is met die reges, is die steke meer subtel. Die swak smaak van sommige koeksister-grappe is vervang deur verfynde awerse humor.

Hoe kan 'n mens hierdie transformasie verduidelik? Moenie dink ons het nie vir Pik in Evita se pelsjas kaalvoet op die sitkamemat sien rondslip nie. 'n Bietjie liefde kan 'n groot verskil maak!

Ons is ook die didaktiek, die soetsappigheid en die kunsmatigheid van Uys se ernstige toneelstukke van die afgeloep tyd gespaar.

Die eerste helfte van die aand is maar net 'n voorgereg. Die bekoorlike Lizz Meiring oftwel Evita se sekretaresse, Bokkie Bam, verskyn as haar pa Dominee Bam en haar kleinboet, Boetie. Terwyl daar om Blanche-Noir se swembad oor die Nuwe Suid-Afrika beraadslag word, tower Meiring en Uys talle nuwe karakters en ou bekendes op, maar dit is eers in die tweede helfte dat die gehoor vir Evita onder vier oë kry.

En spontaniëteit gee die deurslag. Wie het in die verlede Evita se speeches geskryf? Laat sy dit tog self doen.



Lawyer turned bestseller scribe Scott Turow, has written the sequel to 'Presumed Innocent'. It tells of the subsequent misfortunes of urbane defense attorney Sandy Stern, an Argentinian of Jewish parentage so brilliantly portrayed by Raul Julia (above) in the film. Let's hope there's a sequel in the pipeline



Wojciech Pszoniak in 'Korczak'

Emotions dark and dangerous

Chambre a part

THOU shalt not covet thy neighbour's wife ... goes the commandment.

This is precisely what Martin, a Frenchman in London, does when he meets a beautiful waif on New Year's Eve. And by the end of the film he has run the gamut of emotions and probably wishes he had been more heedful of the words. Not that the film "Separate Rooms" is in any way designed to preach against adultery.

"Separate Rooms" is the first to recognise that emotions will not be governed by laws, man made or other.

The unconventional relationship which Martin (Michel Blanc) and his wife Gert (Frances Barber) enter into with a couple of con artists is not strictly speaking adultery. Director Jackie Cukier preserves a humorous distance from her characters as the rather gormless Martin falls madly in love with the vacuous Marie (Lio) and the ultra-neurotic Gert seeks refuge in the arms of Francis (Jacques

Dutronc), decadence and amorality being part of his charm. He is at the same time utterly seductive and repulsive.

Cukier has the couples go swimming together one night, leaping into the water signifies their leaping into the unknown. Passion, sexual obsession and emotional danger revitalise Martin and Gert's life until the plot goes awry.

Cukier, who also directed "Le Grand Chemin", cannot explain the complexity, irrationality and cruelty of human behaviour, but she a past master at portraying its tragic-comic consequences on screen. Acute anguish is observed with ironic compassion, is there such a thing. Desperation is always tempered with a recognition of the absurdity of it all.

French directors have a way with relationships, do not miss "Separate Rooms".

Darkman

PART 18th century Gothic romance, part comic strip,

Once in a while a film comes along which blows you off your feet. This time it is Andrzej Wajda's 'Korczak', a haunting tribute to a Polish writer and doctor who accompanied the children of the orphanage he ran to the gas chambers of Treblinka

Our lives are just like legends - difficult but beautiful - Korczak

BEAUTIFUL, but difficult, words which aptly describe Wajda's powerful and harshly realistic portrait of Janusz Korczak, who is to children's rights what Martin Luther King is to black rights.

The Holocaust is a subject which should be, and often is not, approached with extreme circumspection. Holocaust Inc. has become one big propaganda machine for the state of Israel lubricated by the tears of its audience. Nevertheless, a not insignificant number of extraordinary and inspiring films have had their genesis in the ghetto's and gas chambers created by Nazi Germany, "Au Revoir Les Enfants" ("Goodbye Children") and "Les Années Sandwiches" ("The Sandwich Years") to name two recent ones. "Korczak" is one of them.

Central to the film's success is Wojtek Pszoniak's luminous portrayal of Korczak. He conveys

an all-enveloping warmth and immense generosity of spirit, but also a fearsome decisiveness and defiance. I cannot improve on the insights provided by Pszoniak himself: "I gently got into Korczak's world. After a few months, I saw not one Korczak, but two: one in the adult world, a demanding, difficult man, and the other, completely different, the Korczak of children, understanding and loving children with a love I would call metaphysical. Not maternal love. Not paternal love. A love of its own kind."


Wajda and screenwriter Agnieszka Holland avoided the Ghandi trap. Saintliness on screen is always remote and never credible.

Although, at the end, Korczak leads the children to the cattle train, he is anything but passive. He could have chosen to flee Warsaw using a false passport, but abandoning his children in their hour of need was inconceivable. This is the opposite of passive acceptance.

Korczak is to be beatified (the first step towards canonisation) this year by the Catholic Church, but it is his all too human nature - his temper, his passion, his wisdom - which is emphasised above his 'saintliness'. There is even a suggestion that Korczak's actions were foolish and selfish, for in creating the ideal society within the orphanage where children enjoyed maximum personal freedom, he did not prepare them for the unjust world outside.

Quite apart from its revelation of the particular atrocities perpetrated in Poland, "Korczak" is an eloquent treatise on life and death. It's a radical film brilliantly argued in black-and-white imagery. To die an innocent with dignity is preferable to living in terror and degradation, is the film's harsh, to some probably unacceptable and immoral, message.

- ANDREA VINASSA



Michel Blanc ... coveting his neighbour's wife

Regopstaan-kos deel 2: Amandels en wiele

LAASWEEK se cocktail-happies het 'n besprekking uitgelok wat wyd oor die verre vlaktes van partytjiekos gestrek het.

Almal insluitende die Ingelsman wat beweer Ingelse cocktailkos is 'n ervaring wat in autobiografieë opgeteken staan, stem saam daar is 'n klompie eenvoudige nommers wat altyd voldoen aan die vereistes vir sulke kos: Dit moet vullend, vars en taamlik sterk gegeur wees, meestal romerig, met 'n bietjie crunch hier en daar. Onthou teen sesuur is mense honger.

En asseblief moenie dinge soos seekos verberg in roomsousies nie. Daar is baie hartseer siele wat dodelik allergies is vir seekos in die kleinste hoeveelheid. Versteek 'n garnaaltjie in 'n sousie en jy loop die gevaa om 'n gas te verloor.

Hier volg dus nog 'n paar voorstelle vir regopstaankos wat jy met een hand kan hanteer, sonder 'n bordjie, met 'n glas wyn in die ander hand.

1. Gebraide sout-amandels. Pel amandels deur hulle vir 'n paar minute in kookwater te dompel. Skud hierdie amandels in 'n papierkardoes met growwe sout en rooipeper en braai in 'n pannetjie met olyfolie of botter tot bruin. Maak maar baie.

2. Vriendin Nanette se pelle neul aanhoudend vir die wonderlike resep vir kaaswiele. Ontvries 'n rol blaardeeg en lê plat neer. Plaas repies nie-te-vetterige rou bacon dig teen mekaar oor die hele oppervlak. Strooi gerasperde sterk kaas bo-oor.

Rol die deeg versigtig op en sny die rol in dunnerige wiele. Plaas op 'n bakplaat en bak teen 200 grade Celsius vir letterlik 3-5 minute. Staan voor die oondvenster en kyk. As die blaardeeg bruin is, haal dadelik uit en bedien die wiele warm. Hou weg van kinders en belowe hulle kry dit vir hul partytjie.

3. Nog 'n heerlike soetsuur Nanette-happie: Rol repies vetlose spek om glanskersies, steek vas met 'n stokkie. Bak op 'n bakplaat teen 200 grade Celsius tot



die spek gaar is, net 'n paar minute. Bedien warm.

4. Yakitori: Ryg klein stukkies hoender op 'n sosatie-stokkie, doop in sojasous en braai as jy 'n vuur aan die gang het, anders in die oond onder die rooster.

5. Sny seldery in handbreede-stokkies, verwijder die drade en vul die voortjie met bloukaas gemeng met maaskaas. Versier met pietersielie en rooipeper.

6. Koop kalamata-olywe, of die bitter soort, en strooi rooipeper, fyngekapte tiemieblare en growwe sout bo-oor met 'n druppeltjie olyfolie. Laat lê 'n paar uur voor jy opdiens.

7. James Beard se delectable uieringe: Gebruik dagoue kiske-brood, die een wat gevleg is en sny in dun snytjies. Gebruik dan 'n koekie cutter om ronde broodjies daaruit te sny. smeer met mayonnaise. Sny uie in fyn-fyn ringe en rangskik een uiering op 'n broodjie. Maak toe met nog 'n broodjie. Rol die broodjies se rande in mayonaise en daarna in fyngekapte pietersielie-dit maak so 'n mooi groen randjie. Die broodjies hou oornag en is wonderlik smaakklik.

8. Jy kry nogal baie ham vir min geld as jy vra hulle moet die snytjies baie dun vir jou sny. Vra vir die delikatesse se eie ham: Giovanni in Groenpunt het hul house-brand en dit is wonderlike gypsey-ham. Ons rol die snytjies op en plaas hulle tussen blokkies spanspek met stokkies. Delicious.

9. Hier is 'n cheap trick: Koop die goedkoopste pâté wat jy kan kry, supermarket hou sulke blokke aan waaruit hulle opskep. Neem 'n bakkievol huis toe en daar toor jy hom reg met 'n skootjie jenever of wodka, swartpeper of selfs groen peperkorrels uit

'n blikkie. Meng goed en stop einaklein tamaties van Woollies met die vulsel. Dis nogal PT om te maak, maar baie lekker.

10. As jy besluit gevulde eiers is net die ding vir regopstaankos, maak tog 'n VARS en geurige vulsel. Gebruik groot eiers, kleintjies breek te maklik. Haal die gele uit die hardgekookte eiers wat middeldeur gesny is (moet ek dit sê?) en meng met 'n dollop of twee goeie Hellman's mayo, baie rooipeper, sout en selfs 'n bietjie gesmelte botter om die vulsel te laat blink. Dit moet

glad nie meer loperig wees nie.

As jy 'n forcing bag het vir versiersuiker, gebruik dit om die eiervulsel in die eiers te kry. Dis 'n lekker joppie vir 'n handige kind en nogal sports ook. Pak die eierhelftes vooraf op 'n plat bak gevoer met slaai-blare sodat hulle nie rondgely nie. Nou spuit jy die vulsel sorgvuldig in elke eier en strooi nog 'n bietjie rooipeper oor vir versiering.

Onthou tog papierservette, baie, en iewers om die papierservet en stokkie en olyfpiet neer te sit.



Taboo, or not Taboo?

ZIGGIES, die teater-restaurant in Norwood, bied binnekort 'n musikale ontvlugting getiteld "Taboo or not Taboo?" aan.

In "Taboo or not Taboo?" word die kas met die geraamtes wyd oopgegooi - onderwerpe waaroer daar net agterbakhande gefluister word soos drugs, seks, prostitutie en homoseksualiteit word vreesloos aangespreek.

Liedjes en danse uit bekende

Broadway-vertonings soos Les Misérables, March of the Falsettos, Hair ens. word aangebied.

Asook meer kontemporêre werk van Jim Steinman, Billy Joel en Madonna kan gehoor word. Die kunstenaars is (van links tot regs bo) Lisa Melman, Keith Smith en Jocelyn Broderick. Die musikale verwerking is deur Bryan Schimmel. Open 3 Februarie tot 10 Maart. Dinsdae tot Sondae om 21:00.

dié week by die MARK-TEATER

MARK-TEATER

SHADOWLANDS

Regie deur JANICE HONEYMAN - Met Brian Murray, Helen Bourne, Michael McCabe, Ron Smerczak, Kenneth Baker, Norman Coombes

Ma tot Vr 8nm; Sa 6nm en 9nm;
Wo 3nm - Begin 30 Jan

upstairs by die MARK-TEATER

Ma - Vr 8:15nm. Sa 6:15nm &
9:15nm

ANDREW BUCKLAND in
sy 'Between the Teeth'
Regie: Janet Buckland

KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So 9nm
Loading Zone

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlootmark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm

DIE LAAGER

Net vir volwassenes
**BLITZBREEKER AND
THE CHICKEN FROM
HELL**

*Regie deur BOBBY
HEANEY*

Met Jonathan Pienaar, Jurgen Hellberg, Koekoek en Matthew

Ma tot Vr 8:15nm; Sa 6:15nm &
9:15nm

MARK-GALERYE
**Fotografie deur JOHN
BRETT COHEN**
- open 20 Jan

Warehouse by die Mark-Teater

**PIETER-DIRK UYS en LIZZ
MEIRING In**

*An Audience with
Evita Bezuidenhout - The
Ultimate Indaba with Bokkie Bam*

Di tot Sa 8nm; aandete 7nm

Hoeveel sterre vir Cold Duck?

BJ LANKWARDEN skryf oor wyn

ENIGE wynliefhebber wat by 'n drankwinkel of supermark instap, kan oorweldig voel deur die groot keuse etikette en prys. Te dikwels kies 'n mens 'n wyn oor die mooi etiket of die lae prys. Dikwels is hierdie nuwe wyne 'n teleurstelling en is jy geneig om terug te val op die gereelde handelswyn.

Maar netso kan daar party wonderlike wyne daar lê sonder dat die potensiële koper van sout of water weet.

Vir daardie liefhebbers is John Platter se 1991 Suid-Afrikaanse Wyngids net die ding. Hierdie klein sakgids beleef sy elfde bestaansjaar en word om die waarheid te sê elke jaar beter. Hoewel dit 'n klein sakgids is, is die inhoud bykans onuitputbaar: 312 bladsye volgeprop met bruikbare inligting oor so te sê enige wyn wat jy op die plaaslike mark kan kry.

Platter gebruik 'n puntetoekenning van tot 5 sterre. Wyne met 4 en 5 sterre word in rooi gedruk, vir makliker uitkennings. Nodeloos om te sê 'n mens hoef nie 'n gids blindelings te volg nie. Beste miskien om jou gunsteling-wyn self te bepunt en dan te

vergelyk. Na 'n paar probeerslae behoort jy te begin agterkom hoe Platter se sterstelsel vergelyk. Die beste nog is miskien om net die kommentaar te lees, want smaak verskil en party mense mag miskien dink Cold Duck verdien 5 sterre en nie net een en 'n half soos in die gids nie.

Elke wynmakery het 'n inleiding deur Platter - van die stories met die meeste inligting beskikbaar. Elke jaar interessante leesstof. Bykans alle geheime en nuwe ontwikkelings word in hierdie wynlanddagboek verklap. Hier kan jy lees die Ashton Koöp vervaardig vanjaar 'n chardonnay, of dat die versnit in Chateau Libertas stadig verander om meer Merlot en Cabernet Franc te bevat.

Die jongste uitgawes het kleurfoto's in van van die wynmakers. Altyd lekker om 'n gesig by 'n naam te kan sit.

Die boek verkoop teen sowat R23,00 en die prys is niiks vergeleke die waarde en inligting wat jy kry nie. Ek sal selfs so ver gaan om te sê enigiemand wat wyn drink behoort een te hê.

Behalwe vir die aantekenings oor die wyne, is daar ook heelwat ander inligting in die gids, soos: hoe om wyn te proe, hoe om wyn te berg, te verouder, te bedien, teen watter temperatuur om dit te bedien, waar restaurants in die wynland is, waar herberge en ander oornagplekke langs die wynroete is, wynterre en die jongste wynskou-uitslæ. Dié gids het bykans ontwikkel in 'n jaarlike ensiklopedie van Suid-Afrikaanse wyn.

Die boek is 'n familie-projek, John skryf en sy vrou Erica redigeer. Die proe-notas is 'n spanoging deur John, Angela Lloyd en Helen Frith. Laasgenoemde twee bly in die Kaap en die Platters in Natal.

Onmisbaar. Gaan koop dadelik een.

Word kykers nou blasé oor die oorlog?

ELMARI RAUTENBACH
skryf oor die week se TV

DIS verskriklik, maar dit kom voor of 'n mens selfs blasé kan raak oor oorlog.

Ná 'n week waarin intensieve, volgehoue nuusdekking oor die Golf-oorlog deur Ted Turner se CNN op Suid-Afrikaanse TV gesien kon word, is dit of die aard van die medium homself as 'tware begin ondermyn.

Enersyds is kykers bederf deur die onmiddellikhed van die beeldmateriaal. Vir die eerste keer in die geskiedenis kon mense wêreldwyd sit en luister na die openingsontploffings van 'n oorlog deur middel van 'n mikrofoon wat by 'n venster van 'n hotelkamer uitgehou is; kon jy sit en luister hoe die verslaggewer per telefoon sy indrukke weergee. Dinsdag is selfs met behulp van 'n militêre kamera wat klaarblyklik op 'n vliegtuig gemonteer was, gewys hoe 'n bom op sy teiken afpeil en ontlof.

Maar ná 'n week begin kykers kla dat wat hulle sien nie genoeg is nie, dat daar te min aksie is en te veel "pratende koppe".

Wat kykers egter nie besef nie, is hulle stel eise aan TV waaraan die medium nie kan voldoen nie. Ook, oorlog het sy eie, ingeboude beperkings. Almal weet tog om 'n werklike sinvolle program te maak, het jy minstens 'n hele paar kameras nodig en daarna intensieve redigering. En dis onmoontlik in 'n geval soos dié. Interessant is dat die vervaardigers van die sogenaamde "news reels" tydens die Tweede Wêreldoorlog dit al besef het en lustig aan hul produkte geredigeer het. Hulle het dit net nie genoem nie en die films is as "regstreekse uitsendings" vertoon.

Die TV-kameras kan ook nie orals wees nie. Dit bly immers steeds 'n oorlog en een van die eerste oorwegings vir die beplanning daarvan bly die dig hou van belangrike strategiese inligting, en veiligheid.

'n Pentagon-woordvoerder het dit in soveel woorde aan 'n groep nuusmanne gesê toe hy hulle 'n opsomming van die verloop van die oorlog van die afgelope week belowe het, maar bygevoeg het uiteraard kan die Pentagon nie die bronre vansy inligting bekend maak nie en ook nie die maniere waarop hy dié inligting ingesamel het nie.

Ons kan dus steeds net soveel sien as wat ons toegelaat word om te sien - ongeag die feit dat CNN aanvanklik drie verslaggewers in Bagdad gehad het en die Viëtnam-verslaggewer Peter Arnett glo nog steeds daar uithou.

Nog 'n "beperking" - as 'n mens dit so kan noem - is die feit dat Suid-Afrika soos so baie ander lande in die wêreld uitsluitlik staan maak op die CNN-kanaal vir nuusdekking van die oorlog. Dit laat 'n mens soms wonder hoeveel daarvan is subtiese propaganda vir die Geallieerde se saak, hoe goed is die inligting nagegaan voordat dit uitgesaai word en hoeveel is moontlik die verslaggewer se eie interpretasie.

Maar nou is daar geen alternatiewe beskikbaar nie en 'n mens moet toegee



'n Dokumentêr oor die rolprentmeester Sergei Eisenstein word Sondag om 3:45nm in 'Collage' vertoon. Die titel is 'The Secret Life of Sergei Eisenstein'

CNN se dekking dwing die bewondering af weens die omvang daarvan en die onmiddellikhed waarmee die nuus ons ondanks die veiligheidsensuur daarvan bereik. En as dit dalk propaganda bevat, is dit beslis nie die kru, blatante propaganda van die Irakse TV nie, wat dié week kykers wêreldwyd gesokk het met sy uitsending van die verklarings van die groep Amerikaanse krygsgevangenes. Die ironie hier was dat die uitsending nie die Irakse saak bevorder het nie - wat klaarblyklik die doel was, maar die land eerder die toorn van die wêreld op die hals gehaal het.

Eie aan die aard van TV is egter nie net sy onmiddellikhed nie, maar ongelukkig ook sy oppervlakkigheid. Waar TV daarin slaag om die oorlog tot binne-in sy kykers se voorkamers te bring, is dit juis dié vermoë van die kleinkassie wat uiteindelik sy kykers vervreem. Dit is of die oorvloed van inligting die kyker vuisvoos laat en hom later laat smag na ontvlugting... wat net 'n knoppie se druk ver is. Amper asof die oorlog net nog 'n oorlogsprent is waarvoor jyná 'n lang dag nie meer kans sien nie...

Nietemin moet die SAUK geluk gewens word vir sy volgehoue skakeling met CNN, met die manier waarop die oorlog prioriteit geniet en die wyse besluit om verlede Donderdagoggend eenvoudig alle reëls oorboord te gooi met "GMSA" en net op die oorloguitsending te konsentreer.

Aids en 'The Golden Girls'

AANVÄNKLICK was Aids 'n onderwerp wat net met die grootste omsigtigheid deur die media hanteer is. Geleidelik het die gesprek daaroor "oper" geraak - ook op TV - en het ons begin dokumentêre en selfs opvoekundige programme sien met Aids as die onderwerp.

Dinsdag was dit nog 'n stap verder. Indiekomedieprogram "The Golden Girls"

- 'n program wat boonop daarvoor bekend is dat niks heilig is nie, moes Rose (Betty White) vir die Aids-virus getoets word nadat sy 'n paar jaar vantevore 'n bloedoortapping ontvang het. Interessant was hoe al die tradisionele vrees in verband met Aids afsondelik aangespreek en besweer is, soos dat die siekte nie oorgedra word deur dieselfde toilet of eetgerei as 'n Aids-lyer te gebruik nie, of dat dit nie 'n "bad people's disease" is nie.

Uiteindelik het die program getoon begrip is aan albei kante nodig: die lyer moet besef die mense om hom se vrees is diep gewortel en waarskynlik die gevolg van onkunde, en hulle moet besef iemand wat die siekte het, het juis 'n behoefté aan nabijheid en kommunikasie. En al dié "lesse" is steeds oorgedra met humor!

Lees liewers boek

IS dit verbeelding, of is die vakansietyd verby en daarmee saam al wat 'n lekker flik is op TV1, TV4 en sommer M-Net ook. Die SAUK in besonder se flikelyste vir die komende maand lyk droewig. Nie dat 'n mens nie soms ook 'n swak flik kan geniet nie!

Die Amerikaanse flikresensent Pauline Kael het die volgende uitspraak oor "Same Time next Year", wat mōreand 11:25nm. op TV1 vertoon word. Hierin speel Alan Alda en Ellen Burstyn die rolle van 'n ouerspelige paartjie wat jaar ná jaar, van 1951 tot 1977, op dieselfde vakansieplekkie 'n paar sondige dae deurbring:

"If someone you make the mistake of caring about insists on your going to this movie, take a small flashlight and a book..."

Volgens haar is die mees irriterende omstreng die flik, wat gevonden is op Bernard Slade se Broadway-treffer, die feit dat "adultery can be regulated and celebrated, just like marriage" en dat dit in "Same

HOOGTEPUNTE:

Vandag:

* Dis weliswaar 'n onmoontlike tyd en 'n onmoontlike dag, maar as dit moontlik is, kyk soms na "Edutaining the English Way" op TV2/3 om 4:15nm. Soms duik juwele op, soos die bespreking vanmiddag van Robert Frost se praggedig "The Death of a hired Man".

* "Eye of the Needle" om 7nm. op M-Net - vir diegene wat dit dalk nog nie gesien het nie, 'n heerlike spanningsprent met Donald Sutherland as 'n Duitse spioen in Engeland.

Môre:

* "Images of Galapagos" om 2nm. op M-Net kyk na die fauna en flora van dié vreemd unieke vulkaan-eiland. Die eilandlewe dien glo as 'n bevestiging van Darwin se ewolusie-leer.

* "Equal Justice" om 8:35nm. op TV1, "LA Law" se klein boetie oor 'n firma jong staatsaanklaers.

Sondag:

* "China Beach" om 6nm., met die nuwe jaar se "Carte Blanche"-reeks net daarna om 7nm.

* 'n Dokumentêr oor die rolprentmeester Sergei Eisenstein word in "Collage" om 3:45nm. vertoon met die titel "The Secret Life of Sergei Eisenstein". Die prent is gegronde op persoonlike vertellings, Eisenstein se autobiografie en rolprente.

Maandag:

* Die slot-episode van "Major Dad" om 7nm. op TV1, met 'n nuwe reeks wat reeds die volgende Maandag begin.

* "Agenda" om 10nm. op TV1. (Dalk met 'n strewiger onderwerp?)

Dinsdag:

* "Marlowe" om 9:04nm. op TV4 het James Garner (van die baie suksesvolle "Maverick" van destyds) in sy beste rol: dié van 'n siniese private speurder.

* "Rescue 911" om 8:35nm. oor ware heldedade in Amerika, en "The Best of British" om 10nm. - albei op TV1.

* "Kaleidoscope" om 7nm. op M-Net, met Warren Beatty en Susannah York.

Woensdag:

* "Youthquake" om 5:35nm. op M-Net, 'n nuwe reeks joernaalprogramme vir jongmense, met die Amerikaner Jennifer Spears as die aanbieder.

* "Beyond Therapy" om 9nm. op M-Net skeer die gek met sielkundiges en neuroses. Met Glenda Jackson en Tom Conti.

Donderdag:

* "Dadah is Death", Woensdag en vanaand om 9:04nm., die ontstellende stryd van 'n jong dwelmsmokkelaar se ma om haar seun se doodstraf in Maleisië te versag.

Time" moontlik gemaak is omdat die skywer en regisseur Robert Mulligan die verhouding van "letterlik elke greintjie passie en seksuele spanning ontnem het".

Heelwat beter is die veel ouer "Night of the Hunter", wat Sondagaand om 9:04nm. op TV4 geword. Toevallig is dit die regisseur Charles Laughton se eerste en enigste regie-poging - 'n jammerte, want hy vaar uitstekend.

Die hoofspelers is Robert Mitchum as 'n deurtrakte skurk wat versteekte geld soek nadat hy sy vrou vermoor het. Met Lillian Gish, James Gleason, Evelyn Varden en Peter Graves.

M-Net bied ook een flik wat die moeite wert: "Suspect", ook Sondagaand maar om 8:30nm., met Cher as 'n advokaat wat voor 'n morele dilemma te staan kom wanneer een van die juriede (Dennis Quaid) wederrechtelik vir haar belangrike inligting aanbied. Kyk uit vir Liam Neeson, wat 'n baie goede vertolking lewer as die boemelaar waarom die saak draai. Hy was later weer te sien as Diane Keaton se minnaar in "The Good Mother" en is deesdae Darkman op die algemene kringloop.

TV1 bied Sondagaand om 9nm. 'n uitvoering deur die Durbanse bariton Michael Halliwell van Radyard Kipling se "Just So Stories", wat vir musiek getoonset is.

En dan is "Antenna/e" weer met ons, maar net die Maandagaandse en Dinsdagse weergawes, wat nou op 'n Maandag- en Donderdagse onderskeidelik om 6nm. en 6:05nm. vertoon word. Die uitvoerende regisseurs is Corrie Nortjé en Tertia van Niekerk (voorheen van "Sundowner" en "Potpourri") en die aanbieders die nuweling Patricia Glyn en Martin Bailie (nu met vakansie) en Elsabé en Eon, soos voorheen. Die ander twee "Antenne/e"-uitvoerende regisseurs moe maar hul teleurstelling sluk en is nou sogenaamd in beheer van "spesiale projekte"

1 Februarie

Kan 2 Februarie 1990 deur 1 Februarie geëwenaar word?

Ná die belangrike toespraak wat Staatspresident FW de Klerk op 2 Februarie verlede jaar by die opening van die Parlement gelewer het, kan 'n mens kwalik verwag dat volgende Vrydag se openings-toespraak ewe sensasioneel gaan wees.

Maar eintlik wag 'n veel groter taak op die Staatspresident as in Februarie verlede jaar.

Verlede jaar het hy, waagmoedig soos dit was, bloot die bal aan die rol gesit. Hy het gedoen wat eintlik nie langer kon wag nie; stappe wat reeds al in die PW Botha-era oorweeg is, is gedoen.

Heelwat waters, diep en troebel boonop, het intussen in die see geloop. Wat 'n jaar gelede moontlik was, het nou ondenkbaar geword, en andersom.

Die belangrikste verwikkeling van 1990 was onses insiens die goede verstandhouding en werksverhouding wat tussen die leierskorps van die ANC en die NP opgebou is.

Vanjaar gaan selfs groter visie van die Staatspresident vereis. Die nuwe politieke klimaat en gees van glasnost en onderhandeling moet nou gestalte gegee word.

Ons verneem dat die Staatspresident die afskaffing van die wette oor grond en groepsgebiede in sy toespraak gaan bespreek. Dit is goede nuus. Ons hoop albei wette word gou en onvoorwaardelik afgeskaf. Ons hoop ook daar gaan melding gemaak word van die spoedige afskaffing van die Wet op Bevolkingsregistrasie.

Die ironie is dat dié soort demokratiseringstappe steeds in 'n ondemokratiese apartheidparlement afgekondig word.

Ons glo die Staatspresident behoort 'n klinkende aanduiding te gee dat die mag van die Driekamer-parlement dié jaar nog uitgefaseer gaan word.

Ons hoop hy verwelkom die voorstel van 'n veelpartykonferensie en gee 'n aanduiding dat dit binne enkele maande byeengeroep sal word. Dit kan 'n beslissende bousteen van ons demokratiseringsproses word.

Maar daar is veral twee sake wat van kritieke belang is wat nie kan wag vir 'n uiteindelike onderhandelde skikking nie: onderwys en die SAUK.

Swart onderwys moet sekerlik die grootste onmidellike krisis wees wat die land in die gesig staar. Twee derdes van die matrikulante wat nie hul eindeksamen deurgekom het nie; oorbevolkte skole en klaskamers; hopeloos onvoldoende geriewe; onderwysers wat eintlik self op die skoolbanke hoort; wye en diepgaande ontevredenheid oor 'n minderwaardige stelsel wat steeds deur wit burokrate oorheers word.

Die regering kan die krisis nie alleen oplos nie. Dit is hier waar Suid-Afrika die eerste stap na 'n soort oorgangsregering behoort te gee: Laat die ANC en ander onderhandelingsgenote meedoen aan 'n meesterplan om die krisis vanjaar nog te begin oplos.

Ondanks die SAUK se powere pogings onlangs om hul "objektiwiteit" te bewys, bly die radio- en TV-dienste van die korporasie steeds die diensknieg van die NP.


Vir miljoene Suid-Afrikaners is dit die belangrikste bron van nuus - vir miljoene ongeletterdes is dit die enigste bron van buite-inligting.

Nie net speel die radio- en TV-dienste nie die vereiste rol met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling nie; dit is boonop die eksklusieve werktuig van net een van die partye wat aan die nuwe bedeling deelneem.

Ons glo daar moet nou al 'n begin gemaak word om die ganse SAUK uit die hande van die wit minderheidsregering te verwijder.

Ons hoop die Staatspresident gaan toesien dat 'n komitee van verteenwoordigende partye vanjaar nog die beheer van die SAUK oorneem.

Kortom: Ons hoop van harte die Staatspresident gaan volgende Vrydag aan sy kritici en sy landgenote bewys dat die bewering dat hy 'n staatsman met visie is, inderdaad substansie het.



BRIEWE

Vrye Weekblad plaas graag brieve wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Brieve korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om brieve te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Brieve, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.

Rubriek werp lig op onverstaanbare gedierte

Laurie Ackermann Jr. van Stellenbosch skryf:

Geluk met julle nuwe rubriek, "Regsspratties". Die publiek het lankal soets nodig.

Miskien as gevolg van Vrye Weekblad se intieme en langdurige verhouding met die Suid-Afrikaanse regstelsel het julle as 'n koerant 'n sensitiwiteit vir die tekorkomminge van ons regssproses ontwikkel en het julle gemeen dat julle 'n bydrae tot verbetering kan lewer.

Die rubriek is interessant, pertinent en eenvoudig. Die regstelsel is vir vele van ons mense 'n vreemde, onverbiddelike en onverstaanbare gedierte wat arrogant met oogklappe rondpronk. Dit hoef nie so te wees nie. Die gewone mens se aanvoeling vir regverdigheid is suwer, eenvoudig en diepsinnig, somtys merkwaardig.

Die moet nie vertrap of gemors word nie. Bewys van die publiek se gevoel vir, en belang in reg en geregtigheid, is die aantal TV-programme en rolprente wat oor dié onderwerp handel. Daarom sal dié rubriek 'n sukses wees.

Toegang tot geregtigheid is belangrik. Die regstelsel is die burger se vriend, nie vyand nie.

Met die kragtige rubriek gebruik die koerant sy reg om die publiek terselfdertyd in te lig en op te voed oor 'n belangrike onderwerp.

Geen skaamte

Molly Lubowski van Tamboerskloof skryf 'n ope brief aan minister Plk Botha:

As dit nie so tragies was nie, meneer Botha, kon 'n mens gelag het oor u verklaring op televisie dat Suid-Afrika Amerika teen Saddam Hoesein steun. Want soos u sê: "Suid-Afrika kan nie toelaat dat Koeweit met geweld beset word nie."

Ai, het u vergeet dat daar so-iets soos skaamte of 'n skuldige gewete is?

Het u Namibia vergeet?

Het u vergeet of praat u die geraamtes in Suid-Afrika se kas en die moordbendes weg?

Vat liewer Saddam Hoesein se hand en sê: "Ou broer, ons het erger dinge as jy met ons teenstanders aangevang."

"Ons stuur vir jou ons Magnus Malan

en Adriaan Vlok.

"Ons belowe, ou maat, ons sal sorg dat Vrye Weekblad nie saam gaan nie, want dié koerant is 'n regte klikbek. As ons die wurms in ons boesem toemaak, vlek Vrye Weekblad alles weer oop.

Gelukwensinge

Vrye Weekblad ontvang steeds talle gelukwensinge na die hofuitspraak van ons lesers, ondersteuners en ander belangstellendes. Hiervolg 'n lysie van dié mense en instansies wat van hulle laat hoor het.

Laurie Ackermann Jr. van Stellenbosch: Geluk met julle oorwinning teen genl Lothar Neethling. Julle verdien dit.

David Kessler van Bellville: This is a breakthrough second to none. The judiciary will never be the same again. This is a tremendous blow to the evil forces that still persist.

Pieter-Dirk Uys van Saxonwold: Ek haal my hoed af vir julle almal wat so deurgedruk het tot nou. Soos hulle sê: God slaap nie!

Chris Louw van Die Suid-Afrikaan: Marketing & Media Research van Parklands.

Video News Services van Johannesburg: Fantastic! Today Lothar Neethling, tomorrow the whole CCB.

Black Sash (Oos-Kaapland) van Port Elizabeth: Congratulations! Viva Vrye Weekblad! A victory for the free press and a triumph for your courage, stamina and determination to publish the truth.

Reuters van Kaapstad: Score one for the good guys.

Robin Brink van Cowies Hill, Natal: Work in Progress in Braamfontein.

Cecil Bass van die Bestuurskomitee van die Johannesburgse Stadsraad: Press freedom survives another onslaught.

Freek Viljoen van OTC Finance International Ltd, Midrand: Ons bewonder julle durf en waagmoed.

Leslee Durr van Nusas, Johannesburg: Ons salueer die moed en deursettingsvermoë wat julle geopenbaar het in jul hantering van en konsekente dekking oor moordbendes in Suid-Afrika. Ons bekou die hofbeslissing as 'n oorwinning vir die Suid-Afrikaanse reg en hoop dat dit die moontlikheid om agter die kap van die

moordbende-byl te kom, sal verwerklik. **Arnold Blumer van die Departement Duits aan die Universiteit van Stellenbosch:** The People's Computer Bureau van Johannesburg.

Nigel Bruce, redakteur van Financial Mail, van Johannesburg: It restores our faith in the courts and exonerates your enterprise. **Ronald S Maclean, ambassadeur van Kanada, van Kaapstad:** I am confident this will provide a major boost to press freedom and the emergence of the new South Africa we all want.

Zelda Dalling van Johannesburg: Frank Winter van "iewers in die Kaap". **Willie en Annemarie Esterhuise van Stellenbosch:**

Stephan Bouwer van Johannesburg:

Rusty van Druten van Newville:

Geluk en kritiek

JL de Villiers van Kaapstad skryf: Baie geluk met die uitspraak in die lastereis teen Vrye Weekblad deur genl Lothar Neethling wat so verbasend en onomwonde in die koerant se guns beslis is.

Al was 'n mens geneig om te glo dat die bewering wat julle gepubliseer het waar-skynlik en/of grotendeels waar was, bly die bewys daarvan 'n lastige kwessie en geniet die eiser in dié soort aangeleenthed gewoonlik 'n aansienlike voordeel.

Verder is die uitspraak natuurlik geweldig belangrik in die implikasies ten opsigte van die Harms-kommissie se verslag en bewerings oor moordbendes en ander ongerymdhede.

'n Mens hoop dat die vraagstuk nou opnuut, en dié keer volledig en openlik, ondersoek sal word. Dit bly egter steeds'n vraag of FW de Klerk of die wil of die begeerte het om die kwessie werklik volledig op te klaar.

Uiteindelik ook 'n woord van kritiek: die styl en wyse waarop bepaalde stories en rubriek in Vrye Weekblad aangebied word, is dikwels histories en adolescent en hoort eerder op die agterblad van 'n sondagskoerant of joollblad. Sodoende doen julle eerder afbreek aan belangrike nuuswaardighede.

Ek hoop Vrye Weekblad sal voortaan meer volwasse optree. Voorspoed vorende.

DAAR is seker nog geen land in die wêreld waar soveel mense al vir so lank agter 'n enkele regsbeginsel skuil nie: "sub judice".

Selfs die veelgemeinde Doepa het vandeensweek dié gogga uit sy gifkoker te voorskyn gebring toe Suid-Afrika na sy gatslag wou weet wie sy én ons regskoste gaan betaal. Dit nadat hy tydens die saak al wat verslaggewer is belowe het dat hy sal praat sodra die saak verby is.

Die polisie het ook vandeensweek gemeen dat die hele saak "sub judice" is en hulle niks mag sê nie, behalwe dat die saak spoedig aandag sal geniet.

Nou wonder Bittergal: In 1988 het 'n blondekop-Afrikaner glo bomme in Johannesburg geplant. Enkele ure ná 'n bom voor die landdroshof in Krugersdorp ontplof, reageer Vlok: Hein Grosskopf word gesoek weens moord en terrorisme.

Hy't die bom geplant, verseker die minister ons almal. Daar volg geen R1,5 miljoen-hofsaak en 'n uitspraak nie.

Daar was geen verhoor nie. Net daar en dan verhoor, veroordeel en gehang. Toe was niks "sub judice" nie.

* Vir die polisie en hul apteker-generaal net die volgende: die saak kan g'n stuk "sub judice" wees nie. Dié beginsel is net van toepassing waar uitspraak nog nie gelewer is nie.

Doepa weet nog nie eens of hy appèl sat mag aanteken nie.

Hou op om só agter julle skaamte te skuil.



Korrupsie-moeras

Beeld het vandeensweek weer sy ware kleure gewys. In 'n hoofartikel oor regter Kriegler se uitspraak oor die openbare verpligting wat op koerante berus om staatskorupsie oop te vlek, skryf dié mondstuik: "...cen van die kenmerke van meerderheidsregering in Afrika is die buitengewone korruksie deur staatsampotenare."

"Ons kan ons skaars 'n beter wending vir die bestryding van korruksie in die toekoms voorstel as die nuwe betekenis wat regter Kriegler aan die rol van die pers in die verband verleen het."

Dis goed om te hoor dat die handperde uit die Nasionale Party-stal skielik voorvegters teen korruksie gaan word, dit nadat hulle die afgelope vier dekades al die swakhede in eie geldere so gerieflik geïgnoreer

"Sub judice" en Lothar se gifkoker

het.

Waar was die Afrikaanse pers toe al die vieslike regeringskorruksie - die Inligtingskandaal, polisie-brutaliteit en nou moordbendes - oor die jare heen kop uitgesteek het?

Die ervenis wat Beeld en sy trawante die regering so gediensdig help skep het, laat menige Afrikaanse soos 'n kleuterparty lyk. Veertien departemente van onderwys, 'n bankrot en verdeelde land, geweld, misdaad...

* Ons probleem is nie om in die toekoms te keer dat staatsampotenare in buitengewone korruksie verval nie, maar om te kyk hoe ons uit die huidige korrupsie-moeras kan kom.

Rooi Joe en Orgie

Brolloks was nog nooit juis 'n voorveger vir Rooi Joe en sy kabaal nie, maar het hom bitterlik jammer gekry in sy debat vandeensweek met Org Marais. En dit het niks te doen met die slimmigheid van die adjunk-minister nie. Inteendeel...

Joe het die ordentlikheid gehad om Marais netjies en beleef op sy van aan te spreek, terwyl Org elke sin begin en afgesluit het met: "You

know Joe..., Oh, Joe..., No Joe..." en dan sê hy nog dat die regering nie alles gelyk kan maak nie "want dan maak ons onself met armoede gelyk".

* Soos Marais aan Slovo gevra het, wil Brolloks graag vir die minister vra: "Where are you taking us, Orgie?"

Die Groot Boere-Trekker

Brolloks kan nie wag vir volgende week nie: Almal wat trekkers of vragmotors het, kan dan gaan deelneem aan 'n "protes-opry" na die middestad van Pretoria. Ja, nie 'n opmars op optog nie, maar 'n opry.

Wat protesaksies betref, staan Suid-Afrika voor in die Guinness Book of Records.

Die Kapenaars het al uit protest teen die BSB poppe aan hul nekke aan brûe gehang en honde-testikels is al in die Carlton-Sentrum rondgegooi, maar trekkers en vragmotors?

Wel, die boere is glo kwaad en gaan nou parkades in die hoofstad se middestad beset word uit protest teen die krisis in die landbou.

Die Boere-Krisaksie reël glo die gedoenie.

* Brolloks, altoos 'n seun van die grond met dik gewrigte en 'n vinnige humeur, déps 'n lift saam met daardie boere wat nog gris Vaaljapies ry - die's wat uitgekom het voor die rooi Massey Ferguson's.

Die Boere en die Xhosas

Brolloks het al 'n slag hieroor geskryf, maar die groot teleurstelling van die jaar moet ongetwyfeld die SAUK se "Agenda" wees. Waaroor al die hype in die begin nou eintlik gegaan het, weet niemand mooi nie.

Die tsjérie op die koek was 'n program wat vandeensweek uitgesaai is oor die stryd tussen Afrikaners en Xhosas. Brolloks het na dié hele affère gesit en kyk en weet nou nog nie mooi waaroor dit eintlik gegaan het nie.

Die ou Visrivieroerloë is in herinnering geroep en daarna het skrywer Rian Malan, totaal onhoorbaar en ook in die duister oor wat aangaan, Carel Boshoff en 'n professor in Afrika-tale, die "stryd tussen Xhosa en Afrikaner" probeer besleg.

Maandagaand was Agenda ewe pateties toe hulle iets oor die Kriegler-uitspraak wou doen en 'n regssprofessor van Potchefstroom nader geklap het wat gedurig moes verskoning maak omdat hy nie self die uitspraak bestudeer het nie, maar darem in die koerante daarvan gelees het.

* M-Net, wanneer begin julle nuusprogramme?

Help jou forensiese laboratorium, vergiftig jouself

Genadige generaal,
Van een weeskind aan 'n ander
(Moeder is immers op haar laaste bene): Veels geluk met jou waardige en delikate optreden op TV na jou Come-uppance in die hooggereghof. Dignity in disgrace.

Miskien kan jy 'n bietjie aan die bolip werk - hy kan verder omkrul wanneer jy mense toesnou.

Told any spectacular lies lately?

Toemaar, moenie bodder nie, ons ken die antwoord. Egbertus kan selfs lieg met die bestes, had hy dan nie in Moeder die ideale rolmodel nie? Sy was hoeka BSB. By Egbertus sal jy nie 'n greintjie integriteit vind nie, julie ken mos vir hom.

Maar jy, hoge siel, in jou treffende beskeidenheid, slaan jou integriteit met 'n hele een en 'n half miljoen Rand aan. Dis darem 'n helse prys om te plaas op 'n kommoditeit wat nie 'n vingerhoed sal vul nie.

Egbertus hoor jy's 'n man van die Akademie en van die Kerk. By welke een is oneerlikheid onder eed 'n aanbeveling?

Jy's ook 'n wetenskaplike van aansien: kan die wêreld reken op eerlike navorsing en bevinings van 'n man wat binne die bestek van 'n paar maande twee regters onder eed belieg het?

Kan enige wetenskaplike op akademiese integriteit aanspraak maak wanneer hy sy vaardigheid

gebruik om moord te bekonkel?
Kan enige hof voortaan mense veroordeel op grond van jou getuenis wanneer myneed klaarblyklik jou stock-in-trade is?

En wat van jou onderdane, grote gees, diegene vir wie jy as voorbeeld dien in jou laboratorium: Sou jy hulle aanspreek as hulle dalk getuenis sou vervals?

Dúrf jy?
Oswald berig dat die howe en kommissies al gewoond is aan leuenagtige polisiegetuenis. Selfs 'n generaal of twee.

Maar 'n generaal wat aan die hoof staan van 'n laboratorium wat daagliks ontledings doen wat mense selfs galg toe kan stuur, moet bo verdenking staan. Waar sou jy sê staan jy, generaal?

Tot my spyt moet ek erken dat Salomo dit tog so fraai gestel het - gaan kyk gerus na sy weë en word wys.

Die Here verafsku glo sewe dinge: "oë wat straal van hoogmoed, 'n tong wat lieg, hande wat met bloed bevlek is, gedagtes wat met komplotte besig is, 'n getuie wat lieg..." tot sover.

Ons kan tog nie almal verwag om aan al sewe te voldoen nie.

Jou posisie is onhoudbaar. 'n Man met integriteit sou sekerlik bedank. En jy?

Die Gilde vir baksters sê jy moet lekker kluitjies bak.

Klaagvoort

Dit is half moeilik om te verwag dat ons die konstabels moet vertrou wanneer die majoores en die generaals so skande maak. En wanneer laas het ons 'n minister gehad van wie jy 'n tweedehandse Casspir sou koop?

Slaan jouself

Vrinde, die poliete gaan nou glo adverteer in 'n wanhopige poging om sy image te verbeter. Soos: Support your police force. Beat yourself up. Of: Fabricate your own evidence. Of: Help jou forensiese laboratorium - vergiftig jouself. Of: Join the SAP - a third force to be reckoned with.

Jy kan net sowel die Koeksister-gilde adverteer. Hoe kan glanspier en neonligte 'n soobrand verdoese? Dit is half moeilik om te verwag dat ons die konstabels moet vertrou wanneer die majoores en die generaals so skande maak. En wanneer laas het ons 'n minister gehad van wie jy 'n tweedehandse Casspir sou koop?



Seg miesies Klaagvoort al dra 'n aap 'n goue ring, en dies meer.

Absurd

'n Letsie oor die oorlog, liefdes. Egbertus is al jare lank oorlogskorrespondent - kan dit anders met die formidabele miesies K aan jou sy?

Iederegeval. Die Klaagvoorts vind die bohaai oor die krygsgevangenes uiters sappig.

Kyk, Vrinde, die hele gedagte agter 'n oorlog is dat honderd-duisende ourmas en oupas en boeties en sussies en pas gebore babatjies met bomme verbrysel word. Dit is binne die reëls vrinde.

Maar om 'n soldaat teen sy sin voor 'n TV-kamera te laat staan, is 'n

oorlogsmisdaad. Skiet hom gerus dood, solank jy hom nie te na kom nie, want dit is teen die reëls. Hoe verdomp absurd.

Is daar nie dalk 'n Geneefse reëltjie of twee wat 'n vredelievende wese teen Moeder sal beskerm nie?

Relatiewe oorlog

Van oorlog gepraat: Binne die eerste paar dae van die gemors het die Allies sewe-duisend vlugte na Irak gemaak. In die proses het hulle 'n handjevol instellasies en melkpoeier-fabrieke raakgeskiet. Minder as honderd.

Op wie se koppe het die ander 6 900 vlugte se bomme gevall? Oswald meen dit was op sy kop, maar die stomme siel het bloot aan die dut geraak onder die perskeboom met die spreeunes.

Oorlog is natuurlik ook relatief: Tuiniers word nie deur die Geneefse konfensie beskerm nie.

Nuus uit Koffiefontein is dat Moeder se antie Koekoes in 'n bak trifalpoeding verstik het. In die donker het sy gedink dit is 'n gasmasker. Tragies.

Sal sy ook aangeteken word as 'n slagoffer van 'n Scud-missiel?

Diarree

In 'n dieretuyn in Manila is daar 'n paar Gibbons, wat dit ook al mag wees, wat na Saddam en Bush vernom is. Hulle is glo bedreigde spesies.

Nou ly die twee gedierte aan diarree. Verbaas my min. Sou jy nie ook nie.

Rolprente

Hier verskyn verkorte resensies van die beste vermaak. Waar geen voorletters verskyn nie, het ons nog nie kans gekry om die betrokke stuk te resenseer nie.

DANIE PIETERSE - DP
JAN KONTERDANS - JK
ANDREA VINASSA - AV
PETER GOLDSMID - PG
RANDY LE ROUX - RR

KORCZAK - Hollegrugger soos die "Holocaust"-tema is, is Andrej Wajda se swart-en-wit huldeblyk aan 'n Poolse kinderdokter wat 'n

weeshuis vol kinders na die Nazi's se doodskampe vergesel het, 'n uitsonderlike prent. Wajda se verlaatste prestasie is die bêe herscheld waarmee hy dle hoogs vlambare onderwerp hanteer. - AV

THE MUSIC TEACHER - Dle asembenemende Franse periodestuk is Romanties in die ware sin van die woord. Die skeppingsgees en die dood, albei versier met kant. 'n Middeljarige (getroude) musikonderywer besef die nut-

tekoosheid van sy liefde vir sy talentvolle jong sangstudent. Hy nool 'n straatsonger en deeltydse misdadiger na sy huis waar hy sy natuurlike sangtalent ontwikkel. Sy op die oog af wrede metodes is ten einde lonend wanneer die twee studente hulle by 'n sangwedstryd in vyandige geselskap bevind. - AV

MONSIEUR HIRE - Moet nie hierdie klein juweel van 'n prent mistoop nie. Michel Blanc speel 'n eensame Parysaar wat verlief raak op die

jong vrou wat hy dag en nag deur sy venster dophou. Gegrond op 'n Georges Simenon roman wat begin met 'n misdaad, maar voortgaan om veel meer sê oor liefde en verraad as die gebruiklike riller. Dit is 'n off-beat liefdesverhaal vol subtiele erotiese oomblikke. - AV

CHAMBRE A PART - Michel Blanc, die akteur wie se mesmeriserende teenwoordigheid in "Monsieur Hire" die deurslag gegee het, speel 'n Fransman wat sy eenzaamheid

probeer oplos deur verlief te raak op 'n beeldskone "con-artist". Martin skryf sy alleenheld daarvan toe dat hy 'n Fransman in Londen is en wanneer 'n vreemde Franse egaar hulle opdring, leer Martin dat emosies al te wispeltuur kan wees. Seksuele obsessie, verraad en vervreemding word met deernis uitgebeeld. - AV

ROGER & ME - New Journalism op sy beste. Michael Moore se wrange dokumentêr oor die onverskillighed van groot sake-ondernehmens teenoor sy werkers. Die prent sou aanvanklik uit 'n onderhoud met General Motors se grootbaas Roger Smith bestaan het, maar hoe meer Smith vir Moore ontduik het, hoe snakser was die materiaal wat Moore versamel het. - AV

immigrante in Parys nie. Firmin Richard lewer 'n kragtoer. - AV

PRESUMED INNOCENT - 'n Subtiele, verwikkeld filosofiese ontleeding van korupsie wat bale dieper kyk as die voor die hand liggende elemente van 'n moordsaak. Alan J Pakula het die volmaakte voermiddel gevind om die mensdom se neiging na korupsie uit te beeld. Vol subtiele ironieë. Harrison Ford, Gretha Scacchi, Brian Dennehy en Raul Julia lewer uitmuntende spel. - PG

PELLE THE CONQUEROR - Die tema is 'n Sweedse seun as moederlose kinderbaarder op 'n Deense plaas aan die einde van die vorige eeu. Nie 'n swak prent nie, maar die regisseur trap in die slaggat op die pad van enige kuns werk wat poog om sosiale onreg aan te spreke: die hoofkarakter bly tot nabig aan die einde aan die passiewe ontvangkant van bale traumas. - DP

Onafhanklike rolprentteaters

JOHANNESBURG

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. (011) 642-8915: Vandag en mōre: THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING, 28-29 Januarie: HEAVY METAL, 30-31 Januarie: HAIR. Vertonings is om 3.00, 6.00, 9.00.

SEVEN ARTS - Grantaan, Norwood. (011) 483-1680: THE MUSIC TEACHER daagliks 2.00, 6.00, 8.00, 10.00.

KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68. (021) 245927: 'n Keur van films o.a. Pelle the Conqueror, Decline of the American Empire. Bel gerus hulle is vriendelike mense.

Teater

JOHANNESBURG: Alexandertea, Stiemerstraat 36, Braamfontein. (011) 720-7009: SLEEPING BEAUTY eindig mōre. DEAR MRS STEYN met Wilna Snyman begin 31 Jan. Markteater, Breestraat, Newtown. (011) 832-1641: Warehouse: AN AUDIENCE WITH EVITA BEZUIDENHOUT. Upstairs: Andrew Buckland se THE UGLY NOO NOO begin Maandag.

Laager: Ian Fraser se BLITZBREEKER AND THE CHICKEN FROM HELL. Ziggles teater-restaurant, Ascot-Hotel, Grant Ave, Norwood. (011) 483-1211.

Fiona Ramsay in AS YOU SPIKE IT en Joanna Weinberg in A MIDSUMMER NIGHT'S BEAN met Tony Bentel op klavier. Begin om 9nm.

PRETORIA: Staatsteater, Kerkstraat. (012) 322-1665: Simfoniekonsert vandag.

KAAPSTAD: Nico Malan, DF Malanstraat, middestad. (021) 21-5470: THE DOOWAH GIRLS met Abigail Kubeka en Michelle Bestbler.

7 BRIDES FOR SEVEN BROTHERS, 'n vrolike musiekspel open 26 Jan. Baxter, Hoofweg, Rosebank. (021) 685-7880: Studio: LET'S DO IT. 'n Herdenking van Cole Porter se musiek.

Konsertsala: GRIN AND BARE IT! eindig mōre. Voldelige week UK se somerskool. Teater: GUYS AND DOLLS. Met Michelle Maxwell.

NU METRO THEATRES

NOW SHOWING: 25-31 JANUARY BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO 1-6 HYDE PARK	NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW
Matthew Modine, Eric Stoltz (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MEMPHIS BELLE	MY BLUE HEAVEN
Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MY BLUE HEAVEN	DEATH WARRANT
Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DARKMAN	DARKMAN
Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID	WILD ORCHID
Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE KRAYS	THE KRAYS
Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15	Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
HOST	HOST
Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15	Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City)	NU METRO 1-7 HILLBROW
Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871 Parking at Jack Mincer	Now Showing 25-31 January NU METRO OSCAR Jeppie Street, Sunnyside 341-7682
MY BLUE HEAVEN	MY BLUE HEAVEN
Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEATH WARRANT	DEATH WARRANT
Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MEMPHIS BELLE	MEMPHIS BELLE
Matthew Modine, Eric Stoltz (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Matthew Modine, Eric Stoltz (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROCKY V	ROCKY V
Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10) DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
WILD ORCHID	WILD ORCHID
Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DARKMAN	DARKMAN
Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE KRAYS	THE KRAYS
Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15	Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
PROBLEM CHILD	PROBLEM CHILD
John Ritter, Michael Oliver (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	John Ritter, Michael Oliver (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEATH WARRANT	DEATH WARRANT
Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE KRAYS	THE KRAYS
Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15	Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ROCKY V	ROCKY V
Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10) DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
WILD ORCHID	WILD ORCHID
Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DARKMAN	DARKMAN
Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE KRAYS	THE KRAYS
Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15	Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
NU METRO 1-2 RANDBURG	NU METRO 1-2 RANDBURG
Now Showing 25-31 January NU METRO CLAREMONT 1-8 (Formerly Shareworld) Baragwanath Road ALL ADMISSIONS R4.00	Now Showing 25-31 January NU METRO CLAREMONT 1-6 THE ATRIUM
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MY BLUE HEAVEN	MY BLUE HEAVEN
Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEATH WARRANT	DEATH WARRANT
Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 MEN & A LITTLE LADY	3 MEN & A LITTLE LADY
Tom Selleck, Ted Danson (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Tom Selleck, Ted Danson (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEBA KLERKSOP (018) 24564	LEBA KLERKSOP (018) 24564
ANOTHER 48 HOURS	ANOTHER 48 HOURS
Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 MEN & A LITTLE LADY	3 MEN & A LITTLE LADY
Tom Selleck, Ted Danson (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Tom Selleck, Ted Danson (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
VAAL VEREENIGING (016) 21-1339	VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
MY BLUE HEAVEN	MY BLUE HEAVEN
Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEATH WARRANT	DEATH WARRANT
Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE ANNihilators	THE ANNihilators
Bob Summers, Don Perry (4-16)	Bob Summers, Don Perry (4-16)
COCAINE WARS	COCAINE WARS
John Schnieder (2-16)	John Schnieder (2-16)
DELTA FORCE 2	DELTA FORCE 2
Chuck Norris, Richard Jaeckel (2-16)	Chuck Norris, Richard Jaeckel (2-16)
MY BLUE HEAVEN	MY BLUE HEAVEN
Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	Steve Martin, Rick Moranis (

Kaapstad

SK MOVIES
NOW SHOWING FRIDAY and SATURDAY
25 and 26 JANUARY 1991

CONCESSION PRICES STUDENTS AND
SCHOLARS AT ALL PERFORMANCES

CINEMAS ADVANCE BOOKING AT COMPUTICKET
(ENQUIRIES (021) 21-4715)

**Kenilworth
Centre**

4 Cinema Complex - TEL 683-1209
DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 pm

• STEVEN SEAGAL •

MARKED FOR DEATH
DYNAMIC ACTION THRILLER (2-18)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 pm

• MATTHEW MODINE •

DEATH WARRANT
NON-STOP ACTION (2-18)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.15 pm

SPARKLING COMEDY

HOME ALONE
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (AII)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.45, 5.45, 8.00, 10.15 pm

• LIAM NEESON •

DARKMAN
STARTLING THRILLER (2-16)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 pm

• STEVEN SEAGAL •

MARKED FOR DEATH
DYNAMIC ACTION THRILLER (2-18)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 pm

• MATTHEW MODINE •

MEMPHIS BELLE
AN EXTRAORDINARY ADVENTURE (2-10)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

SPARKLING COMEDY

HOME ALONE
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (AII)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.45, 5.45, 8.00, 10.15 pm

FUN FILLED SPECTACLE

NEVER ENDING STORY II
Even better than Part I (AII)

DAILY: 2.45, 5.45, 8.15* and 10.15 pm

TOM SELLECK • TED DANSON

THREE MEN AND A LITTLE LADY
PERFECT FAMILY FUN FOR EVERYONE!! (AII)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm

C. THOMAS HOWELL •

SIDE OUT
FUN AND ACTION IN THE SUN (2-13)

SATURDAY ONLY: 9:45 am, 12:00 and 2.15 pm

SOMETHING MAGICAL IS ABOUT TO HAPPEN

PRANCER
SAM ELLIOTT, CLORIS LEACHMAN (AII)

DAILY: 10:00 am, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 pm

SATURDAY: 5.15, 8.00 and 10.30 pm ONLY

• DENNIS QUAID •

COME SEE THE PARADISE
AN ALAN PARKER FILM (2-16)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• LIAM NEESON •

DARKMAN
STARTLING THRILLER (2-16)

* SATURDAY at 10.00 am ONLY *

PRANCER (AII)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• STEVEN SEAGAL •

MARKED FOR DEATH
DYNAMIC ACTION THRILLER (2-18)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• MATTHEW MODINE •

MEMPHIS BELLE
AN EXTRAORDINARY ADVENTURE (2-10)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

SPARKLING COMEDY

HOME ALONE
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (AII)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• SYLVESTER STALONE •

ROCKY V
ELECTRIFYING ACTION (2-10)

NIGHTLY at 5.15, 8.00 and 10.30 pm ONLY

DENNIS QUAID •

COME SEE THE PARADISE
AN ALAN PARKER FILM (2-16)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• STEVEN SEAGAL •

MARKED FOR DEATH
DYNAMIC ACTION THRILLER (2-18)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• MATTHEW MODINE •

MEMPHIS BELLE
AN EXTRAORDINARY ADVENTURE (2-10)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

SPARKLING COMEDY

HOME ALONE
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (AII)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• SYLVESTER STALONE •

ROCKY V
ELECTRIFYING ACTION (2-10)

NIGHTLY at 5.15, 8.00 and 10.30 pm ONLY

DENNIS QUAID •

COME SEE THE PARADISE
AN ALAN PARKER FILM (2-16)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• STEVEN SEAGAL •

Monte Carlo

FORESHORE, TEL. 25-3052

FRI/SAT: 10:00 am, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 pm

MON-THURS: 10:00 am, 2.30, 5.15 and 8.00 pm

• DENNIS QUAID •

COME SEE THE PARADISE
AN ALAN PARKER FILM (2-16)

DAILY: 10:30 am, 2.30, 5.15, 8.15, 10.15 pm

SAT: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.15, 8.15, 10.15 pm

MON-THURS: 10:30 am, 2.30, 5.15, 8.15 pm

• SYLVESTER STALONE •

ROCKY V
ELECTRIFYING ACTION (2-10)

NIGHTLY at 5.15 and 10.15 pm ONLY

DENNIS QUAID •

COME SEE THE PARADISE
AN ALAN PARKER FILM (2-16)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• STEVEN SEAGAL •

Protea Claremont

MAIN ROAD, TEL. 61-7979

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 pm

- MARCELLO MASTROIANNI -

STANNO TUTTI BENE
(EVERYBODY'S FINE) with sub-titles (ALL)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.15, 5.30, 8.00, 10.15 pm

• MATTHEW MODINE •

MEMPHIS BELLE
AN EXTRAORDINARY ADVENTURE (2-10)

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.15 and 5.45 pm ONLY

- TOM SELLECK - TED DANSON

THREE MEN AND A LITTLE LADY
PERFECT FAMILY FUN FOR EVERYONE!! (AII)

DAILY: 9:45 am, 12:15 and 10.15 pm

• DENNIS QUAID •

COME SEE THE PARADISE
AN ALAN PARKER FILM (2-16)

DAILY: 9:45 am, 12:15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.15 pm

DANIEL AUTEMIL - FIRMIN RICHARDS

RUMOUL & JULIETTE
(MAMA, THERE'S A MAN IN YOUR BED)

FRENCH WITH ENGLISH SUB-TITLES (2-16)

The most controversial film you will see this year

RIVER'S EDGE

CHRISPIN GLOVER • DENNIS HOPPER (2-21)

Now Showing Friday and Saturday
25 and 26 January 1991

Concession Prices Students and
Scholars at all performances

CINEMAS Advance booking at Computicket
(enquiries (021) 21-4715)

Constantia Rosebank

Main Road, TEL. 686-6649

DAILY: 9:45 am, 12:00, 2.30, 5.30, 7.45, 10.15 pm

CHRISTOPHER WALKEN • RUPOT EVERETT

COMFORT OF STRANGERS (2-19)

DAILY: 9:45 am, 12:20, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 pm

DANIEL AUTEMIL - FIRMIN RICHARDS

THREE MEN AND A LITTLE LADY
PERFECT FAMILY FUN FOR EVERYONE!! (AII)

PLUS - CLINT EASTWOOD - WHITE HUNTER BLACK HEART (AII)

Super Spanningvole Akse Riller met Liam Neeson!

DARKMAN (2-18)
SEA OF LOVE (2-18)

Plus die Akse-Belaide Riller!

PANORAMA (MONDEOR) (2-18)
412-1843/682-3411

KINANDER (EVANDER) (2-17)

412-1843/682-3411

STER-KINEKOR

25 JANUARIE - 31 JANUARIE

VROE BESPREKINGS BY COMPUTICKET

NAVRAE (011) 331-9991 - ALMAL WELKOM



SENTRAAL

KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2

Kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê dat nooit te laat om bale hard op jou gatte lande te kom nie.

Die Bleskoppe teen Apartheid vra: wat se julle nou?

Foto's van jou en/of jou geliefde in die privaatheid van jou huis. Streng konfidensieel en diskreet. Bel Jaco (011) 766-2374 (na ure).

DIENSTE

POWA TRAINING COURSE

POWA (People opposing women abuse) is a feminist organisation which focuses on violence against women. We are involved in providing a support service and educational intervention. We'll be run-

ning a training course from March to April for women who would like to become volunteer members of the organisation. Anyone interested can phone POWA before 15 February to arrange an interview. Tel: 642-4345 (From 6 to 10 pm.)

CITY COLLEGE
7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Von Wieligh and Delvers Street) Johannesburg 2001. Tel (011) 29-4116/7

- Computer courses
- Secretarial courses
- English
- Enrolments accepted throughout the year
- Accommodation available
- Free job placement advice given

ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours

through education

DRESSMAKING & DESIGN

BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wieligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

BEDREWE VERWER

Huisse, woonstelle, kantore. Ultstekende verwysings. Vir verdere Inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydag, Saterdag en Sondag) of skakel (011) 787-7734 (Maandae)

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIK ADVIESDIENS

Vir gratis onafhank-

like advies op enige navrae oor diensplig, skakel:

Durban - (031) 301-5663
Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudl (h)

of gaan na die Metodistekerk, Pritchard-

straat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en Inligtingsdiens vir mishandelde en verkrakte vroue. Ons bly ook werkinkels en opleidingsprogramme aan vir geweld teen vroue. Vir verdere Inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES

Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

MARCH IS MENTAL HEALTH MONTH campaign, culminating in the MENTAL HEALTH MONTH CONFERENCE, on 2 & 4 March 1991

(7h30 - 16h00); at Kohonha, 115 Derby Rd, Judith's Paarl, Johannesburg.

The aim of this campaign is to create public awareness of the paramount importance of the emotional and social well-being of families, the building blocks of society, and the role families play in the development of healthy individuals and therefore a healthy nation. We would like as many families & couples to attend the workshop as possible. ENQUIRIES: Liz Norman or Louise Eatock at 725-5800 (Tel) or 725-5853 (Fax) or write to the National Council for Mental Health, PO Box 2587, JHB 2000

SPECIAL SCREENINGS OF THE CIVIL RIGHTS MOVEMENT

"EYES ON THE PRIZE"
During January and February the US Information Service will present in honour of Dr Martin Luther King, Jr's Birthday and African-American History Month, a 14-part video series entitled "Eyes On The Prize". This award-winning series examines the American Civil Rights Movement, and the impact the millions of whites and blacks struggling to effect change had around the world.

Information: 29-3451.

MARK

PHAMBILL BOOKS:
New selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944

WANTED: Second-hand, Left Wing Books, in good condition, Phambill is buying

be screened on Wednesdays at 13:00 in the USIS auditorium.

JANUARY 30: AIN'T SCARED OF YOUR JAALS (1960-1961)

College Students began to take an important role in the Civil Rights Movement in the early 1960s. Lunch counter sit-ins spread from Nashville, Tennessee, throughout the south, giving life to a new force within the movement - the student nonviolent coordinating committee (SNCC). Many of these students joined the freedom rides initiated by the Congress of Racial Equality (CORE) and soon found themselves facing the threat of death in their attempts to break down segregation in interstate bus travel below the Mason-Dixon line.

You are invited to bring your take-away lunches to the USIS auditorium on the 3rd floor of the African Life Centre, 111 Commissioner Street, Johannesburg. Information: 29-3451.

Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00

STET
STET
STET
Kon die Voortrekkers lees?
Indien wel, het die Bybel hulle intellekturele ontwikkeling gestrem?
Lees die jongste Stet.
Bestel by: Stet,
Posbus 39400,
Bramley 2081

Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566

Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

Vrye Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sample Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown. Die posadies is Posbus 177, Newtown 2113. Die telefoonnummer is (011) 836-2151-9 en die faksnummer 838 5901.

Redaksie

Redakteur: Max du Preez

Senior skrywers: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein

Nuusredakteur: Hans Plenaar

Sub-redakteur: Ryk Hattingh

Nuusredakteur: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw

Fotoredakteur: Lise Joubert

Ontwerp: Esma Anderson, Tinus Horn en Andrea Vinassa

Vrydag-redakteur: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo en Laetitia Poppe

Sportredakteur: Tinus Horn

Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh

Bestuur

Advertensies en bemerkings: Manie Eagar en Louwrens Potgieter

Redaksionele assistent: Cathy Fennessy

Boekhouding: Clara Nkutha

Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Marpan

Buitekantore

Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche. Tel (021) 47-8960 en 47-8819

Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

GEBEURE

FAMILY MENTAL HEALTH IS PRICELESS

This is the theme for the



Wat skort met OP-krieket?


Die Oostelike Provinsie se krieketspan het die seisoen op 'n drafstap begin en skitterend gespeel op pad na 'n plek in die Nissan-skild-eindstryd. Hul verpletterende nederlaag teen

Transvaal in daardie wedstryd het 'n groot insinking begin en nou loop Kepler Wessels se manne die gevaar om heel laaste op die Curriebeker-puntelus te eindig. Dit nadat hulle die beker in 1988/89 gewen en verlede jaar met die Westelike Provinsie gedeel het. Waar lê die fout?

Laaste sê



TINUS HORN



Beter dae... Die OP-krieketspan en ondersteuners ná verlede seisoen se oorwinning oor Noord-Transvaal in die Nissan-skild-eindstryd

Dis bitter moeilik om aan 'n wenresep te torring. Vra maar vir die OP se krieketkaptein, Kepler Wessels.

Sy veilige benadering het in die verlede tot groot welslae gelei en ná Kenny McEwan se uittrede het hy klaarblyklik nie besef hy moet sy aanslag verander nie.

Met McEwan op nommer vier was die OP se top-orde byna ondeurdringbaar. Met só'n magtige kolfs was die manne van die Baai die afgelopetwee seisoene selde op dielaaste dag van 'n Curriebekerwedstryd in 'n posisie waar hy kon verloor, en dit was nooit nodig om waagslukke aan te gaan nie.

Dié seisoen lyk sake heelwat anders. Benewens McEwan se uittrede, is die span ook verswak deur 'n faktor waarop niemand gereken het nie: sy twee voorste boulers, John Maguire en Rod McCurdy, het byna tegelykertyd 'n punt bereik waar hulle min vrees vir top-kolwers inhou.


Veral Maguire boul nog uitstekend. Van lyn en lengte kan jy hom niks leer nie. Maar die ou vuur is weg. Wessels kan nie meer daarop reken dat hy en McCurdy belangrike deurbake bewerkstellig nie.

Wat sake verder vir dié manne bemoeilik, is die baanblad op hul tuisveld, St Georgepark, wat nou sonder twyfel die vrotste in die land is.

Geen uitslag is daar moontlik nie en te oordeel na die OP se laaste paar wedstryde, speel hy algaande makliker soos die seisoen vorder. 'n Mens verlang amper terug na die "stofblad" waarop Tim Shaw en Larry Hobson in 1988 so onder die penne gemaai het.

Dit is duidelik dat die OP hom nie meer daarop kan roem dat hy die beste span in die land is nie. Woensdag se liederlike loesing teen die WP in 'n wedstryd wat oor 30 boulbeurte beslis is, onderstreep dié feit.

In eendagwedstryde het die OP die WP verlede seisoen keer op keer verneder, en selfs vroeër dié seisoen twee keer na mekaar op



Rod McCurdy. Dit lyk asof sy loopbaan eindende kant toe staan

Nuweland geklop.

Hoewel Woensdag se wedstryd nie 'n goeie maatstaf vir die twee spanne se vermoëns was nie, sal die OP se 140/9 as 'n laagtepunt in hul kolfwerk onthou word.

Wessels speel egter steeds soos 'n kaptein wat min te wen en alles te verloor het.

Waarom het die OP nie Maandag voluit probeer om die WP regstreeks op St Georgepark te klop nie? Goed en wel, Wessels, Mark Rushmore en Dave Callaghan is goedkoop uitgehaal, maar Philip Amm en Dave Richardson was albei op dreef en sewe lopies per boulbeurt is tog nie só'n moeilike teiken in 15 boulbeurte nie.

Maar Kepler wou nie waag en dalk toesien dat die WP 15 punte inoes nie, en nou loop sy span die gevaar om later vanjaar in 'n promosie/relegasiestryd betrokke te raak. Aan die begin

van die seisoen was so iets ondenkbaar.

Vanaand kry die OP darem 'n kans om bietjie van die ou glorie te herwin wanneer hy Transvaal op die Wanderers in Benson & Hedges se aandreeks pak.

Transvaal se welslae skep 'n skyn van krieketkrag wat daar nie werklik is nie. In die Nissan-skild-eindstryd was Rice-hulle se oorwinning eerder aan die OP se vrotkolfwerk as hul eie goede spel te danke, en 'n mens wonder wat sou gebeur het as daar soos in die halfeindronde drie wedstryde gespeel is.

Hoewel die Transvalers voorloop in die reeks om die Curriebeker, kon hulle nog net een wedstryd regstreeks wen.

Ons sal vanaand sien of die OP net 'n insinking beleef. As hulle weer sleg slae kry, kan ons aanvaar hul glorie-dae is vir goed verby.

Albei enkelspel-eindstryde van die Australiese tennisope word die naweek regstreeks op TV1 uitgesaai. Die SAUK skakel moetreoggend om 05h00 na Melbourne oor vir die vroue-eindstryd, en die mans pak mekaar Sondag om 03h00 SA tyd. Vandag en vanaand word die B&H-krieketwedstryd tussen Transvaal en die OP regstreeks uitgesaai. M-NET saal moetremiddag die FA Cup-sokkerwedstryd tussen Tottenham Hotspur en Oxford United regstreeks uit:

Die week se TV-Sport

Die week se volledige sportprogramrooster is:

SAUK:

Vrydag, 25 Januarie: TV1, 08h45: Tennis: Australiese Ope. TSS, 14h30: Gholf: Lexington-PGA; TSS16h10: krieket: B&H wedstryd tussen Transvaal en OP

TV1, 1830: Gillette World Sport Special.

Saterdag, 26 Januarie

TV1, 05h00: Tennis: Australiese Ope; Vroue-eindstryd.

TSS 13:00: Motorwedrenne. TV1, 12h00-1756: Junior Sport; Australiese tennis-ope; Seiljagvaart (BOC-uitdaag-wedvaart: Jongste nuus); Perdewedrenne vanaf Kenilworth. Gholf: Lexington PGA.

Sondag, 27 Januarie

TV1, 03h00: Tennis: Australiese Ope: Mans-eindstryd

Maandag, 28 Januarie:

TV1, 21h00: Krieket-sage: episode 11.

Dinsdag, 29 Januarie:

TSS 21h00: Gholf: Johnnie Walker toernooi.

Woensdag, 30 Januarie:

TV1 11:00 en TSS 21h00: Gholf: Protea SA Ope; TSS 17h00: Krieket: B&H wedstryd OVSV NTV!

Donderdag, 24 Januarie

TV1 11:00 en TSS 21h00: Gholf: Protea SA Ope:

M-NET:

Vrydag, 25 Januarie: 18:30 - World of National Panasonic

Saterdag, 12 Januarie: 15:00 - 19:00 - World of National Panasonic.

Regstreeks: Sokker: FA Cup-wedstryd tussen Tottenham en Oxford United.

Dinsdag, 29 Januarie: 22:00 - Nashua se Britse sokkerhoogtepunte

Kosas sê nee vir moratorium... én vir toere

IN die lig van die ongelooflike verskil tussen die gehalte van sportgeriewe in wit en swart gemeenskappe, sou dit immoreel wees om nou geld op sporttoere uit te gee, sê Willie Basson, president van die Kongres van Suid-Afrikaanse Sport (Kosas).

Hierdie uitspraak kom stellig as 'n groot skok vir administrateurs wat gedink het dié beheerliggaam is ten gunste van toere ná sy onlangse uitspraak teen die sportmoratorium.

Dr Danie Craven, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, het byvoorbeeld verlede week gesê hy wil sy Raad by Kosas affilieer, nadat die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee (Sanoc) ten gunste van die voortsetting van die sportmoratorium gestem het.

"Enige sportadministrateur wat dink hy kan ons gebruik om internasionale sportkontak te beding, sit die pot ver mis."

"Ons voel bloot dat die moratorium uitgedien is. Dit het geslaag in die sin dat dit establishment-sport geknou het, maar wat het dit vir nie-establishment-sport gedoen? Absoluut niks."

Hy meen daar is een woord wat die huidige stand van sport in Suid-Afrika raak beskryf: Chaos.

"Dis 'n gemors. Daar bestaan tientalle beheerliggame vir elke sportsoort en elkeen volg sy eie pad. Sonder 'n oorkoepelende liggaam wat namens almal praat, gaan

"Enige sportadministrateur wat dink hy kan ons gebruik om internasionale sportkontak te beding, sit die pot ver mis."

ons niks uitrig nie."

Die probleem het begin toe die regering in die jare sewentig verklaar het dat elke sportsoort voortaan die reg sou hê om oor sy eie lot te beslis. Almal het gejuig en danksy druk van oorsee het sportbase vinniger van diskriminasie ontslae begin raak as wat die Nasionale Party kon.

Volgens Basson was dit egter oppervlakkige veranderinge wat nie die lot van swart sportmanne verbeter het nie.

"Normalisering was destyds die modewoord, maar toe die meeste establishment-liggame hul deure vir

Die Kongres van Suid-Afrikaanse Sport (Kosas), wat na raming sowat 1,6 miljoen sportmanne en -vroue in die land verteenwoordig, se onlangse besluit om die sportmoratorium teë te staan, is deur mense soos dr Danie Craven gesien as 'n stem ten gunste van die hervatting van sportkontak met die buitewêreld.

Nee, sê Willie Basson, president van Kosas, hulle voel bloot dat 'n nuwe strategie gevind moet word om 'n nie-rassige, demokratiese sportbestel te vestig. TINUS HORN het met hom oor sy jongste planne gesels.

alle rasse oopgou, het die South African Council of Sport (Sacos) met die slagspreuk 'No normal sport in an abnormal society' vorendag gekom.

"Dit maak ook sin: al die beste fasilitete is steeds in die wit gebiede. Nie eers die afskaffing van die Groepsgebiedewet sal dit verander nie."

Desedae praat almal van eenheid. Dit is 'n voorvereiste vir die beëindiging van die moratorium, maar dis duidelik dat ook dit uiteindelik niks sal vermag nie.

Kosas meen daar moet nuwe fasilitete geskep word. Daarvoor is geld nodig. Baie geld. En Suid-Afrika is in die middel van 'n groot ekonomiese krisis. Basson het egter 'n oplossing gereed.

"Establishment-sport het verlede jaar borgskappe ter waarde van R400 miljoen ontvang, teenoor nie-establishment-sport se R250 000," sê hy.

Daar is dus geld, dit word net verkeerd aangewend. Die borge stel net in media-dekking belang en met die uitsondering van die groot sokkerligas, wat geheel en al deel van die establishment is, gaan al die geld aan "wit" sportliggame.

Basson se plan is om 'n sporttrustfonds te stig. Al die beheerliggame in die land moet 'n voorafbepaalde deel van hul omset uit borgskappe, hekgelde en TV-uitsaaregte in die fonds stort. Die persentasie sal noukeurig uitgewerk word en 'n mens kan by voorbaat op 'n groot sny reken.

Hy meen dat daar saam met politieke veranderinge in elk geval 'n swaai in die borge se voorkeure sal kom.

"Ons persepsies word deur die media gevorm en as 'n mens na die koerante en televisie kyk, sal jy glo rugby en krieket is veel gewilder as

wat werklik die geval is. Daarom gee die borge so graag hul geld daarop uit.

"Spelergetalle vertel 'n ongelooflike verhaal; daar is meer veerpyltjie-spelers in Suid-Afrika as

rugbyspelers! Sokker en tennis is die grotes. Rugby is in die elfde plek op die gewildheidsleer, met krieket nog heelwat laer.

"Oor 'n paar jaar gaan rugby 'n fringe-aktiwiteit wees. As spelers

getalle 'n maatstaf is, is dit eintlik reeds 'n fringe-aktiwiteit."

Hoewel borgskappe 'n groot bydrae kan maak, is daar baie meer geld nodig om al die ongelykhede uit te wis. Basson meen 'n sportlotery is die aangewese oplossing.

"Man, dis 'n uitstekende manier om geld te maak. Die regering moes dit al lankal gedoen het, maar hulle was tot dusver nog te bang vir die NG Kerk. Dit sal nou hopelik verander."

Die geld wat op dié manier ingevorder word, moet dan aangewend word om alle agterstande in swart gemeenskappe uit te wis.

"Sport is maar 'n klein deeltjie van 'n groter geheel. Ons moet ook na behuising, onderwys en ander sosiale probleme omsien. Kortsigtheid kom 'n mens duur te staan. Jy moenie net na jou eie belang kyk nie."

'n Ander saak wat aandag verg, is die land se sport-simbolestelsel. "Dis koebaai vir die Springbok. Ons moet 'n nuwe simbool vind wat vir almal aanvaarbaar is."

Basson gaan sy plan Sondag ter tafel lê wanneer die Komitee van Tien vergader om 'n strategie vir die toekoms te bespreek. Dié komitee bestaan uit twee verteenwoordigers van elk van die vyf vernaamste beheerliggame in die land: Kosas, Sacos, die National Olympic and Sports Congress (NOSC), Sanoc en die South African Non-Racial Olympic Committee (Sanroc).

As Basson se voorstel aanvaar word - wat onwaarskynlik maar nie onmoontlik is nie - sal dit die einde van die moratorium beteken. Maar toere sal moet wag.

"Sportliggame wat ons oogmerke nou ondersteun, sal alles vergeet wanneer hulle weer toegelaat word om internasionaal mee te ding. Eerste dinge eerste. Ons het baie foute om reg te stel."

